



**Wes-Kaapse  
Regering**



Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

**Jaarverslag  
2021/22**



**Wes-Kaapse  
Regering**

**VIR JOU**

Maatskaplike Ontwikkeling

# **Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling**

**Begrotingspos 7  
Jaarverslag  
2021/2022 Boekjaar**

## Vrywaring

- Die Engelse weergawe van hierdie Jaarverslag word beskou as die amptelike weergawe.  
Die Afrikaanse en isiXhosa-vertalings van hierdie publikasie is op aanvraag beskikbaar.
- Die Departement kan nie aanspreeklik gehou word vir enige wanvertolkings wat tydens die vertaalproses voorgekom het nie.
- In die geval dat daar foutief vertaal is, sal die Engelse weergawe as bronsteks voorrang geniet.
- Hierdie Jaarverslag is saamgestel deur die Hoofdirektoraat: Sakebeplanning en -strategie,  
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

## Inhoud

<b>Deel A: Algemene Inligting .....</b>	<b>5</b>
1.    Algemene Inligting van Departement .....	5
2.    Afkortings en Akronieme .....	6
3.    Voorwoord deur die Minister.....	8
4.    Verslag van die Rekenpligtige Beampete .....	10
5.    Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag.....	22
6.    Strategiese Oorsig .....	23
Visie 23	
Missie .....	23
Waardes .....	23
7.    Wetgewende en ander mandate .....	24
Grondwetlike mandate.....	24
Wetgewende mandate .....	24
Kernfunksiest van die Departement.....	29
Beleidsmandate .....	29
Tersaaklike Hofuitsprake .....	34
8.    Organisatoriese Strukture .....	35
9.    Instellings wat aan die Minister/LUR verslag doen. ....	35
<b>Deel B: Prestasie-inligting .....</b>	<b>36</b>
1.    Verslag van Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte .....	36
2.    Oorsig oor Departementele prestasie .....	36
2.1    Diensleveringsomgewing .....	36
2.2    Diensleveringsverbeteringsplan.....	39
2.3    Organisatoriese omgewing.....	39
2.4    Vernaamste beleidsontwikkelings en wetgewende veranderings.....	41
3.    Bereiking van institusionele impak en uitkomste .....	41
4.    Prestasie-inligting per Institusionele Program .....	45
4.1    Program 1: Administrasie .....	45
4.2    Program 2: Maatskaplike Welsynsdienste .....	49
4.3    Program 3: Kinders en Gesinne.....	56
4.4    Program 4: Herstellende Dienste .....	65
4.5    Program 5: Ontwikkeling en Navorsing.....	74
5.    Oordragbetalings .....	84
5.1    Dra betalings aan openbare entiteite oor. ....	84
5.2    Dra betalings oor aan alle organisasies behalwe openbare entiteite.....	84
6.    Voorwaardelike toewysings .....	84
6.1    Voorwaardelike toewysings en geoormerkte fondse betaal.....	84
6.2    Voorwaardelike toewysings en geoormerkte fondse ontvang.....	84
7.    Skenkerfondse.....	87
8.    Kapitaalbelegging .....	87
8.1    Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuurplan.....	87
<b>Deel C: Bestuur .....</b>	<b>91</b>
<b>Deel D: Menslike Hulpbronbestuur .....</b>	<b>108</b>

1.	Inleiding .....	108
2.	Status van Mensebestuur by die Departement .....	108
2.1	Departementele Werksmagbeplanningprioriteite.....	108
2.2	Werknemerprestasiebestuur .....	109
2.3	Werknemerwelstand .....	109
2.4	Mensebestuursmonitering .....	109
3.	Mensebestuurtoesigstatistieke .....	110
3.1	Personeelverwante uitgawes .....	110
3.2	Indiensneming en Vaktures .....	114
3.3	Posevaluering .....	116
3.4	Indiensnemingsveranderinge .....	118
3.5	Diensbillikheid.....	125
3.6	Ondertekening van Prestasieooreenkomste deur SBD lede.....	132
3.7	Vul van SBD Poste.....	133
3.8	Werknemerprestasie .....	135
3.9	Buitelandse werkers.....	139
3.10	Verlofbenutting vir die tydperk 1 Januarie 2021 tot 31 Desember 2021 .....	140
3.11	Gesondheidsbevorderingprogramme, insluitend MIV en VIGS .....	144
3.12	Arbeidsverhoudinge .....	148
3.13	Vaardighedsontwikkeling .....	151
3.15.	Gebruik van konsultante .....	154
<b>Deel E: Finansiële Inligting.....</b>	<b>156</b>	
Bylae A: Oordragbetalings aan alle organisasies behalwe openbare entiteite .....	157	
Bylae B: Kontakbesonderhede .....	157	

## Deel A: Algemene Inligting

### 1. Algemene Inligting van Departement

Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Fisiese adres: 14 Koningin Victoria Straat  
Kaapstad 8001

Posadres: Privaatsak X9112  
Kaapstad 8000

Rig asseblief navrae oor hierdie dokument aan:

E-pos: DSDBusinessPlanning@westerncape.gov.za  
Tel: (27)21-483 5121  
Tolvrye Nr: 0800 220 250  
Webtuiste: <http://www.westerncape.gov.za>

**PR** **160/2022**

**ISBN:** **978-0-621-50399-9**

**Titel van Publikasie:** Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling  
(Begrotingspos 7) Jaarverslag 2021/2022

## 2. Afkortings en Akronieme

Akroniem	Verklaring
BBSEB	Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging
BRS	Basiese Rekenkundige Stelsel
BVP	Besigheidsvoortsettingsplan
DMV	Dwelmmisbruikversteuring
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DODA	Departement van Openbare Diens en Administrasie
DvdP	Departement van die Premier
DvGW	Departement van Gesondheid en Welstand
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
DVP	Diensleweringsverbeteringplan
EIB	Elektroniese Inhoudsbestuur
FASD	Fetale Alkohol Spektrum-afwykings
GGG	Geslagsgebaseerde geweld
GVOS	Gemeenskapsvoeding en -ontwikkelingsentrum
IJM	In-jaar Monitering
IKB	Institutionele Kapasiteitsbou
IT	Inligtingstegnologie
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KDS	Korporatiewediens-sentrum
KJSS	Kinder- en Jeugsorgsentrum
KJSW	Kinder- en jeugsorgwerker
LOGIS	Logistieke Inligtingstelsel
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
MBT	MIV/Vigs-Berading en Toetsing
MTSR	Mediumtermyn Strategiese Raamwerk
MTUR	Mediumtermyn Uitgaweraamwerk
NDMO	Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
NIDOO	Nie in diens, onderwys en/of opleiding
NSS	Naskoolsorg
dbo	Oordragbetalingsooreenkoms
OGSA	Ouditeur-Generaal Suid-Afrika
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBKOM	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
OSW	Organisasie sonder winsoogmerk

<b>Akroniem</b>	<b>Verklaring</b>
PERSAL	Personeel salaris
PT	Provinsiale Tesourie
RB	Rekenpligtige Beampte
RBS	Rekenpligtige Beampte-stelsel
SAPS	Suid-Afrikaanse Polisiediens
SASSA	Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekuriteitsagentskap
SBP	Standaard Bedryfsprosedure
SEB	Swart Ekonomiese Bemagtiging
SKOOR	Staande Komitee oor Openbare Rekeninge
SMS	Senior Bestuursdiens
SMV	Staatsmotorvervoer
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-program
VKB	Voorsieningskanaalbestuur
VKO	Vroeëkinderontwikkeling
VVI	Voorkoming en vroeë intervensie
VvW	Vergoeding van Werknemers
VWBSD	Vergoedingswerk buite Staatsdiens
WBPI	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting
WBTI	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting
WGW	Werknemergesondheid en -welstand
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse Regering

### 3. Voorwoord deur die Minister

Me. S.G. Fernandez

Provinsiale Minister: Maatskaplike  
Ontwikkeling



Die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) se 2021/22 Jaarverslag getuig van sy verbintenis tot die verskaffing van 'n reeks dienste aan die provinsie se mees kwesbare burgers.

Ten spyte van die uitdagings meegebring deur die COVID-19 pandemie, is ons steeds gefokus op ons strategiese prioriteite, wat insluit beskerming van kinders, versterking van gesinne en persone met gestremdhede; die Lesbiese, Gay, Biseksuele, Transgender, Queer, Interseks, Aseksuele+ (LGBTQIA+) gemeenskap; ondersteuning van individue en gesinne ten opsigte van dwelmmisbruikversteurings, en die hantering van Geslagsgebaseerde Geweld.

Die Departement se uitkomste vir die verslagtydperk is gerig deur die Wes-Kaapse Herstelplan en is gemik op die verligting van die nood van kwesbare gesinne en individue wat om maatskaplike welsynsdienste aansoek gedoen het, asook ondersteuning vir vroue en kinders wat slagoffers van interpersoonlike geweld geword het, veral geslagsgebaseerde geweld.

Synde die leidende Minister vir Geslagsgebaseerde Geweld in die Provinsie, is die Departement die taak opgelê om 'n Wes-Kaapse Regering Implementasieplan vir die Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord te ontwikkel. Ons het 'n Wes-Kaapse Regering Transversale Geslagsgebaseerde Geweld-forum gestig wat maandeliks byeenkom en bygedra het tot die Wes-Kaapse Regering se Implementasieplan oor Geslagsgebaseerde Geweld, wat deur die Kabinet aanvaar is op 1 September 2021.

Ons het die eerste en enigste Provinsie in die land geword wat die opknapping afgehandel het van al ses eiendomme wat deur die Nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktur oorgedra is met die spesifieke doel om as veilige skuilings vir vroue en kinders in landelike gebiede gebruik te word.

Ons het voortgegaan om dienste vir ons senior burgers te prioritiseer. Gegewe die hoër risikoprofiel van bejaardes, het die Departement bykomstige steun verleen aan versorgingsoorde om COVID-19 te voorkom en bestuur.

'n Gebrek aan toeganklike vervoer word beskou as 'n beduidende struikelblok vir kinders met gestremdhede, vir wie skoolbywoning alreeds minder waarskynlik is, en te meer so in landelike gebiede. Daarom het die Departement alreeds twee spesiaal-aangepaste voertuie vir die vervoer van kinders met gestremdhede oorhandig. Hierdie voertuie is aangekoop deur Staatsmotorvervoer as die amptelike vlootagent vir die Provinciale Departemente in die Wes-Kaap, in samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Nog twee voertuie sal gedurende die 2022/2023 boekjaar oorhandig word.

Ons erken en is bewus van die swaarkry van baie individue en gesinne as gevolg van dwelmmisbruikversteurings. Die Departement se doelwit is om, deur middel van die Provinciale Dwelmmisbruikforum (PDMF), Plaaslike Dwelmaksiekomitees (PDAK) en die Dwelmmisbruikprogram, geïntegreerde dienste te skep en te implementeer wat gevolg gee aan die Nasionale Dwelm-Meesterplan van 2019-2024.

Gedagtgig aan die groeiende behoefté aan maatskaplike verligting, het die Departement hulpbronne toegeken vir humanitaire verligting om die druk op baie van ons armer huishoudings te help verlig, wat hulle as gevolg van verlies aan inkomste na werksverliese ervaar het.

Die Departement se vermoë om maatskaplike ontwikkelingsdienste aan die mense van hierdie provinsie te verleen sou nie moontlik wees sonder ons Organisasie sonder Winsoogmerk (OSW)-vennote nie. Baie OSW's was vasberade en meer innoverend as voorheen in die hantering van die uitdagende maatskaplike en ekonomiese omgewing, wat gekenmerk is deur 'n toename in die behoefté aan maatskaplike dienste en armoede-verligting en 'n afname in die hoeveelheid staatsbefondsing en korporatiewe maatskaplike belegging deur die privaat sektor.

Die Departement verwelkom die werk verrig deur die oorsigliggame en instellings, soos die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, die Staande Komitee op Openbare Rekening en die Staande Komitee op Maatskaplike Ontwikkeling van die Wes-Kaapse Parlement. Hierdie entiteite het verseker dat ons verantwoordbaar gehou word ten opsigte van die burgers wat ons dien en dat ons goeie en etiese bestuur beoefen.

Ek wil graag erkenning gee aan die voortgesette toewyding van ons personeel in die Departement, wat geleid word deur 'n baie dinamiese en ervare bestuurspan. Hierdie individue is die vernaamste rede hoekom die Departement oor die vermoë beskik om 'n bydrae te kan maak tot die verandering van die lewens van Wes-Kaapse inwoners.



---

Provinciale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling  
Me. S.G. Fernandez  
Datum: 31 Augustus 2022

#### 4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte

Dr Robert Macdonald

Rekenpligtige Beampte: Maatskaplike Ontwikkeling



#### Oorsig oor die werksaamhede van die Departement

Die veiligheid, welstand en waardigheid van die armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes vorm 'n stel kernprioriteite vir die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) namate die provinsie weer tot herstel kom in die nasleep van die COVID-19 ramp. Die strategiese koers van die Departement is in lyn met die Wes-Kaapse Regering se COVID-19 Herstelplan, Welstands-, Waardigheds- en Veiligheidsprioriteitgebiede, wat bykomstig is tot die ander transversale reaksies op die pandemie. Laasgenoemde sluit in die ontplooiing van die COVID-19 inentingsprogram, implementering van ekonomiese herstelprogramme en werkskepping. Die impak van die COVID-19 ramp het geleei tot 'n beduidende groei in die aanvraag na maatskaplike ontwikkelingsdienste, asook ernstige begrotingsvermindering in meeste regeringsdepartemente, met 'n 0.4 persent vermindering vir DMO in die 2022/23 boekjaar, voor inflasie. Dit het beteken dat die Departement uiters moeilike kompromieë moes aangaan om die mees kritieke areas van dienslewering aan die mense van die Wes-Kaap in stand te hou, en, waar nodig, uit te brei.

Stadige ekonomiese groei het huishoudings se herstel ná die pandemie belemmer. Werklooosheid, wat voedselonsekerheid in die provinsie vererger, styg steeds. Gedurende die verslagjaar het die Departement verseker dat gekookte maaltye en kospakkies sowat 270 802 mense bereik. Dit sluit in gekookte maaltye by gemeenskapskombuise, wat deur die Departement ondersteun is met koskoep ons en onbedierbare kosvoorraad, en voedselpakkies, wat 96 500 kwalifiserende begunstigdes bereik het. Die verskaffing van tydelike werksgeleenthede aan meer as 2 000 Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP)-deelnemers was deel van verdere pogings om kwesbare huishoudings by te staan tydens die verslagjaar. Om die DMO-geleide Humanitaire Verligtingswerkstroom en die departementele respons te verstewig, is opleiding- en kapasiteitsbousessies gehou met departementele beampes ten opsigte van die Standaard Bedryfsprosedure (SBP) vir Maatskaplike Verligting om meer doeltreffende bestuur en verwysing van rampgevalle te verseker.

'n Toename in geslagsgebaseerde geweld (GGG) is waargeneem sedert die begin van die pandemie. In reaksie hierop, en gerig deur die Nasionale Strategiese Plan vir Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (2020) is die Wes-Kaapse Regering (WKR) se GGG Implementasieplan in die 2020/21 boekjaar gefinaliseer. Hierdie plan verteenwoordig die gekoördineerde pogings van die WKR om GGG aan te spreek deur voorkomende programme en ondersteunende intervensies en dienste. Die huidige Departementele dienste vir slagoffers van misdaad en geweld is uitgebrei met ses ten volle operasionele GGG skuilings wat hulle deure geopen het gedurende die 2021/22 boekjaar. Hierdie inisiatief het die verspreiding en beskikbaarheid van psigososiale dienste vir slagoffers van mensehandel, huishoudelike en seksuele geweld, asook veilige ruimtes vir vroue in ondervoorsiene landelike gebiede, uitgebrei. In totaal is daar nou 26 befondsde skuilings regoor die provinsie wat volledig operasioneel is en wat dienste aan mishandelde vroue en kinders verskaf.

Die Departement bly verbind tot sy statutêre verpligting om die beskerming en sorg van kwesbare kinders te verseker. Deur gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorg voorkomings- en vroeë ingrypingsdienste, soos die Risihaprogram, het 8 834 kinders toegang gekry tot ontwikkelingsteun. Hierdie ondersteuningsdienste word verskaf deur opgeleide

Kinder- en Jeugsorgwerkers (KJSW) wat woon en werk in die gemeenskap waar die kind woon. Gedurende die verslagjaar, is 35 616 pleegsorggevalle gelaai op die webgebaseerde Pleegsorgbestuurstelsel. Die vaslegging van alle oorblywende pleegsorggevalle behoort teen die eerste kwartaal van 2022/23 voltooi te wees. Hierbenewens het Klusterpleegsorgprogramme gespesialiseerde sorg- en steunprogramme gebied vir kinders ouer as 18 wat die program kon verlaat met die nodige vaardighede om 'n onafhanklike lewe te lei. Die 24 uur-kinderbeskermingsdienste is uitgebrei deur die vermeerdering van die aantal poste vir maatskaplike werkers om te verseker dat dienste beskikbaar is in daardie gebiede waar die grootste behoefté bestaan.

Die Departement het voortgegaan met sy ondersteuning van die Vroeë Kinderontwikkeling (VKO)- sektor terwyl dit voortgegaan het om in die verslagjaar voor te berei vir die volledige verskuiwing van die funksie van 1 April 2022 aan die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). Naskoolsorg (NSS) bly egter steeds die verantwoordelikheid van DMO en het binne die Departement gebly.

Die standvastigheid van die gesinseenheid speel 'n integrale rol in 'n kind se welstand en ontwikkeling. Die Departement het hom derhalwe daarvoor beywer om geïntegreerde gesinsversterking- en herenigingsprogramme te verskaf wat konsentreer op die bou van veerkratige gesinne, en dit ten spyte van die uitdagings vroeëer hierdie jaar met toegang tot gesins- en groepswerk gedurende die inperkingstydperk. Hierdie programme sluit in ondersteuning vir hawelose volwassenes: die getal beddens in skuilings vir hawelose volwassenes wat van 2 031 in 2020/21 tot 2 208 toegeneem het teen die einde van die 2021/22 boekjaar. Daar word tans 37 skuilings vir hawelose volwassenes befonds regoor die provinsie.

Die Wet op Kindergeregtigheid (2008) en die Wet op Proefdienste (1991) maak voorsiening daarvoor dat maatskaplikemisdaad-voorkoming, afleiding en proefdienste beskikbaar is aan kinders en volwassenes wat met die geregtige bots. Die Departement het afleidingsdienste in die provinsie versterk deur die opleiding van 26 proefbeamptes te fasiliteer in aspekte soos selfbeeld, seksopvoeding, persoonlike geweld, hanteringsmeganismes en lewensvaardighede. Skoolgebaseerde misdaadvorkomingsprogramme is ook geprioritiseer vir leerders met gedragsversteurings. Hierdie programme het 5 086 sulke leerders bereik, van die gebiede van Oudtshoorn, Stellenbosch, Wellington, Paarl, Ceres, Bredasdorp, Rivieronderend, Gugulethu, Khayelitsha, Seawinds, Ocean View, New Crossroads, Elsiesrivier, Delft, Bishop Lavis, Eerste Rivier, Mfuleni en Kraaifontein.

Departementele residensiële sorgfasilitete het verseker dat kinders, met inbegrip van kinders met ernstige of diepliggende ontwrigtende gedragsversteurings, die toepaslike sorg en ondersteuning ontvang by wyse van multiprogram- en spesialisdienste. Om gevolg te gee aan die Noord-Gauteng Hoërhof se beslissing, het die Wes-Kaapse Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Welstand en Onderwys, 'n intersektorale taakspan, geleë deur hierdie Departement, tot stand gebring om kinders met intellektuele gestremdhede die gepaste toegang tot opvoeding te gee.

Voortgesette steun is gegee aan die bevordering van die welstand en regte van persone met gestremdhede tydens die verslagjaar. Gereelde skakeling en opleidingssessies is gehou met die sektor en befondsde Organisasies sonder Winsoogmerk (OSW's) om praktisynsorg en ondersteuning te verbeter aan persone met gestremdhede en ondersteuningsorganisasies vir ouers in die provinsie. Hierbenewens is twee spesiaal aangepaste 16-sitplek voertuie vir die vervoer van intellektueel-gestremde kinders oorhandig aan die Nomaxabiso Dagsorgsentrum en Beaufort-Wes Vereniging vir Fisies-gestremde Persone, respektiewelik, gedurende die 2021/22 boekjaar. 'n Derde voertuig is oorhandig aan die Vrolike Vinkies in April 2022 en die vierde voertuig sal oorhandig word gedurende die 2022/23 boekjaar.

Die regte, veiligheid en welstand van ouer persone is ondersteun deur die verskaffing van gemeenskapsgebaseerde steundienste. Hierdie dienste verseker dat verswakte ouer persone die gepaste sorg en steun ontvang, soos persoonlike sorg, toesig oor medikasie, wasgoed en skoonmaakdienste en die daaglikse verskaffing van maaltye wat verskaf word deur opgeleide huisgebaseerde versorgers en lede van die gemeenskap.

Dienste vir persone met DMV's, wat die gesondheid, veiligheid en welstand van gemeenskappe in die provinsie bedreig, is grootliks volgehou gedurende die jaar, alhoewel

minder kliënte om hulp aangeklop het in die derde golf van COVID-19. Die Departement het daarna gestreef om toegang te verbeter deur sy gemeenskapsgebaseerde behandelingsentrums in landelike gebiede uit te brei na Beaufort-Wes, Stilbaai, Ceres en Villiersdorp. Skoolgebaseerde intervensies het hierbenewens ook vroeë intervensieprogramme by skole in McGregor en die Langeberg areas geprioritiseer, waardeur 1 091 leerders bereik is.

'n Reeks jeugontwikkelingsprogramme en dienste wat gemik is op bevordering van positiewe en gesonde leefstyle is aangebied vir die mees kwesbare jeug in die provinsie. Gedurende die 2021/22 boekjaar, het 12 615 jeugdiges vaardighedsontwikkelingsprogramme bygewoon by gemeenskapsgebaseerde organisasies en Jeugkafees regoor die provinsie. Die bekendstelling van die Riversdal Jeugkafee in die 2021/22 boekjaar het die jeug van hierdie gemeenskap in staat gestel om kritiese vaardighede te ontwikkel in digitale geletterdheid, entrepreneurskap, leierskap en lewensvaardighede. Vennoot-organisasies het voortgegaan met die hoofstroming van programme gemik op jongmense met gestremdhede. Hierdie aktiwiteite het ingesluit die opleiding en kapasiteitsbou van befondsde organisasie om dienste te lewer aan gehoorgestremde jeugdiges, as gevolg waarvan 207 jeugdiges geakkrediteerde opleiding in gebaretaal ontvang het. Die Sanitaire Waardigheidsprojek het meer as 999 000 pakke sanitêre doekies versprei aan 223 skole regoor die provinsie om die waardigheid, welstand en gesondheid van jong meisies en vrouens in skole te bevorder.

Die volhoubaarheid van die OSW's, wat uiters belangrike vennote van die Departement is, het voortgesette aandag ontvang aangesien baie OSW's te kampe het met krimpende inkomstebronne. Intervensies gemik op die verbetering van bestuursprosesse en -praktyke vir verbeterde volhoubaarheid, het ingesluit 37 opleidingsessies met 887 OSW leiers van 584 OSW's. Vier OSW volhoubaarheidsopleidingsessies is ook aangebied, wat die basiese beginsels van #KenJouOSWStatus veldtog geïnkorporeer het en gefokus het op OSW nakoming asook organisatoriese volhoubaarheid in die geheel.

## Oorsig van die finansiële resultate van die Departement

### Departementele ontvangste

**Tabel A: Departementele ontvangste**

Departementele ontvangste	2021/22			2020/21		
	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-) /Onderbesteding	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-) /Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Belastingontvangste	-	-	-	-	-	-
Casino belastings	-	-	-	-	-	-
Belasting op perdewedrenne	-	-	-	-	-	-
Dranklisensies	-	-	-	-	-	-
Motorvoertuigslisensies	-	-	-	-	-	-
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	813	814	-1	848	779	69
Oordragte ontvang	-	-	-	-	-	-
Boetes, strafgelde en verbeurings	-	-	-	-	-	-
Rente, dividende en huurgeld op grond	27	27	-	40	213	(173)
Verkoop van kapitaalbates	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bates en laste	352	1 124	(772)	304	1 116	(812)
<b>Totaal</b>	<b>1 192</b>	<b>1 965</b>	<b>(773)</b>	<b>1 192</b>	<b>2 108</b>	<b>(916)</b>

### Departementele ontvangste

Die inkomste gegenerer deur die Departement beloop 0.06 persent van die totale begroting. Die Departement se hoofbronre van inkomste is:

- Invordering van skuld wat aan die Departement verskuldig is;
- Kommissie op versekerings en die aftrekking van loonbeslagbevele;
- Parkeerfooie en amptelike akkommodasiefooie soos volgens die beleid van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW); en
- Verhaling van onbestede oordragbetalingsfondse van vorige boekjare.

Die oorverhaling van inkomste vir die 2021/22 boekjaar beloop R773 duisend en is hoofsaaklik te wyte aan 'n toename in die verhaling van skulde.

Die onderverhaling vir die verkoop van goedere en dienste (kapitaalbates uitgesluit) is te wyte aan die implementering van die "Voice Over Internet" Protokol (VOIP), wat die koste van private telefoonoproep verlaag en tot die onderverhaling gelei het. Die skatting gaan vir die nuwe boekjaar hersien word.

## Programbesteding

**Tabel B: Programbesteding**

Naam van Program	2021/22			2020/21		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-) /Onderbesteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-) /Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	241 891	241 891	-	229 692	228 727	965
Maatskaplike welsynsdienste	1 058 331	1 050 492	7 839	996 669	992 149	4 520
Kinders en gesinne	866 207	853 658	12 549	864 239	856 233	8 006
Herstellende Dienste	466 393	466 393	-	440 417	440 417	-
Ontwikkeling en Navorsing	93 209	93 209	-	161 217	161 217	-
<b>Totaal</b>	<b>2 726 031</b>	<b>2 705 643</b>	<b>20 388</b>	<b>2 692 234</b>	<b>2 678 743</b>	<b>13 491</b>

### Program 1:

Die Program het 100 persent van sy R241.891 miljoen begroting vir die 2021/22 boekjaar bestee.

### Program 2:

Die Program het 99.3 persent van sy R1.058 miljard Begroting vir die 2021/22 boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R7.839 miljoen hou verband met onderbesteding in Goedere en Dienste sowel as Kapitaalbates. Die onderbesteding in Goedere en Dienste hou verband met die vertraging in lewering van voorraad vir die Sanitere Waardigheidsprojek, as gevolg van die impak van beurtkrag en die nie-beskikbaarheid van verpakingsmateriaal. Op 31 Maart 2022 het die Departement 'n 60-dae uitstel gegee, tot 31 Mei 2022, vir die lewering van die uitstaande voorraad vir die Sanitäre Waardigheidsprojek. Die onderbesteding op kapitaalbates was te wyte aan die vertraging met die lewering van gespesialiseerde voertuie, ten opsigte van die regspelig voortspruitend uit die bevel van die Hoër Hof in verband met kinders met ernstige verstandelike gestremdheid.

### Program 3:

Die Program het 98.6 persent van sy R866.207 miljoen begroting bestee vir die 2021/22 boekjaar. Die onbestede fondse van R12.549 hou verband met onderbesteding op Oordragte en Subsidies vir VKO en Gedeeltelike Sorg as gevolg van die verval van registrasiesertifikate en geen nuwe VKO-sentrums wat aansoek gedoen het vir befondsing nie.

### Program 4:

Die Program het 100 persent van sy R466.393 miljoen begroting vir die 2021/22 boekjaar bestee.

### Program 5:

Die Program het 100 persent van sy R93.209 miljoen begroting vir die 2021/22 boekjaar bestee.

## Oordragte

**Tabel C: Verskaf besonderhede oor oordragte wat in die oorsigjaar gemaak is**

Hoofafdeling van	Aan	R'000	Rede
Subprogram 1.2: Korporatiewe Bestuursdienste	Subprogram 4.2: Misdadigheid en Ondersteuning	1 154	Vul van geprioritiseerde poste.
	Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	284	
Subprogram 1.3: Distrikbestuur	Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	273	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	Subprogram 1.3: Distrikbestuur	3 869	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars ooreenkomstig IT opknappingsriglyne.
	Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	1 547	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 2.2: Dienste aan bejaardes	Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	1 154	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 2.3: Dienste aan persone met gestremdhede	Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	372	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 3.4: VKO en gedeeltelike sorg	Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	2 001	Vul van geprioritiseerde poste.
	Subprogram 1.3: Distrikbestuur	838	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars ooreenkomstig IT opknappingsriglyne
	Subprogram 4.2: Misdadigheid en ondersteuning	896	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars ooreenkomstig IT opknappingsriglyne.
Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	224	Vul van geprioritiseerde poste.

## Fondse oorgedra

**Tabel D: verskaf besonderhede van fondse oorgedra van 2021/22 tot 2022/23**

Program	R'000	Doel
Program 2: Maatskaplike Welsynsdienste	6 290	Dieregsverpligting wat spruit uit die Hoërhof se bevel met betrekking tot kinders met ernstige intellektuele gestremdhede. Die aanpassing van gespesialiseerde voertuie vir ernstig intellektueel gestremde kinders is nie afgehandel nie, wat daartoe gelei het dat die oorhandiging van voertuie vertraag is.
Program 2: Maatskaplike Welsynsdienste	1 549	Onderbesteding in 2021/2022 is te wyte aan kennisgewing deur die diensverskaffer op 9 Maart 2022 dat die aflewing wat vir Maart 2022 bestem was, nie nagekom kon word nie as gevolg van beurtkrag en die nie-beskikbaarheid van verpakkingsmateriaal. Op 31 Maart 2022 het die Departement uitstel van 60 dae verleen tot 31 Mei 2022, vir die lewering van die uitstaande voorraad.
Program 4: Herstellende Dienste	2 206	Die Departement het 'n mandaat om die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Dwelmmiddelmisbruik, Wet 70 van 2008, te implementeer. Artikel 17(1). Die Departement het 'n voorlegging vir uitstel goedgekeur ten opsigte van sy verpligting om alle 2021/22 NRO's te befonds, en sal derhalwe 'n begrotingstekort hê.

## Behoud van inkomste

**Tabel E: Verskaf besonderhede oor inkomste behou van 2021/22 tot 2022/23**

Program	R'000	Doel
Program 2: Maatskaplike Welsynsdienste	189	Die betalings aan Community Action Partnership Disability; Epilepsie SA Suid-Kaap, Karoo, en Vishoek Kommetjie Noordhoek Welsynsorganisasie Sinethemba Spesiale Sorgsentrum. Die onderbesteding in 2021/22 was te wyte aan onderbetalings aan die bogenoemde organisasies. Die Departement het Oordragbetalingssooreenkomste (OBO's) met hierdie OSW's aangegaan en is verplig om hulle te betaal.
Program 3: Kinders en Gesinne	583	Die Departement befonds Vroeëkinderjare Maatskaplike Diensorganisasies (VKMD'e) om NSS te lewer. Die Departement het 'n voorlegging vir uitstel goedgekeur om alle kwalifiserende 2021/2022 VKMD'e te befonds en sal daarom 'n begrotingstekort hê.

**Redes vir ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes en die bedrae betrokke asook stappe gedoen om dit te bekamp en 'n herhaling te voorkom.**

<b>Redes vir vrugtelose en verkwistende uitgawes</b>	<b>Bedrag</b>	<b>Stappe geneem</b>	<b>Voorkoming van herhaling</b>
Daag nie op om kursus by te woon nie (akkommodasie)	R 773.65	Oorgedra na debiteure vir verhaling van amptenaar.	Aanvaarding van die Nasionale Tesourie se Raamwerk oor onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende Uitgawes. Ontwikkeling van SBP'e oor onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes. Ontwikkeling van 'n beleid oor onreëlmatige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwistende uitgawes

## Strategiese fokus oor die kort- tot mediumtermyn tydperk

Kindersorg- en beskerming bly 'n belangrike prioriteit van die Departement. Die implementering van statutêre kindersorg- en beskermingsdienste verskaf psigososiale en terapeutiese ondersteuningsdienste vir kinders met uitdagende gedrag; alternatiewe versorgingsdienste, wat insluit tydelike veilige sorg en pleegsorg, soos die Risisha (voorheen Isibindi) Model, Instapsentrus, en die Eye-on-the-Child program, verskaf verbeterde kinderbeskermingsdienste. Die fokus van hierdie programme is op voorkoming, beskerming en opvoedingsdienste aan gesinne en gemeenskappe vir die verhoogde bewusmaking, welstand en beskerming van kinders. Om die provinsie se respons op kinders wat sorg en beskerming benodig te versterk sal die Departement begin met die hersiening van die WKR Kinderbeskermingstrategie, die ontplooiing van die Pleegsorgbestuurstelsel, en sal voortgaan om 24-uur kinderbeskermingsdienste te implementeer.

Om veerkrugtige gesinne en veiliger gemeenskappe te bevorder, sal die Departement voortgaan om gemeenskapsgebaseerde en residensiële sorgdienste vir kinder en volwassenes wat in botsing met die gereg is te prioritiseer. Dit sluit in die uitbreiding van skool-en gemeenskapsgebaseerde misdaadvoorkomingsprogramme in geïdentifiseerde brandpunte en landelike gebiede van die provinsie. Nasorg- en herintegrasie ondersteuningsdienste gaan voort om terapeutiese en psigososiale berading en ondersteuningsdienste te verskaf aan verhoorafwagende en gevonniste kinders in Kinder- en Jeugsorgsentrus (KJSS), hulle ouers, versorgers, gesinslede en gemeenskapslede, wat deelgeneem het aan proefdiensprogramme.

Die WKR GGG Implementeringsplan demonstreer die benadering van samewerkende en gekoördineerde pogings deur WKR Departemente ten opsigte van die voorkoming van GGG en die verlening van ondersteuning aan slagoffers van GGG. Die Departement sal voortgaan om sorg, ondersteuning en bemagtigingsdienste te verskaf aan slagoffers van misdaad en geweld, veral vroue en kinders. Dit sluit in toegang tot noodskuilings in hoë-risiko gebiede tesame met korttermyn skuilingsdienste; slagofferondersteuningsdienste by kritieke ontvangspunte soos die Thuthuzela Sorgsentrus, wat psigososiale ondersteuning uitbrei na nie-residensiële dienste vir slagoffers van GGG en ander vorms van mishandeling en geweld.

Dienste aan Persone met Gestremdhede sal steeds geprioritiseer word. Geïntegreerde dienste en programme sluit in fasilitering van die bevordering van die regte en welstand van persone met gestremdhede, gemeenskaps- en residensiële-gebaseerde dienste, beskermende werkswinkels en respsytsorgdienste. In vennootskap met hierdie sektor, word ondersteuning ook verleen by wyse van steunstrukture vir ouers, versorgers, en bewaarnemers van kinders met gestremdhede. Die Departement sal, in die voortsetting van sy dienslewering aan persone met ernstige intellektuele gestremdhede, voortgaan om in vennootskap op te tree met die Departement van Gesondheid en Welstand (DGW) ten opsigte van OSW nakoming van die Wet op Geestesgesondheid (2002).

Versorgingsingrypings om die welstand en veiligheid van ouer persone in die provinsie in die komende jaar te verseker, sal 'n voortgesette fokus op residensiële geriewe en gemeenskapsgebaseerde sorg-ondersteuningsdienste insluit. Die implementering van die mentorskapmodel wat ondersteuning verleen aan OSW residensiële fasiliteite wat sukkel om norme en standaarde na te kom, sal ook prioriteit geniet. Die beoogde implementering van die elektroniese Ouer Persone Mishandelingsregister, sal dienste aan verswakte ouer persone verder verstewig.

Die Departement sal eweneens, in respons op die verhoogde voedselonsekerheid en toenemende haweloosheid, voortgaan om die COVID-19 verligtingsprogram wat belyn is met die Wes-Kaapse Herstelplan, te implementeer. Dit sluit in die verskaffing van beddens in skuilings vir hawelose volwassenes en gesinne, aangevul deur gesins- en gemeenskapsherintegrasiydienste aan hawelose volwassenes. Voedselverligtingsinisiatiwe sal voortgaan om voedingsondersteuning te verskaf aan hulpbehoewende huishoudings deur Gemeenskapsvoeding en -ontwikkelingsentrus (GVOS), bestaande geteikende voedingsterreine en gemeenskapskombuisse.

Die verskaffing van holistiese jeugontwikkelingsdienste deur Jeugkafees en Gemeenskapsgebaseerde organisasies, sal bydra tot die ontwikkeling van jong mense en sal fokus op jeug in landelike gemeenskappe wat nie in diens, onderwys of opleiding (NIDOO) is nie. Hierdie dienste sluit in digitale geletterdheidsvaardighede, stimulering van entrepreneurskap en die ontwikkeling van basiese digitale bekwaamhede om die digitale kloof te oorbrug. Die verskaffing van tydelike werkgeleenthede deur die UOWP se Aansporingstoekenning sal bydra tot die maatskaplike beskerming van kwesbare groepe soos vrouens, die jeug en persone met gestremdhede.

Deur sy Provinciale OSW-Hulplessenaar, sal die Departement voortgaan om OSW's by te staan met registrasie en nakoming soos voorgeskryf deur die Wet op OSW's, om OSW nakoming en navolging van gesonde bestuurspraktyke te verseker.

## **Openbare-Private vennootskappe**

Geen om oor verslag te lewer nie.

## **Gestaakte aktiwiteite**

Die VKO funksie en verwante aktiwiteite skuif na die WKOD vanaf 1 April 2022. Om 'n minimaal-ontwrigtende oorgang te verseker het 'n interdepartemente taakspan die identifisering van menslike, finansiële en ander hulpbronne wat deur die funksieverskuiwing geraak is, bestuur.

R1.53 miljard oor die 2022 Mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) (R391.531 miljoen vir 2022/23, R421.038 miljoen vir 2023/24, en R439.944 miljoen vir 2024/25) is geoormerk en oorgedra aan die WKOD as deel van die 2022/23 provinsiale begrotingsproses. Hierbenewens is 58 personeellede en bates ter waarde van R 1.793 milljoen oorgedra aan die WKOD. Die Departement sal voortgaan om raadgewende ondersteuning aan die WKOD te verleen tot 30 September 2022.

## **Nuwe en voorgestelde aktiwiteite**

Geen om oor verslag te lewer nie.

## **Voorsieningskanaalbestuur (VKB)**

### **Ongevraagde bodvoorleggingss aangegaan tydens die oorsigjaar**

Die Departement het geen ongevraagde bodvoorleggings aangegaan tydens die oorsigjaar nie.

### **VKB prosesse en stelsels in plek om onreëlmatige besteding te voorkom**

Die Rekenpligtige beampete-stelsel (RBS) wat Voorsieningskanaalbestuur (VKB) en die bestuur van roerende bates reguleer, is in werking. Die RBS sit die beleidsaspekte van die voorsieningskanaal en roerende batebestuur uiteen, terwyl die VKB-delegasies die besluitnemingsmag uiteensit wat uitvoering gee aan die prosesse in die RBS. Dit reguleer institusionele en administratiewe handelinge in die daaglikske VKB werksaamhede en, mits dit nagekom word, sal dit onreëlmatige besteding voorkom.

### **Uitdagings wat in die VKB ervaar is en hoe dit hanteer is**

Die Voorkeurverkrygingsregulasies (2017) wat ongeldig verklaar is deur die Konstitusionelehof, en die vertraging deur die Nasionale Tesourie met die proklamering van nuwe regulasies, het 'n uitdaging gebied vir die Departement en die regering in die algemeen. Hierdie uitdaging is op 'n provinsiale vlak opgelos, met Provinsiale Tesourie wat die pad vorentoe aangedui het soos besluit is deur die Provinsiale Kabinet. Wanneer die nuwe regulasies uitgereik word sal die huidige oplossing hersien word om in ooreenstemming te wees met die nuwe regulasies.

Die implementering van die Geautomatiseerde Verkrygingsplan Instrumentstel deur die Provinsiale Tesourie was 'n uitdaging in soverre die stelsel nog in sy babaskoene was en gereelde stelselverbeterings aangebring is gedurende die eerste jaar van implementasie. Die uitdagings is egter opgelos deur deurlopende kommunikasie en ondersteuning van die

Provinsiale Tesourie. Die verwagte toekomstige voordele van hierdie stelsel sal op die gebiede van akkurate skattings, tydige verslagdoening en gemak van datavaslegging wees.

Vanuit 'n batebestuurperspektief, was besoeke aan DMO fasilitete beperk as gevolg van die pandemie en die stygende infeksiekoers op daardie stadium. Die gebrek aan toegang het verifikasie van fisiese bates beperk. Die jaarlikse verifikasie by alle sorgfasilitete en die korporatiewe hoofkantoor was derhalwe uitgevoer by wyse van steekproewe.

**Tabel F: Geskenke en donasies in natura ontvang van nie-verwante partye**

Instelling wat geskenk/skenking onvangoed het	Aard van skenking/geskenk/borgskap	Naam en adres van skenker	Verwantskap met personeellid	Randwaarde van geskenk/skenking
Fasilitetsbestuur	Versnaperingpakkies	George Munisipaliteit, Jonathan Fortuin	Professioneel	R 4 200.00
Fasilitetsbestuur	Mikrogolf, versnaperinge, sokkies, mediese toerusting	Felidons Stigting	Geen	R 6 000.00
Fasilitetsbestuur	Toiletware en luukse items	De Maio Trust	Geen	R 6 555.38
Fasilitetsbestuur	Rugpositionering mobiele trolley medium	Rachel Swart Fonds	Geen	R 11 181.01
Fasilitetsbestuur	Medisyne	Kiyenzeka Amalgamated Projek, Mev V Vanana Mtambo, Peterson Street 6174, Thembalethu George 6529	Professioneel	R 3 700.00
Fasilitetsbestuur	Verf	Build IT- George	Professioneel (Verskaffer)	R 1 500.00
Fasilitetsbestuur	Krale	R Morkel	Privaat	R 1 000.00
Fasilitetsbestuur	Tuingereedskap	Food and trees for Africa, Ruan Siebert	Geen	R 1 500.00
Fasilitetsbestuur	Kersgeskenke en luukse items	Penny Sparkman	Geen	R 3 000.00
Fasilitetsbestuur	Kersgeskenke	Keagan Canterbury	Geen	R 2 500.00
Fasilitetsbestuur	GKTV Kamerastelsel	Vriende van Thembalethu	Geen	R 44 955.80
Fasilitetsbestuur	Herstel van monitor vir lewenstekens	Vriende van Thembalethu	Geen	R 1 614.60
Fasilitetsbestuur	Jong mans waardigheidspakket (1 seep, 1 waslap, 1 tandepasta, Nivea lyfroom, 1-2 sjokolades pakkies)	Suff Akademie, Monique Michaels	Belanghebbendes en netwerkvennote	R 14 000.00
Metro-Noord Streekskantoor	Horlosie, wit golf T-hemp en English Leather geskenkpak	Me Pamela Subbiah	Voornemende pleegouer	R 1 100.00
Eden Karoo Streekskantoor	9 Kennisgewingborde	DvG&W	Geen	R 9 000.00
Kaapse Wynlande Overberg Streekskantoor	Infacare beginner babamelkpoeder, Nan, 1.8kg Pelargon Nommer 1 Babamelkpoeder, Pampers doeke, Babythings doeke, Masters doeke	APL Cartons, Me Christelle Wium	Die skenker is deel van die plaaslike sake-eienaarsforum wat die donasie gemaak het om kinders in tydelike veilige sorg of in krisis te ondersteun	R 6 697.00
Ander	Verskeie skenkings met 'n waarde van minder as R 1000 elk	Verskeie skenkers	Privaat	R 10 535.64
<b>Totaal</b>				<b>R 129 039.43</b>

## **Vrystellings en afwykings ontvang van die Nasionale Tesourie:**

Geen.

## **Gebeure na die verslagdoeningsdatum**

Geen.

## **Ander**


Geen.

## **Waardering en Gevolgtrekking**

Namens die senior bestuur van die Departement wil ek graag alle DMO personeel bedank, veral diegene wat op die voorfront van dienslewering werk, vir hulle onbaatsugtige en onvermoeide toewyding tot verskaffing van dienste aan die armes en kwesbares in ons provinsie te midde van uitdagende omstandighede. Hulle harde werk het die voortgesette lewering van belangrike dienste verseker, ten spyte van begrotingsvermindering, stygende diensdruk en die uitdagings wat deur COVID-19 meegebring is.

Ek wil ook graag al die OSW-vennootorganisasies bedank wat saam met die Departement gewerk het die afgelope jaar, onder moeilike omstandighede, met beperkte staatsfinansiering en krimpende belegging deur die private sektor.

Die COVID-19 pandemie het steeds 'n beduidende impak op die maatskaplike dienste-sektor. Die Departement het aangepas by hierdie uitdagings om te verseker dat dienste geprioritiseer word vir diegene wat die grootste nood ervaar, en terselfdertyd om die gesondheid en welstand van personeel, vennote en diensgebruikers te verseker. Die Departement sal voortgaan om met belanghebbendes saam te werk om doeltreffende dienste te verskaf aan almal wat dit nodig het, terwyl hulle by die veranderende omgewing aanpas.



Dr Robert Macdonald  
Rekenpligtige Beämpte  
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling  
Datum: 31 Augustus 2022

## 5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag

Na die beste van my kennis en wete bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak is, is konsekwent.
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en sonder enige weglatings.
- Die jaarverslag is voorberei volgens die jaarverslagriglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is opgestel in ooreenstemming met die gewysigde kontantstandaard en die toepaslike raamwerk en riglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die Rekenpligtige Beämpte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordele wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Die Rekenpligtige Beämpte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om redelike versekering te verskaf oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbron-inligting en die finansiële jaarstate.
- Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die Finansiële Jaarstate uit te spreek.

Na my mening gee die jaarverslag 'n billike oorsig van die werksaamhede, die prestasieinligting, die menslikehulpbron-inligting en die finansiële aangeleenthede van die Departement vir die boekjaar geëindig op 31 Maart 2022.

Die uwe



Rekenpligtige Beämpte  
Dr Robert Macdonald  
Datum: 31 Augustus 2022

## 6. Strategiese Oorsig

### Visie

'n Selfstandige samelewing.

### Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplike ontwikkelingsdienste te verseker, wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig.

### Waardes

Die kernwaardes van die WKR, wat deur die Departement onderskryf word, is as volg:

	<b>Omgee</b>	Om om te gee vir diegene aan wie ons diens lewer en met wie ons saamwerk
	<b>Bekwaamheid</b>	Die vermoë en bevoegdheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is
	<b>Aanspreeklikheid</b>	Die aanvaar van verantwoordelikheid
	<b>Integriteit</b>	Om eerlik te wees en die regte ding te doen
	<b>Innovasie</b>	Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en kreatiewe oplossings op 'n vindingryke wyse te ontwikkel
	<b>Responsiwiteit</b>	Om die behoeftes van ons inwoners en werknemers te dien

DMO is verbind tot die volgende **belangrikste diensleweringsbeginsels**:

#### **Innovasie: Om anders te werk te gaan**

Die Departement sal daarna streef om alternatiewe en innoverende werkswyses te verken en te toets ten einde binne die kortste moontlike tyd maksimum resultate te behaal sonder om gehalte in te boet.

#### **Oorlegpleging en insluiting**

Ons sal deurlopend daaraan aandag gee om op sinvolle wyse met ons vennote en belanghebbendes in gesprek te tree, soos omskryf in die Wet op Interregeringsverhoudings (2005).

#### **Toeganklikheid**

Toeganklikheid van dienste aan diegene wat dit nodig het, is noodsaaklik. Die Departement sal voortgaan om sy strukture en prosesse te moderniseer, waar nodig, oor die MTUR tydperk.

#### **Aanspreeklikheid en deursigtigheid**

Institutionaliseer goeie samewerkende bestuur deur die implementering van uitkomsgebaseerde monitering, evaluering en verslagdoening, gesonde sakeprosesse en beleid en die verbetering van nakoming ten einde aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

## 7. Wetgewende en ander mandate

### Grondwetlike mandate

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.	Artikel 28(1) van die Grondwet bevat 'n uiteenstelling van kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skuiling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) en dat die aanhouding van kinders die laaste uitweg moet wees.

### Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Kinderwet 38 van 2005.	<p>Die Wet is op 1 April 2010 deur Presidensiële Proklamasie in werking gestel en omskryf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>■ Die regte en verantwoordelikhede van kinders;</li> <li>■ Die verantwoordelikhede en regte van ouers;</li> <li>■ Beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders;</li> <li>■ Die bevordering van die welstand van kinders; en</li> <li>■ Die konsolidasie van die wette rakende die welsyn en beskerming van kinders, asook vir aangeleentede wat daarmee verband hou.</li> </ul> <p>Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hoëhof op 1 April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150 (1)(a) van die Wet. Die Hof het bevind dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>■ 'n versorger wat 'n wettige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma) mag aangestel word as 'n pleegouer; en</li> <li>■ nóg die Kinderwet nóg die Wet op Maatskaplike Bystand of die regulasies daaronder uitgereik, 'n ondersoek na die inkomste van die pleegouers vereis. Daarom moet die finansiële situasie van die kinders wat versorging en beskerming benodig, in ag geneem word en nie die van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n wettige onderhoudsplig het nie finansieel daartoe in staat is nie, moet hulle vir 'n pleegsorgtoelae aansoek doen.</li> </ul>
Kinderwysigingswet 17 van 2016 en Tweede Kinderwysigingswet 18 van 2016.	<p>Die Kinderwysigingswet (18/2016) wysig die Kinderwet (2005) deur, onder andere, nuwe woordomskrywings in te voeg; om voorsiening te maak daarvoor dat die verwydering van 'n kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel voor die verstryking van die volgende hofdag voor die kinderhof geplaas word vir hersiening; om voorsiening te maak vir die hersiening van 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwyder; om voorsiening te maak dat die Provinciale Hoof van Maatskaplike Ontwikkeling 'n kind of 'n persoon van een vorm van alternatiewe sorg na 'n ander vorm van alternatiewe sorg oorplaas en om voorsiening te maak dat 'n aansoek dat 'n kind na die ouderdom van 18 jaar in alternatiewe sorg moet bly, ingedien word voor die einde van die jaar waarin die betrokke kind die ouderdom van 18 jaar bereik.</p> <p>Die Kinderwysigingswet (17/2016) wysig die Kinderwet, 2005, deur onder andere nuwe woordomskrywings in te voeg; voorsiening te maak dat 'n persoon wat skuldig bevind is aan sekere misdrywe as ongeskik geag word om met kinders te werk; bepaal dat die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens al die besonderhede van persone wat ongeskik bevind is om met kinders te werk, aan die Direkteur-Generaal moet deurstuur; voorsiening te maak vir die hersiening van 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwyder; die omstandighede uit te brei te opsigte van wanneer</p>

<b>Wetgewing</b>	<b>Impak op funksionaliteit van die DMO</b>
	'n kind aanneembaar is; en die uitwerking van 'n aannemingsbevel uit te brei deur te bepaal dat 'n aannemingsbevel nie outomaties alle ouerlike verantwoordelikhede en regte van 'n ouer van 'n kind beëindig wanneer 'n aannemingsbevel ten gunste van die gade of permanente huishoudelike lewensmaat van daardie ouer toegestaan word nie, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Maatskaplike diensberoep 110 van 1978, gewysig 1995, 1996 en 1998.	Die Wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike diensberoep (SARMD) daargestel en omskryf die bevoegdhede en werksaamhede van die Maatskaplike diensteraad en -beroep.
Wet op Maatskaplike diensberoep 110 van 1978: Regulasies met betrekking tot die registrasie van 'n spesialiteit in proefdienste (2013.)	Hierdie regulasies, wat in die Staatskoerant Regulasies nr 36159, 15 Februarie 2013, vol 572, nr 9911, gepubliseer is, is daarop gemik om proefdienste te reguleer en te verbeter.
Wet op die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders 2 van 2019.	Om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n Kommissaris vir Kinders in die Wes-Kaap; vir aangeleenthede wat daarmee verband hou en maak voorsieings vir sekere aangeleenthede wat op daardie kantoor betrekking het.  Artikel 78 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, stig die kantoor van 'n provinsiale Kommissaris vir Kinders en bepaal dat die Kommissaris die WKR moet bystaan in die beskerming en bevordering van die regte van kinders in die provinsie..
Wysigingswet op Proefdienste 35 van 2002.	Die oogmerk daarvan is om die Wet op Proefdienste, 1991, te wysig deur sekere woordomskrywings in te voeg om: <ul style="list-style-type: none"> <li>■ verdere voorsiening te maak vir programme wat gemik is op die voorkoming en bekamping van misdaad;</li> <li>■ die bevoegdhede en pligte van proefbeamptes uit te brei;</li> <li>■ voorsiening te maak vir die pligte van assistent-proefbeamptes;</li> <li>■ voorsiening te maak vir die verpligte assessering van gearresteerde kinders;</li> <li>■ voorsiening te maak vir die daarstelling van 'n proefadvieskomitee;</li> <li>■ voorsiening te maak vir die aanwysing van familie-opspoorders; en</li> <li>■ voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul>
Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998.	Die doel van hierdie Wet is om slagoffers van gesinsgeweld maksimum beskerming teen huishoudelike mishandeling te bied.
Wet op Ouer Persone 13 van 2006.	Hierdie Wet, wat deur presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, het ten doel om die bemagtiging en beskerming van ouer persone, met insluiting van hulle status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit, te bevorder, sowel as die bekamping van die mishandeling van ouer persone.  Die Wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>■ Wysheid en vaardighede van ouer persone;</li> <li>■ Ouer persone se deelname aan gemeenskapsaangeleenthede;</li> <li>■ Regulering van die registrasie van dienste vir ouer persone; en</li> <li>■ Daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone.</li> </ul> In teenstelling met die Wet op Bejaarde Persone, Wet 81 van 1967, het die klem verskuif van institusionele versorging na

<b>Wetgewing</b>	<b>Impak op funksionaliteit van die DMO</b>
	gemeenskapsgebaseerde versorging ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.
Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik 70 van 2008.	Hierdie Wet maak voorsiening vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die gebied van middelmisbruik regoor alle staatsdepartemente.
Wet op Kindergeregtigheid 75 van 2008.	Hierdie Wet vestig 'n strafregstelsel vir kinders wat van die pleeg van misdrywe beskuldig word en beoog om die regte van kinders te beskerm.
Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 6 van 2012.	Hierdie Wet wysig die Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 2007, om uitdruklik te bepaal dat die oplegging van strawe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die Wet vervat is aan die diskresie van die howe oorgelaat word en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel 7 van 2013.	Hierdie Wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel (veral in vroue en kinders) te voorkom, te onderdruk en te straf, en vul sodoende die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan.
Wet op Nasionale Jeugontwikkeling 54 van 2008.	Die oogmerk van die Wet is om koördinering in jeugontwikkelingsaangeleenthede te skep en te bevorder.
Wet op Maatskaplike Bystand 13 van 2004.	Hierdie Wet maak voorsiening vir die verlening van maatskaplike bystand aan persone, en die meganisme vir die verlening van sodanige bystand; die instelling van 'n inspektoraat vir maatskaplike bystand; en om voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.
Wet op Fondsinsameling 107 van 1978.	Hierdie wet maak voorsiening vir die beheer oor die insameling van bydraes van die publiek; die aanstelling van 'n Direkteur van Fondsinsameling; die skep van 'n Rampverlengingsfonds, 'n Suid-Afrikaanse Weermagfonds en 'n Vlugtelingnoodleningsfonds; vir die verklaring van sekere ramptoestande as rampe, en ander verwante aangeleenthede.
Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk (OSW) 71 van 1997.	Hierdie wet het ten doel om 'n bemagtigende omgewing en regulatoriese raamwerk te skep vir organisasies sonder winsoogmerk wat aan die diverse behoeftes van die bevolking voldoen en voldoende standaarde van bestuur, deursigtigheid en openbare aanspreeklikheid handhaaf. Die OSW-wet herroep sekere gedeeltes van die Wet op Fondsinsameling, 1978.
Wet op Rampbestuur 57 van 2002.	Die wet maak voorsiening vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuurbeleid (met die klem op die voorkoming en vermindering van ramprisiko's, die versagting van die erns van rampe, noodgereedheid vir noodtoestande, snelle en doeltreffende reaksie op rampe en herstel na rampe); die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrum; rampbestuur-vrywilligers, en ander verwante aangeleenthede.
Wysigingswet op Rampbestuur 16 van 2015.	Hierdie wet wysig die Wet op Rampbestuur, 2002, (primêre wetgewing ten opsigte van rampbestuur in Suid-Afrika) om sekere woordomskrywings te vervang en in te voeg; om die beleidsfokus op rehabilitasie en funksionering van rampbestuursentrum duidelik te maak; om sekere funksies te belyn; om voorsiening te maak vir staatsorgane om die rampbestuurstrukture by te staan; om voorsiening te maak vir 'n uitgebreide rapporteringstelsel vir staatsorgane met betrekking tot inligting oor gebeurtenisse wat tot die verklaring van rampe lei, uitgawes ten opsigte van reaksie en herstel, aksies te make met risikovermindering en spesifieke probleme wat ondervind word in die hantering van rampe; om verslagdoening oor die implementering van beleid en wetgewing met betrekking tot ramprisikovermindering en bestuur van toegekende fondse aan

<b>Wetgewing</b>	<b>Impak op funksionaliteit van die DMO</b>
	munisipale en provinsiale interregeringsforums, wat ingevolge die Wet op 'n Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005, gestig is, te verstewig; om die verteenwoordiging van tradisionele leiers te versterk; om die inhoud van rampbestuurplanne uit brei om die uitvoer van ramprisikobeoordelings vir funksionele gebiede en die kartering van risiko's, gebiede en gemeenskappe wat kwesbaar is vir rampe in te sluit; om voorsiening te maak vir maatreëls om die risiko van rampe te verminder; om voorsiening te maak vir regulasies oor rampbestuuronderrig, opleiding en navorsingsaangeleehede en verklaring en klassifikasie van rampe; en om voorsiening te maak vir verbandhoudende aangeleenthede.
Wet op Geestesgesondheidsorg 17 van 2002.	Hierdie wet maak voorsiening vir die versorging, behandeling en rehabilitasie van persone wat geestesongesteld is; sit verskillende procedures uiteen wat gevolg moet word met die toelating van sodanige persone, en maak voorsiening vir die versorging en administrasie van die eiendom van geestesongestelde persone.
Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 13 van 2021.	Om die Wysigingswet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede, 2007, te wysig ten einde voorsiening te maak vir die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>■ Die uitbreiding van die omvang van die misdryf van bloedskande;</li> <li>■ Die instelling van 'n nuwe misdryf van seksuele intimidasie;</li> <li>■ Die vervanging van die frase "'n persoon wat geestesongesteld is" of "persone wat geestesongesteld is" waarookal die frase mag voorkom, met die frase "'n persoon met 'n geestelike gestremdhed" of "persone met geestelike gestremdhede";</li> <li>■ Verdere regulering van die opname van die besonderhede van persone in die Nasionale Register vir Seksoortreders;</li> <li>■ Uitbreiding van die lys van persone wat beskerm moet word uit hoofde van Hoofstuk 6 van die wet;</li> <li>■ Uitbreiding van die lys van persone wat geregtig is om aansoeke in te dien by die Registrateur van die Nasionale Register vir Seksoortreders;</li> <li>■ Verdere regulering van die verwydering van besonderhede van persone van die Nasionale Register vir Seksoortreders; en</li> <li>■ Verdere regulering van die rapporteringsplig van persone wat bewus is daarvan dat seksuele misdrywe gepleeg is teenoor kwesbare persone, en vir verwante aangeleenthede.</li> </ul>
Wysigingswet op Huishoudelike Geweld 14 van 2021.	Hiedie wet dien om die Wet op Huishoudelike Geweld, 1998, te wysig deur sekere woordomskrywings te wysig en in te voeg; verder voorsiening te maak vir die wyse waarop dade van huishoudelike geweld en verwante sake hanteer moet word; om beskermingsbevele in reaksie op dade van huishoudelike geweld verder te reguleer; om die bepalings van sekere wette te wysig en voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.

<b>Wetgewing</b>	<b>Impak op funksionaliteit van die DMO</b>
Wysigingswet op die Strafreg en Verwante Aangeleenthede 12 van 2021.	<p>Die doel van hierdie wet is om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Wet op Landdroshowe, 1944, te wysig om voorsiening te maak vir die aanstelling van tussengangers en aflê van getuenis deur tussengangers in nie-strafregtelike verrigtinge; die eed en bevoegdheid van tussengangers; en die aflê van getuenis deur middel van audiovisuele koppeling in nie-strafregtelike verrigtinge;</li> <li>● Die Strafproseswet, 1977, te wysig tot verdere regulering van die toestaan en kansellering van borgtog; die aflê van getuenis deur middel van geslotekringtelevisie of soortgelyke elektroniese media; die aflê van getuenis deur 'n getuie met 'n liggaamlike, sielkundige of geestesgestremdheid; die aanstelling, eed en bevoegdheid van tussengangers; en die reg van 'n klaer in 'n huishoudelik-verwante oortreding om deel te neem aan paroolverrigtinge.</li> <li>● Die Strafregwysigingswet, 1997, te wysig om vonnisse ten opsigte van oortredings wat teen kwesbare persone gepleeg is verder te reël; en</li> <li>● Die Wet op Hoë Howe, 2013, te wysig ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling van tussengangers en die aflê van getuenis deur tussengangers in nie-strafregtelike verrigtinge; die eed en bevoegdheid van tussengangers; en die aflê van getuenis deur middel van audiovisuele koppeling in nie-strafregtelike verrigtinge, en om voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.</li> </ul>
Wet op die Bestuur van Openbare Finansies 1 van 1999, soos gewysig.	Om finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings te reël; om te verseker dat alle inkomste, besteding, bates en laste van daardie regerings doeltreffend en behoorlik bestuur word; om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede van persone aan wie finansiële bestuur in daardie regerings toevertrou is, en om voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.
Wet op 'n Raamwerk vir Interregeringsverhoudings 13 van 2005.	Die wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder om 'n stabiele en responsiewe regeringsbestuurstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk.

## Kernfunksies van die Departement

Die Departement is verbind tot die volgende twee kernfunksies:

- 'n Maatskaplike welsynsdiens aan die armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies; en
- 'n Gemeenskapsontwikkelingdiens wat volhoubare ontwikkelingsprogramme verskaf wat die bemagtiging van gemeenskappe faciliteer.

## Beleidsmandate

<b>Beleid</b>	<b>Impak op funksionaliteit van die DMO</b>
Hersiene Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR) 2019-2024.	Hierdie MTSR is die regering se implementasieplan en moniteringsraamwerk vir die bereiking van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030-prioriteite vir die tydperk 2019-2024. Die implementasieplan fokus op sewe prioriteite en verwante intervensies, terwyl die geïntegreerde moniteringsraamwerk fokus op monitoring en uitkomste, aanwysers, en teikens vir die verwesenliking van prioriteite. Die hersiene MTSR 2019-2024 bevorder belyning, koördinering en volle integrasie van alle ontwikkelingsbeplanningsinstrumente in 'n geïntegreerde raamwerk.
Nationale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030 (2012).	Die NOP het ten doel om armoede uit te wis en ongelykheid te verminder teen 2030. Volgens die plan kan Suid-Afrika hierdie doelwitte bereik deur die energie van sy mense te benut, die inklusiewe ekonomiese groei te bevorder, die kapasiteit van die staat te verbeter en leierskap en vennootskap in die gemeenskap te bevorder.
Een Kaap2040. Van visie na optrede (2012).	Die WKR het hierdie visie en strategie in Oktober 2012 aanvaar. Dit beoog om 'n oorgang te stimuleer na 'n meer inklusiewe en veerkrugtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap. Dit verwoord 'n visie van hoe mense in die Wes-Kaap kan saamwerk om hulle streekseconomie en die gemeenskap in die algemeen te ontwikkel, en in die proses riglyne vir beplanning en optrede te implementeer om 'n gemeenskaplike verbintenis en aanspreeklikheid tot volgehoue langtermynvordering te bevorder.
Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019 - 2024.	Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se visie en prioriteite uiteensit en voortbou op die grondslae wat tydens die laaste twee ampstermyne gevestig is. Die WKR is verbind tot die bou van 'n waardegebaseerde bevoegde staat wat geleenthed moontlik maak en verantwoordelikheid bevorder in 'n veiliger Wes-Kaap. Die visie – 'n veilige Wes-Kaap waar almal voorspoedig is – word uitgedruk in die vyf visiegeïspireerde strategiese prioriteite wat vir die tydperk 2019-2024 geïdentifiseer is, naamlik Veilige en Samehorige Gemeenskappe; Groei en Werksgeleenthede; Bemagtiging van Mense, Mobiliteit en Ruimtelike Transformasie; en Innovering en Kultuur.
Herstelplan vir die Wes-Kaap (2021).	Hierdie plan is 'n erkenning van en reaksie op die COVID-19 pandemie en die negatiewe sosio-ekonomiese uitwerking op die inwoners van die Wes-Kaap. Dit identifiseer die probleme wat 'n dringende reaksie van die hele samelewing vereis om werk te skep, veilige gemeenskappe en die welstand van al die inwoners van die Wes-Kaap te bevorder. Hierdie plan sal geïmplementeer word binne die bestek van die vyf visiegeïspireerde strategiese prioriteite wat in die PSP (2019-24) verwoord is.

<b>Beleid</b>	<b>Impak op funksionaliteit van die DMO</b>
Wes-Kaapse Provinciale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (2014).	Die raamwerk dien as 'n basis vir die koördinering, integrering en belyning van "op die grond" lewering van nasionale en provinsiale departemente programme; dit ondersteun munisipaliteite om hulle municipale beplanningsmandaat na te kom in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale agendas; en ondersteun en kommunikeer die Regering se ruimtelike ontwikkelingsvoornemens aan die private sektor en die burgerlike samelewing.
Wes-Kaapse Regering Hele-samelewingbenadering (WoSA) tot Sosio-ekonomiese Ontwikkeling (2018).	Die WoSA beoog veilige, sosiaal-verbonde, veerkragtige en bemagtigde burgers en gemeenskappe met billike toegang tot maatskaplike dienste en geleenthede. Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir geïntegreerde en innoverende maatskaplike ontwikkeling in 'n gefaseerde benadering. Dit is ontwikkel met die oogmerk om ooreenkoms te bereik oor die nuwe manier om maatskaplike ontwikkeling te bevorder deur 'n "Hele-samelewing-benadering".
Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997).	Die Witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur rigtinggewende beginsels, beleid en programme te verskaf vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste.
Witskrif oor Bevolkingsbeleid (1998).	Die Witskrif bevorder volhoubare menslike ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikaners deur die integrasie van bevolkingskwessies in ontwikkelingsbeplanning in die verskillende sfere van regering en alle sektore van die samelewing. Die Departement het 'n mandaat om die implementering van die beleid en die impak daarvan op bevolkingstendense en dinamika in die konteks van volhoubare menslike ontwikkeling te monitor.
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Beleid oor die Befondsing van Nie-regeringsorganisasies vir die Voorsiening van Maatskaplike Welsyn en Gemeenskapsontwikkelingsdienste (2015) soos gewysig in 2017.	Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige wyse bestuur word wat aanspreeklikheid, toegang, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder om die DMO in staat te stel om sy missie, naamlik om 'n omvattende netwerk van maatskaplike ontwikkelingsdienste te vestig wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes bemagtig, te verwesenlik.
Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2013) en Hersiene Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2021).	Die hoofdoel van hierdie Witskrif is om gesinswelstand aan te moedig, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk, en gesinskwessies deel van die hoofstroom van regeringswyse beleidmakingsinitiatiewe te maak. Die Departement het 'n provinsiale plan opgestel vir die implementering van die Witskrif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Gesinsdiensteforum aanvaar is. Die Hersiene Witskrif vir Gesinne bou voort op die positiewe beginsels van voorafgaande beleidsdokumente en is daarop gemik om die kritiek en besware teen die moralistiese toonaard en enge omskrywings van gesinslewe in Suid-Afrika in gedeeltes van die eerste Witskrif op Gesinne aan te spreek. Hierdie hersiening bring die beleidsdokument in pas met die eietydse situasie van gesinne in Suid-Afrika en integreer terugvoering van belanghebbendes van die staat en burgerlike samelewing wat deelgeneem het aan oorlegpleging tydens die hersiening van die Witskrif.
Raamwerk vir Maatskaplike Welsynsdienste (2013)	Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk is belyn met die Geïntegreerde Diensteweringsmodel en maak voorseening vir 'n gestandaardiseerde proses waardoor maatskaplike werkers generiese maatskaplike welsynsdienste sal lewer wat van die verlangde gehalte is en wat omvattend, geïntegreerd, regtegebaseerd en goed toegerus is.

<b>Beleid</b>	<b>Impak op funksionaliteit van die DMO</b>
Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplike Welsynsdienste (2013)	Verskaf die maatstawwe vir die voorsiening van maatskaplike welsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplike Welsynsdienste.
Nasionale Dwelmmeeesterplan 2019-2024 (2019)	Die plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede te koördineer in ooreenstemming met die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008). Die doel daarvan is om te verseker dat die land oor 'n eeniformige reaksie ten opsigte van middelmisbruik beskik.
Supervisie Raamwerk vir die Maatskaplike werk-beroep in Suid-Afrika (2012)	Verskaf die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, maatskaplike werk-studente, maatskaplike hulpwerkers, leerling-maatskaplike hulpwerkers, maatskaplike werk- spesialiste en privaat praktisyne, om bekwame professionele praktekte in maatskaplike werk te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers in die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.
Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsynsdienste (V5) (2012).	Hierdie nasionale raamwerk verskaf 'n konsekwente stelsel en duidelike standaarde vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplike welsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan uiteen.
Nasionale Jeugbeleid 2020-2030 (NJB 2030) (2021).	Die Nasionale Jeugbeleid 2030 is 'n kruissektorale beleid wat daarop gemik is om positiewe jeugontwikkelingsuitkomste vir jongmense op plaaslike, provinsiale en nasionale vlakke in Suid-Afrika te bewerkstellig. Hierdie beleid bou voort op Suid-Afrika se 1ste en 2de Nasionale Jeugbeleid wat die tydperke 2009-2014 en 2015-2020, respektiewelik, dek. Die beleid erken dat prioritising van hulpbronne, jeugontwikkeling, jeugopvoeding, ekonomiese deelname sowel as fisiese en geestelike gesondheid moet insluit. Die gewenste uitkoms van die beleid is bemagtigde jeug wat toegerus is met inligting, kennis en vaardighede wat hulle in staat stel om geleenthede aan te gryp en effektiel verantwoordelikheid te neem om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n demokratiese en welvarende Suid-Afrika.
'n Jeugontwikkelingstrategie vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013).	Om die Departement se jeugontwikkelingsprogramme en prioriteite te lei, toe te lig en te rig om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanningsdokument wat daarop gemik is om in die behoeftes van jongmense in die Wes-Kaap te voorsien.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013).	Die doel van die (provinciale) jeugontwikkelingstrategie is om ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hulle omgewing omgaan en suksesvol ontwikkel in verantwoordelike, onafhanklike, stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voorjeugse fase tussen 10 en 14 jaar en die "jeug"-fase tussen 15 en 24 jaar.
Beleid oor Maatskaplike Ontwikkelingsdienste aan Persone met Gestremdhede (2017).	Die hoofdoel is om die lewering van hoofstroom maatskaplike-ontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede te rig en te koördineer. Dit het ten doel om te verseker dat die waardigheid en regte van persone met gestremdhede beskerm en vervul word deur die voorsiening van toepaslike sosio-ekonomiese programme en dienste waardeur hulle insluiting verseker word.
Beleidsraamwerk – Dienste aan Persone met Intellektuele Gestremdhede (2015).	Die doel van die raamwerk is die lewering van gekoördineerde en vaartbelynde dienste aan persone met intellektuele gestremdhede (PMIG) deur verskillende provinsiale departemente/sektore om 'n persongesentreerde benadering tot PMIG en hul gesinne te verseker deur die profiel van behoeftes van die PMIG en toepaslike departementele rolle, verantwoordelikhede en potensiële befondsingsmodelle oor sektore heen te bepaal om aan die geïdentifiseerde behoeftes te voldoen.

<b>Beleid</b>	<b>Impak op funksionaliteit van die DMO</b>
Beleid oor die evaluering, vrylating en herintegrasie van gevonnisse inwoners in DMO-kinder- en jeugsorgsentrum in minder beperkende alternatiewe of ouerlike sorg (2014)	Hierdie beleid bied riglyne vir die evaluering, vrylating en herintegrasie van gevonnise inwoners in kinder- en jeugsorgsentrum deur minder beperkende alternatiewe sorgplasings soos voorvoorsiening gemaak in Hoofstuk 11 van die Kinderwet, Wet 38 van 2005, Regulasies.
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Strategie vir Verbetering van Kindersorg- en Beskermingsdienste (2015).	Die strategie is ontwikkel om die risiko's wat met die implementering van die statutere vereistes, norme en standarde van die Kinderwet gepaardgaan tot 'n minimum te beperk. Die strategie identifiseer die onderliggende oorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te takel.
Standaard Bedryfsprosedures (SBP) vir Kanaliseringsdienste (2021).	Hierdie SBP verskaf aan streeksdirekteure en hulle kinderbeskermingspersoneel die riglyne en prosedures vir die aanwending van kanaliseringsdienste ten opsigte van kinders wat in die alternatiewe sorgstelsel opgeneem word of alreeds daarin verkeer. Hierdie SBP is van toepassing op alle Kanaliseringsbeamptes in die streeks- en plaaslike kantore asook die Direktoraat: Fasiliteitsbestuur.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Standaard Bedryfsprosedure (SBP) vir die Verwydering van Straatkinderen na 'n Plek van Veiligheid en Daaropvolgende Prosesse (2015).	Die SBP is opgestel as 'n stap-vir-stap riglyn oor hoe om te werk te gaan wanneer 'n straatkind wat versorging en beskerming nodig het na 'n plek van veiligheid verwyder word. Dit gee 'n uiteensetting van die rolle en verantwoordelikhede van die Departement se personeel en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëring sektore.
Gehalteversekeringsraamwerk vir prestasiemonitoring van maatskaplike welsyn- en gemeenskapsontwikkelingsdienstewerking (2015).	Hierdie provinsiale raamwerk is belyn met die nasionale Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en voorsien omvattende prestasiemonitoring deur 'n gehalteversekeringsbenadering vir gemeenskapsontwikkelings- en maatskaplike welsynsdienste in die Department asook die OSW- sektor in die provinsie. Dit fokus ook op gehalteverbetering in dienslewering, omskryf die standarde van uitnemendheid en hoe dit gemonitor en bestuur moet word.
'n Gehalteversekeringsprotokol vir Kinder- en jeugsorgsentrum 2016-2018 (2016).	Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op wetgewende administratiewe nakoming, nakomende korporatiewe bestuur en voldoening aan registrasie en Nasionale Norme en Standaarde vereistes vir KJSS'e.
Wes-Kaapse Proviniale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrum (KJSS'e) (2016).	Hierdie strategie beheer die voorsiening van 'n voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die spektrum van sorg en toepaslike sentrumgebaseerde programme oral in die Provinie, in ooreenstemming met die Provinie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoewysings en beskikbaarheid van infrastruktuur.
Wes-Kaapse Regering se Strategiese Raamwerk vir Huishoudelike Voedsel en Voeding (2016).	Die Wes-Kaapse Regering se Strategiese Raamwerk vir Voedselsekerheid en Voeding teken spesifieke tekortkominge in die huidige voedselstelsel om te verseker dat dit alle inwoners van die Wes-Kaap dien. Die Strategiese Raamwerk verwoord die uitkomste en doelwitte wat programme verbind met die vermindering van hongersnood en verbeterings in gesondheid, voeding en produktiwiteit om al die inwoners van die Wes-Kaap te ondersteun om aktiewe en produktiewe lewens te lei.
Witskrif oor die Regte van Mense met Gestremdhede (2015).	Die Witskrif onderskryf 'n hoofstroombaan vir die verwezenliking van die regte van persone met gestremdhede deur die skepping van 'n vrye en regverdigte samelewing wat persone met gestremdhede as gelyke burgers insluit. Dit lei en moedig selfverteenvoerdiging van persone met gestremdhede aan.

<b>Beleid</b>	<b>Impak op funksionaliteit van die DMO</b>
	Dit skets in breë trekke die verantwoordelikhede en aanspreeklikhede deur middel van nege strategiese pilare wat belanghebbendes belas met die verantwoordelikheid om die voortgesette sistemiese diskriminasie en uitsluiting wat deur persone met gestremdhede ervaar word, uit te wis. Dit lei die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling om hindernisvrye, toepaslike, doeltreffende en gekoördineerde dienslewering te verskaf.
Gestremheidhoofstromingstrategie 2015 -2020 (2015).	Die Wes-Kaapse DMO se hoofstroomstrategie vir gestremdheid is 'n vyfjaar-strategiese plan wat die Departement lei in die gebruik van hoofstroming as 'n strategie om die verskuiwing van gestremheidskwessies van die kantlyn na die middelpunt van bespreking regdeur die Departement se dienslewering te bespoedig.
Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (2020).	Hierdie plan het ten doel om 'n multisektorale, samehangende strategiese beleid en programmeringsraamwerk te verskaf om 'n gekoördineerde nasionale reaksie op die krisis van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord deur die regering van Suid-Afrika en die land te versterk. Die strategie beoog om die behoeftes en uitdagings wat almal in die gesig staar aan te spreek, veral vroue van alle ouderdomme, seksuele oriëntasie, seksuele en geslagsidentiteite en spesifieke groepe, soos bejaarde vroue, vroue wat met gestremdheid leef, migrerende vroue en transvroue wat deur die vlaag van geslagsgebaseerde geweld in Suid-Afrika geraak word.

## Tersaaklike Hofuitsprake

### **Hoë Hof van Suid-Afrika (Wes-Kaap): tersaaklik ten opsigte van kinders met ernstige intellektuele gestremdhede, saaknommer 18678/2007.**

Die uitspraak is op 11 November 2010 gelewer, en die regering is gelas om redelike maatreëls te voorsien vir bekostigbare basiese opvoeding van gehalte vir kinders met ernstige en diepliggende intellektuele gestremdhed. In nakoming van die hofbevel, maak die Departement voorsiening vir die salaris, opleiding en akkreditasie van personeel en programimplementeerders van spesialeorg-sentrum. Die Departement moet hierbenewens ook fondse voorsien vir die veilige vervoer van hierdie kinders na en van die sentrum.

### **Hoë Hof van Suid-Afrika (Gauteng Provinciale Afdeling-Pretoria): tersaaklik ten opsigte van kinders met ernstige of diepliggende ontwrigtende gedragsprobleme, saaknommer 73662/16.**

'n Hofbevel is op 2 Augustus 2018 gemaak wat die Nasionale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Onderwys gelas om voorsiening te maak vir die toepaslike alternatiewe sorg, geestesgesondheidsdienste en opvoekundige behoeftes van kinders met ernstige of diepliggende ontwrigtende gedragsprobleme. 'n Intersektorale projekbestuurskomitee is gestig om maatreëls in te stel om die situasie te hanter deur die ontwikkeling van 'n verwysingsprotokol.


### **Hoë Hof van Suid-Afrika (Wes-Kaap): tersaaklik ten opsigte van slagoffers van Geslagsgebaseerde Geweld, saaknommer SS17/2017.**

Die uitspraak is op 21 September 2017 gelewer, wat die WKR DMO gelas om toepaslike monitering, berading en nasorg te lewer vir slagoffers van seksuele misdrywe. Daarbenewens moet die Departement verseker dat die OSW's wat hierdie dienste lewer en befondsing van die Departement ontvang hulle kontraktuele verpligtings nakom.

### **Hoë Hof van Suid-Afrika (Wes-Kaap): tersaaklik ten opsigte van die pleegsorgstelsel, saaknommer 55477/2020.**

Uitspraak is op 12 November 2020 gelewer en het die Nasionale en Provinciale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling asook die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekuriteitsagentskap (SASSA) gelas om voort te gaan met die betaling en bestuur van pleegsorgbevele wat sedert November 2019 verval het. Die NDMO is opdrag gegee om (binne 12 maande van die bevel) die nodige wysigings aan die Kinderwet, 2005, voor te berei en in werking te stel. Verder is enige pleegsorgbevel wat ten tyde van hierdie hofbevel verval het, geag geldig te wees vir 24 maande vanaf die datum van die hofbevel of totdat die kind 18 jaar oud word, wat ook al eerste plaasvind. Daarbenewens is die Provinciale DMO opdrag gegee om drie maandelikse verslae oor die vordering van die aangeleentheid in te dien.

## 8. Organisatoriese Strukture<sup>1</sup>



## 9. Instellings wat aan die Minister/LUR verslag doen.

Nie van toepassing nie.

<sup>1</sup> Soos op 31 Maart 2022.

## Deel B: Prestasie-inligting

### 1. Verslag van Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte

Die OGSA voer tans sekere auditprosesse ten opsigte van prestasie-inligting uit om redelike sekerheid in die vorm van 'n auditbevinding te verskaf. Die auditbevinding oor prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word in die verslag aan bestuur ingesluit, met geen wesenlike bevindinge wat onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die verslag oor ander wetlike en regulatoriese vereistes-afdeling van die ouditeur se verslag gerapporteer word nie. Verwys na bladsy 151 van die Verslag van die Ouditeur-Generaal in Deel E: Finansiële Inligting.

### 2. Oorsig oor Departementele prestasie

#### 2.1 Diensleweringssomgewing

COVID-19 het 'n beduidende ekonomiese en sosio-ekonomiese impak gehad op die gemeenskappe wat deur die Departement gedien word. In reaksie hierop, verskaf die Wes-Kaapse Herstelplan, wat belyn is met die Provinciale Brandpuntstrategie, leiding oor die prioritisering van dienste terwyl die veiligheid van personeel en kliënte verseker word.

Die Wes-Kaapse bevolking word geraam op 7.2 miljoen in 2022<sup>2</sup>, en bestaan uit meer as 2 miljoen huishoudings met 'n gemiddelde huishoudinggrootte van 3.4 lede. Voor die staat van inperking was die werkloosheidskoers in die Provincie 20.9 persent en teen die einde van die vierde kwartaal van 2021 het dit gestyg na 28.0 persent. 'n Toename in werkloses wat nie werk soek nie is ook waargeneem oor dieselfde tydperk. Indien die uitgebreide definisie van werkloosheid gebruik word, wat die werkloses wat nie werk soek nie insluit, het werkloosheid gegroei van 24.8 persent in die eerste kwartaal van 2020 tot 30.4 persent teen die vierde kwartaal van 2021.<sup>3</sup>

Werksverliese en stygende werkloosheid gedurende die staat van inperking het die risiko van voedselonsekerheid en hongersnood in beide die metro- en nie-metrogebiede van die Provincie verhoog, met baie huishoudings wat nie vir hulself en hulle gesinne kan voorsien nie. Wes-Kaapse huishoudings wat nie voldoende toegang tot voedsel gehad het nie, het toegeneem met 13.6 persent in 2020<sup>4</sup>, in vergelyking met 10.4 persent in 2019<sup>5</sup>. Op soortgelyke wyse, het die huishoudings met ernstige onvoldoende toegang tot voedsel toegeneem na 10.1 persent, in vergelyking met 7.4 persent oor dieselfde tydperk. In reaksie hierop het die Departement voortgegaan om maaltye vir geteikende begunstigdes by sy voedingspunte en GVOS's te verskaf, ondersteuning te gee aan gemeenskapskombuisie en sy vennootskap met OSW's en Drakenstein Munisipaliteit om voedselonsekerheid oor die afgelope jaar te hanteer. Inperkingsmaatreëls het ook 'n negatiewe uitwerking gehad op haweloses se toegang tot bestaande skuilingsdienste. Die Departement het voortgegaan met sy vennootskap met Stad Kaapstad en Drakenstein Munisipaliteit in die voorsiening van steun aan hierdie tydelike skuilings, het die uitbreiding van bedspasie in sy befondsde skuilings in stand gehou en psigososiale steun en herenigingsdienste verskaf aan die haweloses volwassenes en hulle gesinne.

COVID-19 het ook 'n beduidende impak of die welstand en veerkragtigheid van gesinne gehad, soos duidelik blyk uit die merkbare toename in die aanvraag na psigososiale ondersteuningsdienste sedert die vorige boekjaar. Die uitwerking van COVID-19 en die inperkingsmaatreëls op kinders is kommerwekkend. 'n Beraamde 2 miljoen kinders<sup>6</sup> tussen die ouderdomme van 0 en 17 jaar woon in die Wes-Kaap, en verteenwoordig omtrent 'n derde van die bevolking. Die ouderdomskohort van 0 tot 4 jaar bestaan uit ongeveer 583 728 kinders<sup>2</sup>.

<sup>2</sup> Statistiek Suid-Afrika (2021). Mid-jaar Bevolkingsberaming MBB 2021.

<sup>3</sup> Statistiek Suid-Afrika (2021). Kwartaallikse Arbeidsmag Oorsig KAO K4:2021.

<sup>4</sup> Statistiek Suid-Afrika (2021). Algemene Huishoudelike Oorsig 2020.

<sup>5</sup> Statistiek Suid-Afrika (2020). Algemene Huishoudelike Oorsig 2019.

<sup>6</sup> Statistiek Suid-Afrika, 2022. Mid-Jaar Bevolkingsberaming MJBB 2021 Enkel ouderdomme volgens Distrik WK 2011-2031 Beta.

Kinders in die Provincie se mees kwesbare en gemarginaliseerde gebiede is blootgestel aan 'n hoër risiko van mishandeling en geweld, soos weerspieël in die voorkoms van kindermoord<sup>7</sup> en seksuele viktimasie<sup>8</sup>. Die kwesbaarheid van hierdie kinders het toegeneem as gevolg van groeiende voedselonekerheid in huishoudings<sup>9</sup>, wat lei tot 'n hoër risiko van beperkte groei, wanvoeding en verwaarlozing van kinders, in vergelyking met die tydperk voor COVID-19. 'n Verdere risiko vir kinders was die moontlike onderrapportering en laat opsporing van gevalle van kinders wat sorg en beskerming nodig het weens die sluiting van skole en vroeëkinderontwikkelingsentrums gedurende die staat van inperking. Die Departement het sy statutêre mandaat uitgevoer ten opsigte van kindersorg en beskerming en sy doeltreffendheid verbeter deur die koördinering van Voorkoming en Vroeë Intervensiedienste (VVI) via die geïntegreerde Risiha (voorheen Isibindi) program, wat bestaan uit Instapsentrums, NSS-sentrums en Risiha programkoppelings, en die ontwikkeling van veerkrachtigheid deur versterking en bewaring van hegte familiebande.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2.4 miljoen<sup>10</sup> jongmense tussen die ouderdomme van 15 and 34 jaar. Werkloosheid, maatskaplike patologieë, (soos middelmisbruik en bendeverbante aktiwiteit), die negatiewe impak van inperkingsmaatreëls op onderwys, beperkte werksgeleenthede en 'n swak Suid-Afrikaanse ekonomie, het steeds 'n negatiewe uitwerking op hierdie kohort.

Hierdie risikofaktore beïnvloed die welstand van die jeug in die Provincie en beklemtoon die belangrikheid van die Departement se fokus op jeugontwikkeling. Pogings in hierdie verband sluit in die verskaffing van vaardighede en persoonlike ontwikkeling, opleiding en digitale geletterdheid, asook pos-profiling van jongmense wat gemeenskapsgebaseerde organisasies en Jeugkafees bywoon. Die UOWP is ook 'n belangrike intervensieprogram wat vaardigheidsopleiding en armoedeverligting vir werkloses oor die kort- tot mediumtermyn verskaf deur die skepping van 2 123 werksgeleenthede in die OSW sektor.

Jeug wat in botsing met die geregtige verkeer, is 'n kernbekommernis vir die Provincie, veral jeug wat by geweldsmisdaad betrokke is. Agt polisiestasies in die Provincie is ingesluit in die lys van die top 30 polisiestasies in die land vir aanmelding van moord in die tweede kwartaal van 2021/22 en nege vir gewone aanranding. Meeste van hierdie polisiestasies is in die Kaapse Metro<sup>11</sup>.

Wat ouer persone betref, is daar na beraming 770 847 persone van 60 jaar en ouer in die Wes-Kaap woonagtig (in 2022), waarvan 58 persent vroue is. Daar word voorspel dat hierdie getal teen 2031<sup>12</sup> na 1 084 180 sal groei en amper verdriedubbel, na 2 044 461, teen 2050<sup>13</sup>. Toegang tot gehalte maatskaplike ontwikkelingsdienste vir Ouer Persone oor die afgelopen jaar is gefasiliteer deur die verskaffing van onafhanklike lewensbestaan en lewensorondersteuning, verswakte versorging en toepaslike gemeenskapsgebaseerde intervensies. Die Departement het ook verseker dat die waardigheid en regte van ouer persone beskerm word. Gegewe die spesiale kwesbaarheid van ouer persone, het die Departement voortgegaan om COVID-19 infeksiekoerse te moniteer en gesondheids- en veiligheidsprotokolle by residensiële fasiliteite regoor die Provincie ondersteun.

<sup>7</sup> Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DSD), 2019. *Interne Analise van SAPD Kindermoorddata in die Wes-Kaap 2013-2018*.

<sup>8</sup> Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2018). 'n Evaluering van Psigososiale Ondersteuningsdienste, befonds deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling vir slagoffers van Seksuele misdrywe by uitgesoekte Thuthuzela Sorgsentrums in die Wes-Kaap. Interne verslag saamgestel deur Petro Brink en Faheema Esau.

<sup>9</sup> Direktoraat Navorsing, Bevolking en Kennisbestuur (2020). Groei hongersnood as gevolg van Covid-19? Die DMO ervaring. Ongepubliseerde verslag.

<sup>10</sup> Statistieke Suid-Afrika, 2022. Mid-Jaar Bevolkingsberaming MJBB 2021 Enkel ouerdomme volgens Distrik WK 2011-2031 Beta.

<sup>11</sup> Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) 2021. Tweede kwartaal Misdaadstatistieke 2021/22.

<sup>12</sup> Statistieke Suid-Afrika, 2022. Mid-Jaar Bevolkingsberaming MJBB 2021 Enkel ouerdomme volgens Distrik WK 2011-2031 Beta.

<sup>13</sup> Statistieke Suid-Afrika, 2020. Mid-Jaar Bevolkingsberaming MJBB Enkel ouerdomme volgens Provinse 2002-2050\_2020.

Regstellingsintervensies ter ondersteuning van persone met gestremdhede sluit in hoofstroming, ondersteuning en bevordeing van die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hulle gesinne, en versorgers so dat hulle 'n gelyke geleentheid kan hê om deel te neem aan alle lewensterreine. Gedurende die 2021/22 boekjaar het die Departement voortgegaan om COVID-19 infeksiekoerse te moniteer en het gesondheids- en veiligheidsprotokolle by residensiële fasiliteite en dagsorgsentrums regoor die Provincie ondersteun.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap bly kommerwakkend. Die getal aangemelde gevalle van moord in die provinsie het byvoorbeeld toegeneem van 2 308 in 2010/11 tot 3 818 in 2020/21 (SAPD, 2021) met 'n voorkomssyfer van 40.3 (vir 2010/11) en 54.4 (vir 2020/21) per 100 000 van die bevolking. In vergelyking hiermee het die voorkomssyfer vir moord vir die land as geheel toegeneem van 31.3 per 100 000 in 2010/11 (15 983 gevallen) tot 33.3 per 100 000 (19 846 gevallen) in 2020/21.

GGG-verwante seksuele misdrywe<sup>14</sup> was verantwoordelik vir 6.9 persent (6 456) van hierdie kontakmisdaade gedurende die 2020/21 boekjaar. Verdere ontleidings van SAPD Misdaadstatistieke vir 2020/21 duï aan dat die nasionale koers vir seksuele misdrywe 78.0 per 100 000 van die bevolking is (46 447 incidente) terwyl die Wes-Kaapse koers baie hoër is teen 92.0 per 100 000 (6 456 incidente) van die bevolking<sup>15</sup>. Op nasionalevlak was verkragting by verre die mees algemene tipe seksuele misdryf, met 36 463 incidente wat nasionaal aangemeld is in 2020/21. Hiervan was 4 439 seksuele misdrywe aangemeld in die Wes-Kaap. Die 4.9 persent toename in verkragting in die provinsie van 2018/19 tot 2019/20 is kommerwakkend aangesien die aanmeldingstendens in vorige jare 'n afwaartse neiging getoon het.

Ook kommerwakkend is die SAPD se Verslag oor Misdaadstatistieke (2021)<sup>16</sup> wat aandui dat nege van die polisiestasies in die lys van die top 30 stasies in die land wat seksuele aanranding rapporteer in die Wes-Kaap is. Berigte van toename in geslagsgebaseerde geweld, veral huishoudelike geweld tydens die inperkingstydperk, het beklemtoon hoe kwesbaar vroue is vir geweld. 'n Beduidende toename in slagoffers van GGG wat vir psigososiale dienste aangemeld het is waargeneem tydens die vorige boekjaar. Die Departement het verskeie GGG-intervensies geïmplementeer, wat insluit die aanstelling van maatskaplike werkers wat spesialiseer in GGG by alle DMO Streekkantore, die uitbreiding van die beskikbaarheid van terapeutiese ondersteuning aan slagoffers van seksuele misdaad, die ontplooiing van OSW-maatskaplike werkers by geïdentifiseerde brandpungebiede en die voortgesette befondsing van 26 skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders. Slagofferbemagtigingsdienste sluit in ondersteuning vir slagoffers van mensehandel, slagoffers van huishoudelike en seksuele geweld, asook opleiding in die voorkoming van GGG, wat geïntegreer is met oueropvoeding en opleidingsprogramme in alle DMO KJSS'e.

Geweld teen vroue en kinders word dikwels vererger of veroorsaak deur dwelmmisbruik. Die Departement het 'n reeks DMV-dienste verskaf tydens die 2021/22 boekjaar, insluitend voorkoming, vroeë intervensie, behandeling en nasorgdienste om die effektiewe herintegrasié van kliënte in hulle gemeenskappe van herkoms en die breër gemeenskap te verseker. Dit sal voortgaan om inisiatiewe te ondersteun om die nadelige gevolge van Fetale Alkoholspektrum-afwyking (FASA) in kinders te takel. Hierdie inisiatiewe sluit in die toerus van VKO-praktisys met die vaardighede om die toepaslike spektrum van ondersteuning aan kinders met FASA te bied en die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde bewusmakingsprogramme vir swanger vroue. Die Departement het ook DMV-voorkomings- en behandelingsprogramme in al sy KJSS'e voorsien en het hierdie diens uitgebrei na beide GGG-skuilings en skuilings vir hawelose volwassenes.

<sup>14</sup> SAPD 2021. Kwartaallikse Misdaadstatistieke 2020/2021 gekombineer en intern ontleed deur die Direktoraat Navorsing en Inligtingsbestuur.

<sup>15</sup> Statistieke Suid-Afrika, 2020. Mid-Jaar Bevolkingsberaming MJBB Enkel ouderdomme volgens Provincie 2002-2050\_2020.

<sup>16</sup> SAPD. 2021. Tweede Kwartaal Misdaadstatistieke 2021/22.

## 2.2 Diensleweringsverbeteringsplan

As gevolg van 'n voortgesette hersiening van die 2008 Diensleweringsverbeteringsplan (DLVP) opdrag deur die Departement van die Staatsdiens en -Administrasie (DSA), het DSA opdrag gegee deur DLVP Omsendbrief 1 van 2020/21, uitgereik op 24 Maart 2021, dat dit nie van nasionale en provinsiale departemente vereis word om 'n goedgekeurde DLVP te ontwikkel of te implementeer tydens die 2021/22 boekjaar nie.

## 2.3 Organisatoriese omgewing

Na die proklamasie van die VKO se verskuiwing uit die Departement na die WKOD van 1 April 2022, het 'n gesamentlike taakspan die oordrag van personeel, hulpbronne en datalinligting na die WKOD gehanteer om die minimum ontwigting van die sektor te verseker. Die organisasieontwerp-assessering van die VKO en Gedeeltelike Sorg-Direktoraat is ook gefinaliseer en goedgekeur om die migrasie van personeel van die DMO na die WKOD te verseker. In totaal is 58 personeellede, hulle toegewysde bates asook die geoormerkte fondse vir die 2022 MTUR oorgedra na die WKOD. Die Departement sal die WKOD verder bystaan in 'n raadgewende rol vir die eerste ses maande van die 2022/23 boekjaar.

Organisatoriese ontwikkelingsprosesse om die doeltreffendheid van die organisatoriese struktuur te verbeter sluit in:

- Die sentralisering van die VKB-verkrygingsfunksie by Hoofkantoor, spesifiek die menslike hulpbronvereistes vir die sentralisering van die funksie; en
- Die belyning van streekstrukture met maatskaplikewerk-norme en standarde en die administratiewe ondersteuningspersoneel wat nodig is om aan hierdie norme en standarde te voldoen.

Die Departement het die SBP vir Kanalisering gedurende die 2021/22 boekjaar hersien. Die protokolle vir die sifting van voornemende veilige- en pleegouers is duideliker uitgespel om die gesiktheid van individue en die beste uitkomste vir kwesbare kinder te verseker.

Die Departement het begin met die implementering van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (WBPI/POPIA) en sal voorgaan om te verseker dat die Wet en die Regulasies ten volle geïmplementeer is in die Departement. 'n Inligtingsbeampte en adjunk-inligtingsbeampte is aangestel. Die Handleiding vir die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI/PAIA) is op datum gebring om POPIA in te sluit en die Departement het 'n Privaatheidsbeleid en Privaatheidskennisgewing opgestel. Persoonlike inligting impakassesserings word onderneem om databeskermingsrisiko's te identifiseer en verminder. Die Departement het ook 'n kommunikasie en voorspraakveldtog onderneem om alle personeel in te lig aangaande POPIA en departementele beleid ten opsigte van persoonlike inligting.

## Menslikehulpbronbestuur

### Indiensneming en vakatures

Die Departement was in staat om verskeie befondse vakante poste te vul binne die goedgekeurde departementele organisatoriese struktuur en het 145 maatskaplike werk gegradeerde wat houers was van NDMO maatskaplikewerk-beurse op kontrak aangestel. Bykomende personeellede op die diensstaat is grootliks as gevolg van vorige herstrukturieringsprosesse wat die uitkontraktering van nie-noodsaaklike dienste soos skoonmaak en sekuriteit meegebring het.

Die Departement het die volgende organisasie-ontwerpprosesse gedurende die 2019/20 prestasiesiklus geïnisieer. Die Korporatiewe Sentrum het hierdie ontwerpprosesse gedurende die 2020/21 prestasiesiklus gestaak:

- Hersiening van die optimale funksionaliteit van die ses streekskantore; en
- Hersiening van die optimale funksionaliteit van die Direktoraat VKB.

Die volgende organisatoriese ontwerpprosesse is tydens die 2021/22 prestasiesiklus afgehandel:

- Oordrag van die VKO-funksie na die WKOD; en
- Oorsig van maatskaplike werker-bestuursposte in die Weskus-streek en bykomende poste in die Metro-Noordstreek.

## **Personeelopleiding**

Die voorsiening van opleidingsgeleenthede bly 'n prioriteit vir die Departement ten einde 'n hooggeskoonde professionele werksmag te verseker, wat gehalte dienste aan ons kliënte en begunstigdes kan lewer. As gevolg van COVID-19 regulasies, was slegs 'n beperkte aantal opleidingsverskaffers in staat om die beperkings wat op klaskameropleiding geplaas is na te kom. Die grootste gedeelte van die departementele opleiding is dus op virtuele platforms aangebied.

Met die implementering van die gemeenskapsontwikkelingsnorme en -standarde, het die Departement die Universiteit van Wes-Kaapland genader vir bystand met opleiding, wat vier gratis virtuele kapasiteitsbousessies aangebied het vir gemeenskapsontwikkeling- en maatskaplike diens-praktisyne. Hierdie sessies het gefokus op die Bestek en Praktyk van Gemeenskapsontwikkeling, Gemeenskapsprofiling en die Ontwikkeling van 'n Teoretiese Diskoers met betrekking tot Gemeenskapsontwikkeling wat diversiteit in ag neem.

Ander aanlynleer-programme wat aangebied is vir maatskaplike dienspraktisyne en steunpersoneel sluit in opleiding ten opsigte van die Kinderwet; Gesinsbehoud; Opstel van Hofverslae; Etiek vir Maatskaplike Werkers; Hersiene Administratiewe Instrumente in Maatskaplike Welsyn vir Maatskaplike Werkers; Bedrogbewussyn; Finansiële Geletterdheid; Verpligte Induksieprogramme en Staatsdiensinduksieprogramme; Sosiale Media, Kontrakbestuur; Beskerming van Persoonlike Inligting en Beroepsgesondheid en Veiligheid.

Die Departement het 52 personeelbeurse toegeken in gespesialiseerde rigtings waar 'n vaardigheidstekort bestaan, naamlik verslawingsorg, kinder- en gesinstudies, kliniese maatskaplike werk, proefdienste en forensiese maatskaplike werk. Daarbenewens is 18 verslawingsorg-beurse toegeken aan mense buite die Departement om die beskikbaarheid van gekwalificeerde professionele personele in hierdie veld uit te brei.

## **Tegnologiese omgewing**

Tegnologie speel 'n toenemende rol in die doeltreffende funksionering van organisasies. Ten spye van begrotingsbesnoeiings, het die Departement stelsimplementasie geprioritiseer om op datum te bly met tegnologiese ontwikkelings en implementeer stelsels om die beskikbaarheid van bestuursinligting te verbeter. Alhoewel die ontwikkeling van die OSW-Bestuurstelsel afgehandel is, is dit nog nie ten volle geïmplementeer nie aangesien daar sakeproseskwessies is wat nog op die oomblik opgelos word. Die Departement gaan voort om sy OSW-Bestuurstelsel opleiding- en implementeringsplan te ontplooи, en die maak van aanpassings om doeltreffendhede te verbeter.

Die Departement gaan voort om die gebruik van die Elektroniese Inhoudsbestuurstelsel te bevorder om te verseker dat sy rekords maklik toeganklik is vir personeel. Die Departement het ook 'n Elektroniese Inhoudsbestuur-toestemmingstruktuur geïmplementeer om nakoming met POPIA te verseker; sy elektroniese ondertekening-beleid gewysig om nakoming in 'n veranderende COVID-19 omgewing te verseker en het rekenaarhardware vir vervanging geherprioritiseer om die WKR se upgradering na Windows 10 te akkommodeer.

Die Departement het daarin geslaag om konnektiwiteit in stand te hou vir sy voorfrontpersoneel wat nie breëbandkoppeling het nie, deur middel van sy eMobiliteit oplossing. Die Vodacom kontrak het teen die einde van April 2021 verstryk. 'n Nuwe kontrak is aangegaan met Cell C in ooreenstemming met die nuwe Nasionale Tesourie Transversale Kontrak RT15 2021 en is ontplooи gedurende die jaar. NDMO het stelsels ontplooи soos die Proefgevallebestuurstelsel met 'n eindpuntkennisgewingfunksie wat konnektiwiteit en data vereis. Die Departement se eMobiliteit word ook gebruik vir hierdie stelsel, veral vir na-uurse werk – wat dikwels die geval is met proefbeamptes.

Om departementele data te beveilig, word InTune enkripsi-sagteware steeds op alle persoonlike rekenaars geïnstalleer, veral skootrekenaars. Dit sal ook die toestelle minder waardevol maak vir diewe. Die InTune projek het 'n aanvang geneem gedurende die tweede helfte van die 2020/21 boekjaar en sal tydens die 2022/23 boekjaar gefinaliseer word. Om die sukses van hierdie projek te verseker het die Departement ook begin met 'n proses om te verseker dat alle persoonlike rekenaars opgegradeer word na Windows 10 met Office 365, wat ook 'n voorvereiste is vir InTune installasie. Persoonlike rekenaars en skootrekenaars wat nie versoenbaar is met Windows 10 nie sal geprioritiseer word vir vervanging. Laastens het die Departement voortgegaan om toegang tot inligtingsskommunikasieteknologie-opleiding en -kapasiteitsbou te verskaf aan personeel, insluitend die voorsiening van sagteware-opleiding vir aanlyn eind-gebruikers.

## 2.4 Vernaamste beleidsontwikkelings en wetgewende veranderings

Geen.

### 3. Bereiking van institusionele impak en uitkomste

Die Departement se vordering met die bereiking van die vyfjaarteikens ten opsigte van die uitkoms-aanwysers:

Uitkomste	Uitkoms-aanwysers en vordering
<b>DMO-Topprioriteit</b>  Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	<p><b>1.1 Getal kinders, hulle ouers, versorgers en familielede wat toegang tot maatskaplike welsyn, gesinsondersteuning, kindersorg en beskerming en herstellende dienste per jaar verkry.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan</b></p> <p>Die Department se fokus het steeds gerig gebly op die voorsiening van geïntegreerde gesinsversterking- en herenigingsprogramme wat daarop gemik is om veerkrachtige gesinne te bou. Hierdie programme sluit in die ondersteuning aan hawelose volwassenes deur die getal bedspasies uit te brei en die aanstelling van maatskaplike werkers by alle befondsde skuilings.</p> <p>Hierbenewens het die webgebaseerde Pleegorgbestuurstelsel ookbygedra tot die doeltreffendheid van pleegsorgbestuur. Die stelsel verskaf vroeë kennisgewing ten opsigte van die verstryking van hofbevele, wat maatskaplikewerk-praktisys in staat stel om betyds vir verlengings aansoek te doen.</p> <p>Klusterpleegsorgprogramme het gespesialiseerde oorgangsversorging en ondersteuning verskaf aan kinders oor die ouderdom van 18 wat die program verlaat met die nodige vaardighede om 'n onafhanklike lewe te kan lei.</p> <p>Die Departement het voortgegaan met die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgvoorkomings- en vroeë intervensiedienste, soos die Risisha program. Die implementering van hierdie program is verskaf deur opgeleide KJSW'e in die kind se residensiële gemeenskap.</p> <p>Om uitvoering te gee aan die Noord-Gautengse Hoërhof se uitspraak, het die Wes-Kaapse Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Welsyn en Onderwys, 'n intersektorale taakspan op die been gebring, geleei deur DMO, om te verseker dat kinders met intellektuele gestremdhede die toepaslike sorg en beskermingsdienste ontvang.</p> <p>Die byvoeging van ses addisionele ten volle operasionele GGG skuilings in 2021/22 het die spoed en beskikbaarheid van psigososiale dienste verbeter vir slagoffers van mensehandel, seksuele geweld en vir vroue wat skuling vind in veilige toevlugsoorde vir vroue, veral in landelike gebiede. Hierbenewens is dienste by die Thuthuzela Sorgsentrum versterk deur die opleiding van maatskaplike werkers</p>

<b>Uitkomste</b>	<b>Uitkoms-aanwysers en vordering</b>
<b>DMO-Topprioriteit</b>  Kinders en persone is veilig en woon in beskermd gesinsomgewings.	<p>en hulpwerkers in traumaberading en gespesialiseerde steudienste aan volwasse slagoffers.</p> <p>Gemeenskapsgebaseerde en skoolgebaseerde DMV-behandelingsdienste is uitgebrei in landelike gebiede. Hierdie dienste is geprioritiseer en verskaf toegang tot 'n reeks van vroeë intervensiedienste aan kliente.</p> <p><b>1.2 Getal kinders of gesinne wat toegang bekom tot maatskaplike noodverligting en gesinsondersteuningsdienste.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Die Departement het voortgegaan om die DMO-geleide humanitaire verligtingswerksgroep te versterk, deur opleiding en kapasiteitsbousessies met DMO beamptes ten opsigte van die SBP vir Maatskaplike Verligting.</p> <p>Die Departement het voortgegaan om toegang tot voorsiening van tydelike en onmiddellike rampverligting in die vorm van kospakkies te faciliteer en het verzekер dat psigososiale steudienste beskikbaar is vir huishoudings wat deur rampe geaffekteer is.</p>
<b>DMO-Veiligheidsprioriteit</b>  Kinders en jeugdiges in gevaar word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag teenwerk.	<p><b>2.1 Getal kinder wat met die gereg gebots het, verwys is na afleidingsintervensies, wat verhoorafwagtend en/of gevonnis is, wat van die nodige herstellende dienste (spesifiek ingevolge die Wet op Kindergerelateerdheid; Wysigingswet op Proefdienste) voorsien is.</b></p> <p><b>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Die Departement het sy afleidingsdienste versterk deur die fasilitering van opleiding van proefbeamptes op die gebiede van selfbeeld, seksuele opvoeding, persoonlike geweld, hanteringsmeganismes en lewensvaardighede.</p> <p><b>2.2 Getal skole in 11 polisiegebiede met hoogste risiko en/of WKR veiligheidspangebiede waar DMO en/of DMO-befondsde maatskaplike werkers kinders en jeugdiges wat in gevaar is vir gespesialiseerde intervensies identifiseer, assesseer, verwys en opvolg.</b></p> <p><b>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>COVID-19 protokolle het die implementasie van programme by skole beperk. Die programme is egter by twee skole aangebied gedurende die 2021/22 boekjaar.</p>

<b>Uitkomste</b>	<b>Uitkoms-aanwysers en vordering</b>
Kinders tot en met die ouderdom van 7 jaar ontvang gehalte VKO en dié tot en met die ouderdom van 18 jaar ontvang gehalte naskoolsorg. <sup>17</sup>	<p><b>3. Getal kinders in die provinsie wat toegang het tot VKO- en Naskoolsorgdienste.</b></p> <p><b>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Deur die implementering van die Voorwaardelike Registrasieraamerk, het die Departement voortgegaan met sy bystand en ondersteuning vir die registrasie en herregistrasie van gedeeltelike sorgfasiliteite en VKO-programme.</p> <p>Die bekendstelling van die VKO-stimuluspakket in Februarie 2021 het betalings aan ontvangers van toekennings by 1 374 terreine oor die provinsie gefasiliteer, om die volhoubaarheid en herstel van die sektor te verseker.</p> <p>Die verskuiwing van die VKO-funksie na die WKOD vanaf 1 April 2022. Om die gladde oorgang van hierdie funksie te verseker en ontwrigting te beperk is personeel, hulpbronne en data-inligting aan die WKOD oorgedra.</p> <p>NSS bly egter die verantwoordelikheid van die DMO en verskaf steeds noodsaaklike dienste aan skoolgaande kinders.</p>
Arm, kwesbare ouer persone lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	<p><b>4. Getal kwesbare ouer persone wat toegang bekom tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste.</b></p> <p><b>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Die versterking van huisgebaseerde sorg verseker dat verswakte ouer persone in die gemeenskap die toepaslike ondersteuning ontvang, soos persoonlike sorg, toesig oor medikasie, wasgoed en skoonmaakdienste en daagliks maaltye verskaf deur opgeleide huisgebaseerde versorgers.</p> <p>Om deurlopende versorging, ondersteuning en beskerming van ouer persone te verseker, het die Departement nakoming van COVID-19 gesondheids- en veiligheidsprotokolle by residensiële fasiliteite gemonitor.</p>
Personne met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	<p><b>5. Getal persone met gestremdhede, hulle gesinne en/of versorgers wat toegang tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste verkry.</b></p> <p><b>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Deur middel van gereelde skakeling- en opleidingssessies het die Departement voortgegaan om sy diensleweringsvennote in staat te stel om die vermoëns van maatskaplike diens-praktisys toe te rus om versorging en ondersteuning te bied aan persone met gestremdhede. Hierdie kapasiteitsbousessies het ingesluit die implementering van die Gestremdheid hoofstroomstrategie, opleiding- en bewusmakingssessies aangebied deur die Departement om die integrasie en toeganklikheid van programme te verseker en dat dienste inklusief is ten opsigte van mense met gestremdhede.</p>
Kwesbare mense het voedingsondersteuning.	<p><b>6. Getal kwesbare persone wat toegang tot voedingsondersteuning bekom.</b></p> <p><b>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Deur die Departement se COVID-19 Voedselverligtingintervensies, het gekookte maaltye en kospakkies 270 802 mense bereik. Dit sluit in gekookte maaltye by gemeenskapkombuisie wat deur die Departement ondersteun is deur middel van voedselkoopbewyse en onbedierbare kosware, asook voedselpakkies, wat 96 500 kwalifiserende begunstigdes bereik het. Gekookte maaltye is ook</p>

<sup>17</sup> Uitkoms terugwerkend gewysig deur Bylae A van 2021/22 Jaarlikse Prestasieplan.

<b>Uitkomste</b>	<b>Uitkoms-aanwysers en vordering</b>
Kwesbare mense het voedingsondersteuning.	voorsien aan 'n verdere 13 102 begunstigdes by departementeel-befondsde GVOS'e.
Jeugdiges maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter.	<p><b>7. Getal jeugdiges wat toegang tot jeug- en vaardighedsontwikkelingsprogramme verkry.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b> Die Departement het sy aanlynopleiding en geakkrediteerde tutor-programme versterk. 'n Totaal van 12 615 jeugdiges het toegang tot hierdie programme verkry by die 12 gevestigde Jeugkafees en gemeenskapsgebaseerde organisasies regoor die Provincie.</p>
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	<p><b>8. Skoon oudit behaal vir die boekjaar wat in Maart 2025 eindig.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b> Finale prestasie is onderworpe aan oudituitkoms (Julie 2022).</p>

## **4. Prestasie-inligting per Institusionele Program**

### **4.1 Program 1: Administrasie**

#### **Doel**

Die program ondervang die strategiese bestuur en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die Departement, d.w.s Provinciale, Streeks-, Distrikse- en Fasilitets-/Institusionele vlak.

**Let wel:** Die Korporatiewedienssentrum (KDS), gesetel in die Departement van die Premier (DvdP) lewer Menslike Hulpbronbestuursteun aan die Departement.

#### **Sub-programme**

- 1.1. Kantoor van die LUR
- 1.2. Korporatiewe Bestuursdienste
- 1.3. Distrikbestuur<sup>18</sup>

#### **Uitkomste**

Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.

#### **Uitkomste, uitsette, teikens en werklike prestasies**

Sub-program 1.2 Korporatiewe Bestuursdienste								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Geouditeerde Werklike Prestasie 2020/21	Beplande Jaarlikse Teiken 2021/22	Werklike Prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Kapasiteitsbou van maatskaplike werk en verwante beroepe.	1.2.1.1 Getal opleidingsintervensies vir maatskaplike werk en maatskaplike werk-verwante-beroep.	29	29	29	29	-	Teiken behaal.

<sup>18</sup> Die opskrif Distrikbestuur word ingevolge die Nasionale Begrotingstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO bedryf egter sy aktiwiteite deur streekskantore.

Sub-program 1.2 Korporatiewe Bestuursdienste								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Geouditeerde Werklike Prestasie 2020/21	Beplande Jaarlikse Teiken 2021/22	Werklike Prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Kapasiteitsbou van maatskaplike werk en verwante beroepe.	<b>1.2.1.2</b> Getal beurse toegeken.	N.V.T.	146	109	86	-23	Die getal interne beurshouers is verminder as gevolg van begrotingsvermindering.
	Maatskaplike werkers is in diens van DMO.	<b>1.2.1.3</b> Getal maatskaplike werkers in diens van DMO gedurende 'n boekjaar. <sup>19</sup>	N.V.T.	948	876	961	85	Bykomende maatskaplikewerkgegradeerde is in diens geplaas ter nakoming van hulle beursverpligting.
	Effektiewe en doeltreffende voorsiening van maatskaplike ontwikkeling-dienslewering.	<b>1.2.1.4</b> Persentasie besteding in verhouding tot DMO se toegewysde begroting.	N.V.T.	0.5% Afwyking	2% Afwyking	0.73% Afwyking	-1.27% Afwyking	Die Departement het 99.27% van sy begroting bestee.
	Om KMDO-deename in staatsverkryging te verhoog.	<b>1.2.1.5</b> Persentasie fakture wat binne 30 dae aan DMO-diensverskaffers betaal is.	N.V.T.	99.9%	100%	99.96%	-0.04%	19 fakture is nie binne die 30 dae tydperk betaal nie .

<sup>19</sup> Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal maatskaplike diens professionele persone in die staatsdiens".

Sub-program 1.2 Korporatiewe Bestuursdienste								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Geouditeerde Werklike Prestasie 2020/21	Beplande Jaarlikse Teiken 2021/22	Werklike Prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Om strategiese ondersteuningsdienste te verskaf ten einde goeie bestuur en gehalte dienslewering te bevorder	<b>1.2.1.6</b> Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die audit van finansiële state en verslag oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting.	Skoon audit	Skoon Oudit	Skoon audit	Skoon audit	-	-

### Programprestasies

- Die doeltreffende bestuur van finansiële hulpbronne het die Departement in staat gestel om 99.27 persent van sy 2021/22 begroting te bestee, wat gemaklik binne die 2 persent afwykingsdrumpel val.
- Gedurende die verslagjaar het die Departement 'n evaluasie van die DMO-befondsde Aktiewe Ouers van Tieners-Programme saamgestel, as deel van sy goedgekeurde 2021/22 Navorsings- en Evaluieringsplan.

### Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal 'n pre-audit moniteringsmatriksmodule opstel en implementeer om uitstaande fakture na te spoor. Hierdie model is gebaseer op die werklike verbintenis-verslag, wat fakture aantoon wat nog nie ontvang is vir betaling nie. Hierdie model is daarop gemik om te verseker dat fakture binne 30 dae betaal word.

### Koppeling van prestasie aan begrotings

Die Program het 100 persent van sy begrotingstoewysing van R241.891 miljoen vir die 2021/22 boekjaar bestee. Die Program het 99.58 persent van sy R229.692 miljoen begrotingstoewysing vir die 2020/21 boekjaar bestee. Die onbestede R965 huisendhou verband met onderbesteding in Vergoeding van Werknemers (VvW) te wyte aan die die feit dat gesikte kandidate nie gevind kon word tydens die werwingsproses nie, interne bevordering en diensverlating van personeel.

Tabel G: Subprogram-uitgawes

Naam van Subprogram	2021/22			2020/21		
	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder Besteding	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder Besteding
Administrasie	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Kantoor van die LUR	7 430	7 430	-	7 091	7 040	51
Korporatiewe Bestuursdienste	142 641	142 641	-	144 349	144 349	-
Distrikbestuur	91 820	91 820	-	78 252	77 338	914
<b>Totaal</b>	<b>241 891</b>	<b>241 891</b>	<b>-</b>	<b>229 692</b>	<b>228 727</b>	<b>965</b>

## **4.2 Program 2: Maatskaplike Welsynsdienste**

### **Doel**

Verskaffing van geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste aan arm en kwesbare persone in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike samelewingsorganisasies.

### **Subprogramme**

Subprogram 2.1: Bestuur en Ondersteuning

Subprogram 2.2: Diens aan Ouer Persone

Subprogram 2.3: Diens aan Persone met Gestremdhede

Subprogram 2.4: MIV en Vigs

Subprogram 2.5: Maatskaplike Noodleniging

### **Uitkomste**

Arm, kwesbare ouer persone leef aktief in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.

Persone met gestremdhede en hulle gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.

Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

Subprogram 2.2 Dienste aan Ouer Persone								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/2020	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Arm, kwesbare Ouer Persone leef aktief in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Residensiële sorgdienste/fasiliteit is beskikbaar vir Ouer Persone.	<b>2.2.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in residensiële sorgfasilitete vir Ouer Persone.	8 819	5 000	5 000	4 993	-7	Inperkingsregulasies het nie nuwe toelatings tot residensiële fasilitete vir ouer persone toegelaat nie.
	Gemeenskapsgebaseerde sorg en ondersteuningsdienste is vir Ouer Persone beskikbaar.	<b>2.2.1.2</b> Getal subsidies wat na gemeenskapsgebaseerde sorg en ondersteuningsdienste vir Ouer Persone oorgedra is.	16 221	16 396	16 400	17 029	629	Begrotingsherprioritisering het oordrag van addisionele subsidies moontlik gemaak.
	Lewensbystand en onafhanklike woongrerie is beskikbaar vir Ouer Persone.	<b>2.2.1.3</b> Getal gesubsidieerde beddens in lewensbystand en onafhanklike woongrerie vir Ouer Persone.	718	740	740	755	15	Begrotingsherprioritisering het oordrag van addisionele subsidies moontlik gemaak.

### Programprestasies

- Tuisgebaseerde sorgdienste is versterk gedurende die verslagjaar. Dit het verseker dat verswakte Ouer Persone sorg en ondersteuning ontvang het deur 'n omvattende reeks van geïntegreerde dienste verskaf deur opgeleide tuisgebaseerde versorgers. Hierdie dienste sluit in persoonlike sorg, toesig oor medikasie, wasgoed-en skoonmaakdienste en die daaglikse voorsiening van maaltye.
- Daar was 129 maatskaplike dienspraktisyns opgelei in die hantering van die nasionale Elektroniese Register van Mishandeling van Ouer Persone, met provinsiale implementasie van die stelsel wat vir die 2022/23 boekjaar in die vooruitsig gestel is. Hierdie register sal dien as 'n sentrale ligging om mishandeling en vermoedelike mishandeling van kwesbare Ouer Persone deur maatskaplike dienspraktisyns aan te teken

en te rapporteer, soos voorsien deur die Wet op Ouer Persone (2006). Die elektroniese register sal ook die gevallebestuurproses aanvul deur statistiese inligting beskikbaar te maak vir rapportering en toepaslike optrede om ouer persone te beskerm teen mishandeling.

- Bykomende ondersteuning is aan residensiële fasilitete verskaf in die vorm van Voorkoming- en Bestuursprotokolle. Hierdie maatreëls was daarop gemik om die verspreiding van COVID-19 te verminder deur residensiële fasilitete te moniteer om nakoming met streng norme en standarde te verseker.

### **Strategie om gebiede van onderprestasie te voorkom**

- Die Departement sal voortgaan om met sy OSW-vennote te skakel deur nakomingsmonitering om dienslewering te verbeter en te versterk.
- Benewens die verskaffing van intydse inligting oor mishandeling van bejaardes, kan die Elektroniese Register van Mishandeling van Ouer Persone ook gebruik word deur maatskaplike dienspraktisyne om dienste vir ouer persone te beplan en te bestuur.

### **Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie**

Sub-program 2.3 Dienste aan Persone met Gestremdhede								
Uitkomst	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Persone met Gestremdhede en hulle gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Residensiële fasilitete vir persone met gestremdhede is beskikbaar.	<b>2.3.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in befondsde OSW residensiële sorgfasilitete vir Persone met Gestremdhede	1 761	1 673	1 674	1 674	-	Teiken bereik.
		<b>2.3.1.2</b> Getal Persone met Gestremdhede wat toegang tot DMO residensiële fasilitete het	110	119	110	116	6	Toename in verwysings van DvG&W.
	Dienste in befondsde beskermende werkwinkels is beskikbaar vir Persone met Gestremdhede.	<b>2.3.1.3</b> Getal subsidies oorgedra na beskermende werkwinkels wat dienste verskaf aan Persone met Gestremdhede.	2 950	2 863	2 836	2 958	122	Hoë aanvraag na dienste.

Sub-program 2.3 Dienste aan Persone met Gestremdhede								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Persone met Gestremdhede en hulle gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Befondsde OSW gespesialiseerde ondersteuning is beskikbaar vir Persone met Gestremdhede, hulle gesinne en versorgers.	<b>2.3.1.4</b> Getal subsidies wat oorgedra is aan gemeenskapsgebaseerde dagsorgsentrus vir Persone met Gestremdhede.	971	1 003	1 005	1 054	49	Hoë aanvraag vir dienste.
	Befondsde OSW gespesialiseerde ondersteuning is beskikbaar vir Persone met Gestremdhede, hulle gesinne en versorgers.	<b>2.3.1.5</b> Getal mense wat toegang verkry tot DMO-befondsde OSW gespesialiseerde ondersteuningsdienste.	85 519	69 767	91 000	108 419	17 419	Hoë aanvraag vir gespesialiseerde ondersteuningsdienste vir Persone met Gestremdhede, hulle gesinne en versorgers.

## Programprestasies

- Die Departement het voortgegaan om sy befondsde organisasies te versterk en te kapasiteer deur gereelde skakeling en opleiding met maatskaplike dienspraktisys om diens en ondersteuning aan Persone met Gestremdhede verder te verstewig.
- Daar is voortgegaan met die bewusmaking van die regte van Persone met Gestremdhede gedurende die oorsigjaar. Hierdie bewusmakingsaktiwiteite sluit in 'n kletsradioprogram wat deur die Departement aangebied is tydens Gestremdhedsbewussynmaand. Kwessies soos die behoefte aan inklosiwit, hoe die gemeenskap kan bydra tot die verwydering van maatskaplike en houdingshindernisse en hoe om 'n samelewing te skep wat meer begrip, oplettendheid en insig toon, is bespreek.
- In vennootskap met die Geestesgesondheid Hersieningsraad en Kaapse Geestesgesondheid, het die Departement 'n opleidingsprogram vir 128 maatskaplike werkers aangebied oor die Wet op Geestesgesondheidsorg (2002). Hierdie opleidingsprogram het gefokus op die implementering van die Wet, veral ten opsigte van onvrywillige of verpligtende toelating en behandeling, en het riglyne verskaf oor die aanstelling en gesiktheid van administrateurs vir gesondheidsorgkliente.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te voorkom

Nie van toepassing nie.

#### **Subprogram 2.4: MIV en Vigs**

MIV/ Vigs intervensies en begroting word binne die Kindersorg- en Beskermingsprogram geïntegreer.

#### **Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie**

Subprogram 2.5 Maatskaplike Noodleniging								
Uitkomst	Uitset	Uitsetaanwyser	2019/20	Geouditeerde/Werklike Prestasie 2020/21	Beplande Jaarlikse Teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Uitermatige swaarkrygevalle beoordeel en na SASSA verwys vir maatskaplike verligting of noodlenigingsbetalings.	<b>2.5.1.1</b> Getal uitermatige swaarkrygevalle (huishoudings) beoordeel en na SASSA verwys vir maatskaplike verligting of noodlenigingsbetalings.	1 637	566	1 242	440	-802	Kliënte het DMO-intervensies verkieks eerder as om na SASSA verwys te word.
	Rampgevalle geassesseer en na SASSA verwys vir maatskaplike verligting of noodlenigingsbetalings.	<b>2.5.1.2</b> Getal rampgevalle (huishoudings) geassesseer en na SASSA verwys vir verligting of noodlenigingsbetalings.	1 821	881	1 355	965	-390	Minder rampgevalle is gerapporteer en kliënte het DMO-voedselverligtingsintervensies gekies. Dit het geleei na minder verwysings na SASSA.

## Programprestasies

- Die Departement het voortgegaan om sy DMO-geleide Humanitaire Hulpwerkstroom te versterk deur opleiding en kapasiteitsbou. Die doel van die opleiding was om DMO Streeksamptenare te kapasiteer oor die SBP vir Maatskaplike Verligting, wat gefokus het op gebiede soos die reaksie op rampe/oormatige swaarkry-gevalle en bystand met armlastige begrafnisse. Opleiding is onderneem met 35 DMO streeksbeampetes om die reaksietyd met betrekking tot geaffekteerde kliënte te verbeter.
- Die Departement het sy Wintergereedheidsprogramme in werking gestel in elke streek in samewerking met verskeie ander staatsagentskappe en het voorsiening gemaak vir maatskaplike werk-dienste gemik op gesinsvereniging asook verwysing na SASSA se maatskaplike noodverligtingsbystand. In reaksie op natuurlike rampe soos oorstromings en brande, het die Departement ondersteuningsdienste soos traumaberading en ander vorme van psigososiale steun verskaf en het toegang tot humanitaire en voedselverligting gefasiliteer waar nodig.
- Die Sanitêre Waardigheidsprojek het 999 612 pakke sanitêre doekies aan 223 skole regoor die Provincie versprei teen Maart 2022, om sodoende die waardigheid, welsyn en gesondheid van jong vroue en meisies te bevorder.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan om te skakel met SASSA om gevalle van uitermatige swaarkry en rampe wat verwys is vir maatskaplike noodverligting in die Provincie te hanteer.

## Koppeling van prestasie aan begrotings

Die Program het 99.3 persent van sy R1.058 miljard begrotingstoewysing vir die 2021/22 boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R7.839 miljoen hou verband met onderbesteding in Goedere en Dienste asook Kapitaalbates. Die onderbesteding in Goedere en Dienste hou verband met die Sanitêre Waardigheidsprojek, as gevolg van 'n vertraging met die aflewering van voorraad te wyte aan die impak van beurtkrag en die nie-beskikbaarheid van verpakking. Op 31 Maart 2022 het die Departement 'n 60 dae-verlengingstydperk goedgekeur, eindigende op 31 Mei 2022, vir die levering van die uitstaande voorraad. Die onderbesteding op Kapitale Bates was as gevolg van die vertraagde aflewering van gespesialiseerde voertuie, wat verband hou met dieregsverpligting voortvloeiend uit 'n hofbevel ten opsigte van kinders met diepliggende intellektuele gestremdhede. Die Program het 99.55 persent van sy R996.669 miljoen begrotingstoewysing vir die 2020/21 boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R4.520 miljoen is te wyte aan onderbesteding in betalings vir Kapitale Bates as gevolg van die vertraagde verkryging van voertuie aangepas vir persone met gestremdhede.

**Tabel H: Subprogram uitgawes**

Naam van subprogram	2021/22			2020/21		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder Besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder Besteding
Maatskaplike welsynsdienste	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en Ondersteuning	580 287	580 287	-	523 989	523 989	-
Dienste aan Ouer Persone	259 544	259 544	-	268 430	268 430	-
Dienste aan Persone met Gestremdhede	204 743	198 453	6 290	198 715	195 224	3 491
Maatskaplike Noodleniging	13 757	12 208	1 549	5 535	4 506	1 029
<b>Totaal</b>	<b>1 058 331</b>	<b>1 050 492</b>	<b>7 839</b>	<b>996 669</b>	<b>992 149</b>	<b>4 520</b>

## 4.3 Program 3: Kinders en Gesinne

### Doeleind

Verskaf omvattende kinder- en gesinsorg en ondersteuningsdienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike samelewingsorganisasies.

### Subprogramme

- Subprogram 3.1: Bestuur en Ondersteuning
- Subprogram 3.2: Versorging en Dienste aan Gesinne
- Subprogram 3.3: Kindersorg en Beskerming
- Subprogram 3.4: VKO en Gedeeltelike Sorg
- Subprogram 3.5: Kinder- en Jeugsorgsentrums
- Subprogram 3.6: Gemeenskapsgebaseerde Versorgingsdienste vir kinders

### Uitkomste

Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.

Kinders tot en met die ouderdom van 7 jaar ontvang gehalte VKO en dié tot en met die ouderdom van 18 jaar ontvang gehalte naskoolse versorging.

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.2 Versorging en dienste aan Gesinne								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Gesinshereningsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde gesinne.	<b>3.2.1.1</b> Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is <sup>20</sup> .	598	514	700	602	-98	COVID-19 inperkingsregulasies het maatskaplike werkers beperk in die aflê van besoek, assessering en voorbereiding van gesinne om hul gesinslede te aanvaar en te ontvang.
	Gesubsidieerde beddens in skuilings vir volwassenes is beskikbaar vir volwassenes wat dit benodig.	<b>3.2.1.2</b> Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	1 499	2 031	2 500	2 208	-292	Minder bedspasies gesubsidieer as gevolg van voortgesette onderhandeling met nuwe skuilings.
	Gesinsbewaring en ondersteuningsdienste is vir geaffekteerde gesinne beskikbaar.	<b>3.2.1.3</b> Getal gesinne wat deelneem aan gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste.	21 034	14 471	20 160	19 563	-597	COVID-19 inperkingsregulasies het geleid tot minder kliënte wat dienste bekom het.

## Programprestasies

- Die uitbreiding van dienste aan hawelose volwassenes sluit in die voorsiening van 2 208 bedspasies en die aanstelling van maatskaplike werkers wat psigososiale ondersteunings- en herenigingsdienste aan inwoners van skuilings bied.
- Die Risiha program, 'n gemeenskapsgebaseerde VVI program, het toegang tot voorkomings- en vroeë-intervensiedienste wat gelewer is deur aangewese KJSW'e, verskaf aan 8 834 kwesbare kinders wat in benadeelde gemeenskappe woon.

<sup>20</sup> Hierdie aanwyser tel die getal volwassenes in DMO-befondsde skuilings vir haweloses wat met hulle gesinne herenig is.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te voorkom

- Verskaf beleidsopleiding aan befondsde OSW-werkers om herenigings- en herintegrasielidste aan volwasse haweloses in skuilings te verskaf.
- Skakeling met belanghebbendes asook opperrein-monitering sal voortgaan om OSW-vennote te help om ouerskapsprogramme en dienste te versterk.
- Die Departement sal voortgaan met onderhandeling met beide befondsde en onbefondsde skuilingsorganisasies om tydelike bedspasie vir kwesbare hawelose volwassenes te vergroot.

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.3 Kindersorg en Beskerming								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Geouditeerde Werklike Prestasie 2020/21	Beplande Jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Pleegsorgplasingsdienste is beskikbaar vir kinders wat versorging en beskerming benodig.	<b>3.3.1.1</b> Getal kinders wat in pleegsorg geplaas is.	3 478	2 892	3 206	3 492	286	Verhoogde behoeftes aan alternatiewe sorg vir kinders.
	Herenigingsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde kinders, hulle gesinne en alternatiewe versorgers.	<b>3.3.1.2</b> Getal kinders wat met hulle gesinne of alternatiewe versorgers herenig is.	352	238	340	280	-60	Hereniging is gewoonlik kompleks en afhanklik van die gereedheid en sosio-ekonomiese omstandighede van die biologiese ouers of versorgers.

Subprogram 3.3 Kindersorg en Beskerming								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Geouditeerde Werklike Prestasie 2020/21	Beplande Jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Oueropvoeding en oueropleidingsprogramme is beskikbaar vir geaffekteerde ouers en versorgers.	<b>3.3.1.3</b> Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding en oueropleidingsprogramme voltooi het.	3 251	1 972	3 230	3 035	-195	COVID-19 inperkingsregulasies het die getal ouers en versorgers wat aan opleidingsprogramme deelgeneem het beperk. Verder het nie al die ouers die opleidingsprogramme voltooi nie.

## Programprestasies

- Die webgebaseerde Pleegsorgbestuurstelsel is ontplooи in die provinsie gedurende die 2021/2022 boekjaar. Hierdie stelsel verskaf 'n intydse rekord van kinders in pleegsorg aan die Departement, en sluit 'n daaglikse waarskuwingstelsel in wat maatskaplike dienspraktisyne vroegtydig in kennis stel wanneer pleegsorgbevele op die punt staan om te verstryk.
- Jongmense oor die ouderdom van 18 wat alternatiewe sorg-, herenigings- en nasorgdienste verlaat, het deelgeneem aan oorgangsorg en ondersteuningsprogramme, wat daarop gemik is om jongmense toe te rus met vaardighede en hanteringsmeganismes vir 'n onafhanklike lewensbestaan.
- 'n Hersiening van die SBP vir kanaliseringsdienste is uitgevoer om die statutêre kinderbeskermingstelsel te versterk deur alle kinders wat alternatiewe sorgdienste binnegaan, in die stelsel rondskuif of dit verlaat, na te spoor. Die hersienings aan die SBP het gefokus op die protokolle en procedures ten opsigte van die sifting van pleegouers en veiligheidsouers om sodoeende die gesiktheid van voornemende pleegouers te verseker en ook dat hierdie kinders in 'n omgewing geplaas word wat bevorderlik is vir hulle gesondheid, welsyn en ontwikkeling.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom.

- Die webgebaseerde Pleegsorgstelsel sal die Departement voorsien van lewendige data met betrekking tot kinders in pleegsorg, asook waarskuwings ten opsigte van pleegsorgbevele wat verstryk het of wat op die punt staan om te verstryk. Dit sal doeltreffendheid verbeter en onafgebroke sorg vir hierdie kinders verseker.
- Die Departement sal voortgaan om maatskaplikewerk-intervensies en programme te bied wat ouers toerus en voorberei vir hereniging met hulle biologiese kinders.

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.4 VKO en gedeeltelike sorg								
Uitkoms <sup>21</sup>	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Geouditeerde Werklike Prestasie 2020/21	Beplande jaarlike teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Kinders tot en met die ouderdom van 7 jaar ontvang gehalte VKO en dié tot en met die ouderdom van 18 jaar ontvang gehalte naskoolse versorging.	Befondsde-VKO fasilitete.	<b>3.4.1.1</b> Getal subsidies wat na VKO-fasilitete oorgedra is om VKO-dienste aan jong kinders te verskaf.	N.V.T	60 911	60 000	58 538	-1 462	Nie-nakoming te wyte aan registrasies wat verval het, het geleid tot minder subsidies wat oorgedra is.
	Voorsiening van gespesialiseerde ondersteuningsdienste aan VKO-sentrums en skole vir kinders wat die risiko loop om nie hul ontwikkelingsmypoale te bereik nie. <sup>22</sup>	<b>3.4.1.2</b> Getal VKO-sentrums waar gespesialiseerde ondersteuningsdienste verskaf word aan kinders wat die risiko loop om nie hul ontwikkelingsmypoale te bereik nie. <sup>22</sup>	N.V.T.	79	95	95	-	Teiken behaal.
	Befondsde naskoolse sorgfasilitete.	<b>3.4.1.3</b> Getal subsidies oorgedra aan NSS-fasilitete om dienste aan kinders te verskaf.	N.V.T	6 254	6 500	6 587	87	Een addisionele NSS is geregistreer en daar was verhoogde vlakke van nakoming ten opsigte van registrasiehernuwing.

<sup>21</sup> Uitkoms terugwerkend gewysig deur Bylae A van die 2021/22 Jaarlikse Prestasieplan.

<sup>22</sup> Die uitset en aanwyser is in 2021/22 gewysig om "en skole" te verwijder.

Subprogram 3.4 VKO en gedeeltelike sorg								
Uitkoms <sup>21</sup>	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Geouditeerde Werklike Prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Kinder tot en met die ouderdom van 7 jaar ontvang gehalfe VKO en die tot en met die ouderdom van 18 jaar ontvanger gehalte naschoolse versorging.	Gedeeltelike sorgfasilitete is geregistreer.	<b>3.4.1.4</b> Getal geregistreerde gedeeltelike sorgfasilitete. <sup>23</sup>	1 708	2 385	1 500	1 727	227	Gebruik van die nuwe voorwaardelike registrasieraamwerk het daartoe gelei dat meer fasilitete in staat was om registrasiekriteria na te kom.
	VKO-sentrum word opgegradeer	<b>3.4.1.5</b> Getal VKO-sentrum wat deur die Infrastruktuur Voorwaardelike Toelae opgegradeer is.	N/A	14	50	50	-	Teiken behaal.

## Programprestasies

- Die VKO-sektor is besonder ernstig benadeel deur die COVID-19 pandemie. Benewens die ondersteuning wat deur die Departement verskaf is, wat 'n groot rol gespeel het in die voortgesette volhoubaarheid van die sektor, het die NDMO die VKO-stimuluspakket bekendgestel in Februarie 2021. Dit het hulptoelaes uitbetaal by 1 374 terreine regoor die Provincie.
- Die VKO-terapeutiese program verskaf 'n veilige en koesterende omgewing wat holistiese kinderontwikkeling bevorder, om kinders van 4- tot 6-jarige ouderdom beter voor te berei vir optimale funksionering in die normale skoolomgewing. Die projek het voortgegaan deur die pandemie met gebruikmaking van 'n hibriede pakket van intervensies, wat aanlyn opvoedkundige inhoud en ondersteuning aan ouers, in-persoon terapiegroepe en uitrekdienste aan ouers, praktisyne en kinders ingesluit het. 'n Totaal van 1 963 kinders het toegang tot die terapiessessies bekom deur hierdie program.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Nie van toepassing nie. Die VKO-funksie het na die WKOD geskuif vanaf 1 April 2022.

<sup>23</sup> Van hierdie getal is ongeveer 10% geregistreerde NSS gedeeltelike sorgfasilitete.

## **Uitkomste, Uitsette, Uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies**

Subprogram 3.5 Kinder- en Jeugsorgsentrums								
<b>Uitkoms</b>	<b>Uitset</b>	<b>Uitsetaanwyser</b>	<b>Geouditeerde werklike prestasie 2019/20</b>	<b>Geouditeerde werklike prestasie 2020/21</b>	<b>Beplande jaarlikse teiken 2021/22</b>	<b>Werklike prestasie 2021/22</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22</b>	<b>Redes vir afwykings</b>
Kinderen en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Residensiële sorgdienste is beskikbaar vir kinders wat alternatiewe sorg benodig.	<b>3.5.1.1</b> Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW-KJJS'e ingevolge die Kinderwet.	2 787	2 498	2 880	2 605	-275	Die plasing van kinders in alternatiewe sorg of herenig met gesinne – beter opsies vir kinders – het bygedra tot 'n vermindering in die getal kinders wat in residensiële sorg geplaas is.
		<b>3.5.1.2</b> Getal kinders in eie KJJS'e ingevolge die Kinderwet.	690	620	500	619	119	Groot aanvraag vir plasing van kinders met uitdagende en ontwrigtende gedrag wat sorg en beskerming benodig in departementele KJJS'e.

### **Programprestasies**

- 'n Intersektorale taakspan bestaande uit die Wes-Kaapse Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Welstand en Onderwys, is op die been gebring om die dienste wat aan kinders met ernstige of diepliggende ontwrigtende gedragsafwykings gelewer word te hanteer. Hierdie taakspan, geleid deur die KMO, is tans besig om 'n verwysingsroete te ontwikkel om te verseker dat hierdie kinders toepaslike toegang tot onderwys kry.

### **Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom**

- Die KJJS'e sal voortgaan om COVID-19 gesondheids- en veiligheidsprotokolle na te kom en voortgaan met noodplasings van kinders wat alternatiewe sorg- en beskermingsdienste benodig.

## **Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies**

Subprogram 3.6 Gemeenskapsgebaseerde Sorgdienste vir kinders								
<b>Uitkom</b>	<b>Uitset</b>	<b>Uitsetaanwyser</b>	<b>Geouditeerde werklike prestasie 2019/20</b>	<b>Geouditeerde werklike prestasie 2020/21</b>	<b>Beplande jaarlikse teiken 2021/22</b>	<b>Werklike prestasie 2021/22</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22</b>	<b>Redes vir afwyking</b>
Kinders en volwassenes is veilig en woon in bekermde gesinsomgewings.	Opgeleide kinder- en jeugsorgwerkers.	<b>3.6.1.1</b> Getal kinder- en jeugsorgwerkers wat opleiding ontvang het.	20	8	10	9	-1	1 KJSW werker het nie die opleiding voltooi nie aangesien hulle ander werk gevind het.

### **Programprestasies**

- Gedurende die jaar het 23 KJSW'e het 'n erkenning van voorafgaandeleer-proses ondergaan, wat dit moontlik gemaak het om hulle kwalifikasies op te gradeer van NKR-vlak 4 tot NKR-vlak 5.

### **Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom.**

- Die Departement sal ondersteuning verskaf ten opsigte van die werwings-, siftings- en keuringsprosesse van KJSW'e.

### **Koppeling van prestasie met begroting**

Die Program het 98.6 persent van sy R866.207 miljoen begrotingstoewysing vir die 2021/22 boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R12.549 miljoen hou verband met die onderbesteding op Oordragte en Subsidies vir VKO en Gedeeltelike Sorg as gevolg van die verval van registrasiesertifikate en geen nuwe VKO-sentrum wat aansoek gedoen het vir befondsing nie. Die Program het 99.07 persent van sy R864.239 miljoen begrotingstoewysing vir die 2020/21 boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R8.006 miljoen hou verband met onderbesteding in betalings vir oordragte en subsidies as gevolg van nie-nakoming deur OSW's vir VKO-oordragte.

**Tabel I: Subprogram-uitgawes**

Naam van Subprogram	2021/22			2020/21		
	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-) /Onderbesteding	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-) /Onderbesteding
Kinders en Gesinne	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en Ondersteuning	4 533	4 533	-	2 657	2 657	-
Sorg en Dienste aan Ggesinne	106 385	106 385	-	55 684	55 684	-
Kindersorg en Beskerming	222 419	222 419	-	235 220	235 220	-
VKO en Gedeeltelike Sorg	424 212	411 663	12 549	462 021	454 015	8 006
Kinder- en Jeugsorgsentrum	108 658	108 658	-	108 657	108 657	-
<b>Totaal</b>	<b>866 207</b>	<b>853 658</b>	<b>12 549</b>	<b>864 239</b>	<b>856 233</b>	<b>8 006</b>

## **4.4 Program 4: Herstellende Dienste**

### **Doel**

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikemisdaad-voorkoming en antidwelmmisbruikdienste aan die kwesbaarste persone, in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

### **Subprogramme**

Subprogram 4.1: Bestuur en Ondersteuning

Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en Ondersteuning

Subprogram 4.3: Slagofferbemagtiging

Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie

### **Uitkomste**

Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.

Kinders en jeugdiges in gevaar word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag bekamp.

### **Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies**

Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en Ondersteuning								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	Volwassenes wat met die gereg bots wat deur howe verwys is neem deel aan afleidingsprogramme.	<b>4.2.1.1</b> Getal volwassenes wat met die gereg bots wat na afleidingsprogramme verwys is.	12 976	4 728	9 734	8 080	-1 654	Prestasie is afhanglike van verwysings deur howe.

Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en Ondersteuning								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	<b>4.2.1.2</b> Getal volwassenes in botsing met die gereg wat afleidingsprogramme voltooи het.	8 214	3 345	6 234	5 413	-821	Prestasie is afhanklik van verwysings deur die howe. COVID-19 regulasies het meegebring dat kleiner groepe deelgeneem het aan hierdie programme.
Kinderen en Jeugdiges in gevaar word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag bekamp. <sup>24</sup>		<b>4.2.1.3</b> Getal kinders wat met die gereg bots word deur die howe verwys en neem deel aan geakkrediteerde afleidingsprogramme.	6 388	3 992	6 520	4 744	-1 776	Afhanklik van SAPD en hofverwysings. COVID-19 het ook 'n negatiewe impak gehad op getal verwysings.
		<b>4.2.1.4</b> Getal kinders wat met die gereg bots verwys na afleidingsprogramme.	1 772	767	1 966	981	-985	Prestasie is afhanklik van verwysing deur howe. Howe het ook gekies om kinders na gemeenskapsdiens te te verwys eerder as bestaande afleidingsopsies.
		<b>4.2.1.5</b> Getal kinders wat met die gereg bots wat afleidingsprogramme voltooи het.	1 220	387	1 340	625	-715	Prestasie is afhanklik van verwysings deur howe. Hierbenewens het die hoë uitvalkoers en koste van kliëntevervoer 'n negatiewe impak op prestasie gehad.

<sup>24</sup> Die afname in teikens vir die aanwysers wat tot hierdie uitset bydra hou verband met die bestendige afname in die getal kinders wat deur die SAPD gearresteer en aangekla is vir misdade sedert die nasionale implementasie van die Wet in April 2010. (Volgens die 2018/19 Interdepartementele Jaarverslag van die implementering van die Wet op Kindergeregtigheid, 75/2008).

Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en Ondersteuning								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Kinderen en Jeugdiges in gevaar word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vvreemding en uitdagende gedrag bekamp.	Geregistreerde residensiële faciliteite wat aan die Wet op Kindergeregtigheid voldoen is beskikbaar vir verhoorafwagende en gevonnisse kinders.	<b>4.2.1.6</b> Getal kinders wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid gevonnis is tot veilige sorg KJSS'e.	162	130	160	115	-45	Plasings is afhanklik van verwysings deur howe. Vertragings met die afhandeling van hofprosesse het plasings verminder.
		<b>4.2.1.7</b> Getal kinders in botsing met die gereg wat verhoorafwagend is in veilige sorg KJSS'e ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid.	1 201	836	1 300	832	-468	Plasings is afhanklik van verwysings deur howe.
	Kinder en jeugdiges in gevaar in die 11 hoërisiko- gebiede ontvang toepaslike gespesialiseerde intervensies.	<b>4.2.1.8</b> Getal skole in 11 polsiegebiede met die hoogste risiko en/of WKR- veiligheidsplangebiede waar DMO en/of DMO- befondsde maatskaplike werkers kinder en jeugdiges wat in gevaar is, vir gespesialiseerde intervensies op 'n weeklikse basis identifiseer, assesseer, verwys en opvolg.	N/A	3	70	2	-68	COVID-19 regulasies en protokolle het die implementasie van die programme by skole beperk.

## Programprestasies

- Skoolgebaseerde misdaadvoorkoming, wat lewensvaardighede verskaf aan leerders met gedragsafwykings wat deur opvoeders geïdentifiseer is, het voortgegaan in die verslagjaar. 'n Totaal van 5 806 leerders het deelgeneem aan programme om aggressie, afknouery en DMV's aan te pak in beide landelike en metrogebiede, soos Oudtshoorn, Stellenbosch, Wellington, Paarl, Ceres, Bredasdorp, Riversonderend, Gugulethu, Khayelitsha, Seawinds, Ocean View, New Crossroads, Elsiesrivier, Delft, Bishop Lavis, Eerste Rivier, Mfuleni en Kraaifontein.
- Om die hoë voorkoms van GGG die hoof te bied, het 945 GGG oortreders en hulle slagoffers die terapeutiese Slagoffer Oortreder Mediasieprogram voltooi. Hierdie programme is by die Mitchells Plain and Gugulethu Gemeenskapshowe, en by die Strand en Somerset Wes Landdroshowe respektiewelik, voltooi. Die programme is daarop gemik om die jeugdige oortreder, die slagoffer, die gesinne betrokke en lede van die gemeenskap/samelewing te betrek om gesamentlik misdrywe te identifiseer en aan te spreek deur maatreëls in werking te stel wat die herhaling van die misdryf sal voorkom.
- 'n Totaal van 26 proefbeamptes is opgelei in afleidingprogramme wat fokus op selfbeeld, seksuele opvoeding, persoonlike geweld, hanteringstrategieë en lewensvaardighede.
- Die ontwikkeling van 'n nasionale Proefgevallebestuurstelsel is afgehandel en opleiding van departementele proefbeamptes het begin. Die doel van hierdie aanlynstelsel is om die tydsduur wat kinders in die strafregstelsel verkeer te beperk. Die stelsel verskaf ook intydse data vir alle kinders wat met die gereg bots in die provinsie, aangesien volle implementasie na verwagting in die komende boekjaar sal plaasvind.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan met skakeling en versterking van die verhouding met howe, om sodoende die verwysing van kinders en volwassenes in konflik met die gereg na toepaslike afleidingsdienste en programme te verbeter.
- Die ontwikkeling van 'n nasionale Proefgevallebestuurstelsel sal afstandswerk vir proefbeamptes moontlik maak, sodat hulle weg van die kantoor af hulle take kan afhandel en intydse data kan bekom. Sodoende sal hulle in staat wees om die prosesyd vir kinders in die strafregstelsel te verkort en om dienste aan kinders wat met die gereg bots te bied.

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 4.3 Slagofferbemagtiging								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplaneerde jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Psigososiale ondersteuningsdienste is beskikbaar vir slagoffers van misdaad en geweld.	<b>4.3.1.1</b> Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry.	23 672	17 933	18 375	21 878	3 503	Verbeterde toegang as gevolg van aanstelling van gespesialiseerde GGG maatskaplike werkers; Verhoogde GGG bewussyn en toename in verwysings van belanghebbendes.
		<b>4.3.1.2</b> Getal slagoffers van misdaad en geweld wat slagofferondersteuningsdienste verkry.	N.V.T.	588	1 100	677	-423	Afanklik van verwysings van SAPD.
	Dienste is beskikbaar vir slagoffers van mensehandel.	<b>4.3.1.3</b> Getal slagoffers van mensehandel en hulle kinders wat maatskaplike dienste verkry het.	N.V.T.	13	22	13	-9	Afanklik van verwysings van SAPD.
	Voorsiening van veilige verblyf aan slagoffers van misdaad en geweld.	<b>4.3.1.4</b> Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot dienste in befondsde Slagofferbemagtigingsprogram <sup>25</sup> dienssentrum.	N.V.T	1 963	1 851	1 903	52	Groot aanvraag vir skuilingsdienste.

<sup>25</sup> Herbenoem van "Getal slagoffers van misdaad en geweld wat skuilingsdienste bekom in befondsde Slagofferbemagtigingsprogram-dienssentrum".

## Programprestasies

- Die ontplooiing van ses ten volle operasionele GGG-skuilings gedurende die verslagjaar het die verspreiding en beskikbaarheid van psigososiale ondersteuningsdienste vir slagoffers van huishoudelike en seksuele geweld, asook veilige tuistes vir vroue, veral in landelike gebiede, verhoog. In totaal, is 26 befondsde skuilings tans operasioneel in die provinsie, met bykomende psigososiale ondersteuningsdienste geaktiveer in landelike gebiede, naamlik Swartland, Kaapse Wynlande en Sentrale Karoo. Daarbenewens het 14 maatskaplike werkers opleiding in kognitiewe gedragsterapie ontvang om kliënte met DMV'e by hierdie skuilings by te staan.
- Toegang tot GGG-terapeutiese ondersteuningsdienste is bevorder deur die ontplooiing van OSW-maatskaplike werkers by geïdentifiseerde brandpuntgebiede, insluitend Khayelitsha, Mfuleni, Elsiesrivier, Delft, Hanover Park, Nyanga, Philippi, Gugulethu en Langa.
- Die Departement het voortgegaan om sy langtermyn psigososiale ondersteuningsdienste by Thuthuzela Sorgsentrumms in die provinsie te versterk. Agt maatskaplike werkers en maatskaplike hulpwerkers is opgelei in traumaberading en gespesialiseerde ondersteuningsdienste vir volwasse slagoffers by die Thuthuzela Sorgsentrumms. Die Departement het ook voortgegaan met die ontwikkeling van verwysingsroetes om te verseker dat volwasse slagoffers die toepaslike dienste en sorg ontvang.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan met die skakeling met sy OSW-vennote om dienste aan slagoffers van geweld en misdaad te versterk deur middel van opleiding en kapasiteitsbou. Die kwessie van verwysingsroetes van die SAPD sal ook aangespreek word om bewussyn en toegang tot professionele en statutêre dienste te verhoog.

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 4.4 Dwelmmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Befondsde binnekasiënt-behandelingsdienste is beskikbaar.	<b>4.4.1.1</b> Getal diensgebruikers wat binnekasiënt-behandelingsdienste bekom het by befondsde OSW-, DMO-befondsde	1 300	692	1 241	922	-319	COVID-19 regulasies en protokolle het binnekasiënt toelatings beperk.

Subprogram 4.4 Dwelmmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlike teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Kinderen en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.		behandelingsentrumse en DMO-KJJS'e. <sup>26</sup>						
	Gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste is beskikbaar.	<b>4.4.1.2</b> Getal diensgebruikers wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde behandelingsentrumse gekry het. <sup>26</sup>	2 961	2 100	3 620	3 141	-479	COVID-19 inperkingsregulasies het programme by skole beperk. Sluiting van detoksifikasie-fasilitete het dienstoegang verder beperk.
	Vroeë intervensiedienste vir dwelmmisbruik is beskikbaar.	<b>4.4.1.3</b> Getal diensgebruikers wat vroeë intervensiedienste vir dwelmmisbruik ontvang het. <sup>27</sup>	6 373	4 320	6 580	6 081	-499	COVID-19 inperkingsregulasies het toegang tot die program beperk.

<sup>26</sup> Hierdie aanwysers is gekoppel aan die MTSR aanwyser "Getal persone wat toegang tot voorkomings- en behandelingsprogramme bekom".

<sup>27</sup> Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal persone wat toegang tot voorkomingsprogramme bekom".

Subprogram 4.4 Dwelmmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlike teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Dwelmmisbruik- nasorg en herintegrasiedienste is beskikbaar.	<b>4.4.1.4</b> Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasiedienste vir dwelmmisbruik ontvang het. <sup>28</sup>	1 821	1 595	2 510	1 816	-694	COVID-19 regulasies en protokolle het verwysings na nasorg- en herintegrasiedienste beperk. Voorts het nie alle kliënte die nasorg- en herintegrasieprogramme voltooi nie.

## Programprestasies

- Die Departement het sy gemeenskapsgebaseerde behandelingsentrum in landelike gebiede van die provinsie uitgebrei, naamlik Beaufort-Wes, Stilbaai, Ceres en Villiersdorp.
- Die Departement het voorgegaan om sy skoolgebaseerde programme te prioritiseer en dit is uitgebrei na Robertson en McGregor in die Langeberg Munisipaliteit. Hierdie programme het vroeë-intervensiedienste, soos individuele terapeutiese intervensies, groepswerk en gesinsintervensies ingesluit. Altesaam 1 091 leerders het hierdie dienste bekom in die verslagjaar.
- Ten einde die kennis, vaardighede en bekwaamhede van professionele praktisyne te versterk is departementeel personeel ingeskryf vir 'n universele behandelingskurrikulum vir DMV'e. Hierdie program word deur die Afrika Unie onderskryf en word gefasiliteer deur die NDMO. Tot datum het tien departementeel beampies hierdie program voltooi.
- Kapasiteitsbou en opleiding van voorgraadse studente wat in DMV-programme spesialiseer word steeds deur die Departement ondersteun. In totaal het 25 voorgraadse studente die sertifikaatkursus in dwelmmisbruik by die Universiteit van die Wes-Kaap voltooi en 24 nagraadse studente het die Nagraadse Diploma by die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch voltooi gedurende die 2021/22 boekjaar.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom.

- Die Departement sal 'n multi-belanghebbende benadering implementeer om die voorsiening en toeganklikheid van DMV-dienste te verseker. Die Departement sal ook kapasiteitsbou en bewusmakingsprogramme aanbied, sal statutêre nakoming van OSW's wat DMV programme

<sup>28</sup> Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal slagoffers van dwelmmisbruik wat toegang bekom tot ondersteuningsprogramme".

aanbied verseker, en sal die verwysingsroetes verstewig om doeltreffende toegang te verseker vir kiente wat DMV-dienste en -behandeling nodig het.

### **Koppeling van prestasie met begrotings**

Die Program het 100 persent van sy R466.393 miljoen begrotingstoewysing vir die 2021/22 boekjaar bestee. Die Program het 100 persent van sy R440.417 miljoen begrotingstoewysing vir die 2020/21 boekjaar bestee.

**Tabel J: Subprogram uitgawes**

Naam van Subprogram	2021/22			2020/21		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-) /Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-) /Onderbesteding
Herstellende dienste	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en Ondersteuning	5 612	5 612	-	3 578	3 578	-
Misdaadvoorkoming en Ondersteuning	283 376	283 376	-	272 222	272 222	-
Slagofferbemagtiging	66 495	66 495	-	63 860	63 860	-
Dwelmmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie	110 910	110 910	-	100 757	100 757	-
<b>Totaal</b>	<b>466 393</b>	<b>466 393</b>	<b>-</b>	<b>440 417</b>	<b>440 417</b>	<b>-</b>

## 4.5 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing

### Doeleind

Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme, wat bemagtiging van gemeenskappe, gebaseer op empiriese navorsing en demografiese inligting, fasiliteer.

### Subprogramme

- Subprogram 5.1: Bestuur en Ondersteuning
- Subprogram 5.2: Gemeenskapsmobilisering
- Subprogram 5.3: Institusionele Kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's
- Subprogram 5.4: Armoedevertiging en Volhoubare Lewensbestaan
- Subprogram 5.5: Gemeenskapsgebaseerde Navorsing en Beplanning
- Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling
- Subprogram 5.7: Vroue-ontwikkeling
- Subprogram 5.8: Bevolkingsbeleidsbevordering

### Uitkomste

- Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.
- Kwesbare mense het voedingsondersteuning.
- Die jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter.

#### Subprogram 5.2 Gemeenskapsmobilisasie

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogram bestuur.

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.3 Institusionele Kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's								
Uitkomst	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	OSW's het kapasiteit.	<b>5.3.1.1</b> Getal OSW's wat kapasiteit het. <sup>29</sup>	848	330	710	569	-141	Inperkingsregulasies het die geleenthede vir OSW-kapasiteitsbou beperk.
	OSW's word bygestaan met registrasie.	<b>5.3.1.2</b> Getal OSW's wat bygestaan is met registrasie. <sup>29</sup>	1 552	701	798	1 727	929	Toename in nuwe aansoeke asook versoek van bestaande organisasies.
	Bestuursondersteuningsopleiding is beskikbaar vir OSW's.	<b>5.3.1.3</b> Getal OSW's wat in voor- en na-assessering aangedui het dat hulle kennis verbeter het nadat hulle bestuursondersteunende opleiding ondergaan het.	12	12	12	13	1	'n Addisionele OSW was opgelei.

<sup>29</sup> Hierdie aanwysers is gekoppel met die MTSR : "Getal OSW's wat kapasiteit het".

Subprogram 5.3 Institusionele Kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's								
Uitkom	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	'n Mentorskap-program is beskikbaar vir OSW's	<b>5.3.1.4</b> Getal OSW's wat 'n risiko loop en deelgeneem het aan 'n mentorskap-program en wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het.	12	0 <sup>30</sup>	12	24	12	Die opleiding van 12 organisasies, wat uitgestel is as gevolg van COVID-19 beperkings in 2020/21, het plaasgevind in die 2021/22 boekjaar.

### Programprestasies

- Gedurende die verslagjaar het die Departement 37 opleidingsessies met 887 OSW leiers gefasiliteer regoor die provinsie. Hierdie opleidingsessies het gefokus op OSW registrasie en nakoming ten einde OSW's by te staan met doeltreffende en effektiewe nakoming van bestuursprosesse.
- 'n Totaal van vier OSW-volhoubaarheidsopleidingsessies is aangebied, wat die landelike en metrostreke van die provinsie ingesluit het. Hierdie opleidingsessies het die basiese beginsels van die #KenJouOSWStatus veldtog ingesluit en het gefokus op OSW nakoming en volhoubaarheid van die organisasie. Hierby was werkswinkels ten opsigte van belastingvrystellings vir OSW's, fondsinsamelingstrategieë en goeie bestuur ingesluit.
- Kapasiteitsbousessies is uitgevoer met 170 WKR beamptes, insluitend DMO beamptes. Die oogmerk van hierdie sessies was om WKR beamptes te versterk, te kapasiteer en in staat te stel om die optimale funksionering en veerkrigtheid van die OSW-sektor te ondersteun.

### Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan om OSW's se organisatoriese funksionering en goeie bestuurspraktyke te ondersteun en versterk om sodoende dienslewering en OSW-volhoubaarheid te verbeter.

<sup>30</sup> Uitstelle met die aanvang en lewering van die mentorskap-program as gevolg van die Covid-19 beperkings het geleid tot die nie-voltooiing van die program in 2020/21. Die program is egter afgehandel in die 2021/22 boekjaar.

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.4 Armoedevertiging en Volhoubare Lewensbestaan								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Kwesbare persone het voedingsondersteuning.	Kwesbare persone ontvang daagliks maaltye.	<b>5.4.1.1</b> Getal gesubsidieerde maaltye verskaf aan kwesbare persone by departementeel-befondsde terreine en GVOS'e <sup>31</sup> .	7 533	14 685	9 620	13 102	3 482	Aanvraag vir dienste as gevolg van die COVID-19 pandemie.
	UOWP werksgeleenthede.	<b>5.4.1.2</b> Getal UOWP werksgeleenthede geskep.	1 441	-32	1 886	2 123	237	Verbeterde verslagdoening oor bestaande werksgeleenthede.

### Programprestasie

- Die Departement het voortgegaan om sy voedselverligtingsintervensies uit te brei by wyse van die voorsiening van voedingsondersteuning aan die armstes en mees kwesbare individue in die provinsie. Hierdie intervensies sluit in voedselkoopbewyse uitgereik aan gemeenskapskombuise wat voedselverligting aan 15 000 begunstigdes verskaf, die voorsiening van gekookte maaltye aan 147 287 geverifieerde begunstigdes en 'n addisionele 1 221 begunstigdes by voedingsterreine wat tans befonds word. 'n Verdere 10 794 begunstigdes is ondersteun deur die voorsiening van nie-bederfbare goedere aan gemeenskapskombuise, en kospakkies is verskaf aan 96 500 kwalifiserende begunstigdes tydens die 2021/22 boekjaar.
- Hierbenewens was die Departement in staat om tydelike werksgeleenthede te verskaf aan 2 123 UOWP deelnemers in die 2021/22 boekjaar.
- Kapasiteitsbou ten opsigte van nakomingsbestuurprogramme is verskaf aan 16 befondste organisasies om hulle finansiële en inligtingsbestuur te versterk en sodoende gesonde bestuurspraktyde te bevorder en in stand te hou.

<sup>31</sup> Hierdie aanwyser is gekoppel met die MTSR aanwysers "% van voedselonsekerheid kwesbare huishoudings wat toegang tot kos deur voedsel en sekerheidsinisiatiewe bekom".

<sup>32</sup> Geen verslag gedoen oor hierdie aanwyser in JPP gedurende die 2020/21 boekjaar nie; prestasies is gemeet en vermeld deur die UOWP Nasionale Verslagstelsel.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

Nie van toepassing nie.

<b>Subprogramme 5.5 Gemeenskapsgebaseerde Navorsing en Beplanning</b>
---

Hierdie intervensies word transversaal bestuur binne die subprogram.
--

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.6 Jeugontwikkeling								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlike teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwyking
Jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter.	Jeugvaardigheidsontwikkeling-programme is beskikbaar.	<b>5.6.1.1</b> Getal jeugdiges wat aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem.	16 315	12 229	10 000 <sup>33</sup>	12 615	2 615	Verhoogde aanvraag vir jeugvaardigheidsontwikkelingsprogramme.
	Jeug is gekoppel aan werk- en vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede.	<b>5.6.1.2</b> Getal jeugdiges wat gekoppel is aan werk en ander vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede van eie dienste.	6 334	2 117	3 860	3 784	-76	COVID-19 inperkings het die beskikbaarheid van werksgeleenthede vir jeugdiges beperk
	Befondsde jeugkafees is operasioneel.	<b>5.6.1.3</b> Getal befondsde jeugkafees.	13	12	12	12	-	Teiken behaal.

<sup>33</sup> Die vermindering van die teiken hou verband met die vermindering van die begroting, die sluiting van een Jeugkafee, asook die aanvaarding van 'n hersiene en gefokusdiensmodel waardeur die opkomende behoeftes van die Provincie se jeug aangespreek kan word.

## Programprestasies

- Die Departement het voortgegaan met sy steun en voorsiening van toegang tot vaardigheidsontwikkelingsprogramme. Hierdie programme is benut deur 12 615 jongmense, by die 12 bestaande Jeugkafees en verskeie gemeenskapsgebaseerde organisasies in die provinsie. Die programme het opleiding in lewensvaardighede en sakeontwikkelings ingesluit. Naskoolse programme het ook voortgegaan by die Jeugkafees en het ondersteuning aan jeug in oorgang (grade 10-12) verskaf ten opsigte van akademiese en oorhoofse vaardigheidsontwikkeling.
- Die Departement het die Riversdal Jeugkafee bekend gestel, in vennootskap met die Hessequa Munisipaliteit en 'n OSW-vennoot. Hierdie kafee het aan jongmense toegang verleen tot kritieke vaardighede in digitale geletterdheid, entrepreneurskap, leierskap en lewensvaardighede.
- Befondsde organisasies het voortgegaan om programme gemik op jeug met gestremdhede te hoofstroom en is hierin ondersteun deur opleiding en kapasiteitsbou om dienste te verskaf aan jeug met gehoorgestremdheid. Gedurende die verslagjaar het 207 jongmense geakkrediteerde gebaretaalopleiding ontvang. Voorts het 10 jongmense met intellektuele gestremdhede, wat geaaffilieer is by die Velddrif Jeugkafee, bekend as Die Eiland Huis, ontwikkelingsopleiding ontvang in skeppende kuns en fisiese stimulasie om hulle te help om die vaardighede en selfvertroue te ontwikkel wat hulle kan help om hulle daaglikse uitdagings te bowe te kom.
- Seksuele gesondsheidsverwante-dienste is ook steeds voorsien om die bewusmaking van GGG in gemeenskappe te verhoog en die voorkoms daarvan te verminder. Hierdie aktiwiteite het selfverdedigingsklasse en bewusmakingspraatjies ingesluit. Die Departement het ook in vennootskap met die Human Screen Foundation voortgegaan om menseregtekwessies te beklemtoon deur vertoning van films en interaktiewe besprekings met 175 jeugdige deelnemers in die verslagjaar.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan om geleentheede vir jeugdiges te faciliteer om hulpbronn en dienste te bekom om hulself toe te rus om selfstandige en verantwoordelike burgers te word.

### Subprogram 5.7 Vroue-ontwikkeling

Hierdie intervensies word transversaal in die subprogram bestuur.

## Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.8 Bevolkingsbeleidsbevordering								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Geouditeerde werklike prestasie 2020/21	Beplande jaarlikse teiken 2021/22	Werklike prestasie 2021/22	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2021/22	Redes vir afwykings
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Demografiese navorsing en profiling onderneem om bevolkings- en ontwikkelingsituasie te ontleed.	<b>5.8.1.1</b> Getal bevolkingsnavorsingsprojekte voltooi.	1	1	1	1	-	Teiken behaal.
		<b>5.8.1.2</b> Getal demografiese profielprojekte voltooi.	11	6	6	6	-	Teiken behaal.
	Programme word geïmplementeer om bewusmaking en begrip van bevolkings- en ontwikkelingkwessies te bevorder.	<b>5.8.1.3</b> Getal bevolkingskapasiteit-ontwikkelingssessies onderneem.	N.V.T	6	6	4	-2	Drie kapasiteitsbousessies moes gekombineer word en het deel gevorm van 'n 5-dag werkswinkel oor migrasie en menseregte-verwante kwessies aangebied deur die Departement in samewerking met die NDMO.
	Voorspraak, inligtings-, opvoedings- en kommunikasieaktiwiteite (IVK) word geïmplementeer.	<b>5.8.1.4</b> Getal bevolkingsvoorspraak-, inligtings-, opvoedings- en kommunikasieaktiwiteite (IVK) geïmplementeer.	N.V.T	4	4	4	-	Teiken behaal.

## Programprestasies

- Die Departement het verskeie stelle bevolkingsberamings opgestel wat deur verskeie WKR departemente gebruik is vir beplanningsdoeleindes. Dit het die voltooiing van ses demografiese profiele vir die Kaapse Wynlande Distriksmunisipaliteit ingesluit.
- In samewerking met die NDMO, het die Departement 'n vyfdaag virtuele werkswinkel aangebied oor Migrasie en Menseregte-verwante aangeleenthede.
- Die Departement het ondersteuning verskaf aan die Wes-Kaapse Herstelplan se welstandswerksgroep deur data-insameling vir die veiligheidstoegestel en veiligheidsintervensies in brandpuntgebiede.
- Die Departement het voortgegaan met die weeklikse bywerking van die Provinciale Humanitaire Noodlenigingsprogram-aanwyserpaneel. Die aanwyserpaneel verskaf 'n ruimtelike uitbeelding van daagliks voeding en kospakkies uitgedeel deur die WKOD, DMO, die Departement van Plaaslike Regering en OSW's.

## Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan om te skakel met sy belanghebbendes deur geskeduleerde gesamentlike kapasiteitsbousessies om die kennis en begrip van bevolkingstendense en dinamiek te verbeter en om beleids- en besluitnemingsprosesse toe te lig.

## Koppeling van prestasie met begrotings

Die Program het 100 persent van sy R93.209 miljoen begrotingstoewysing vir die 2021/22 boekjaar bestee. Die Program het 100 persent van sy R161.217 miljoen begrotingstoewysing vir die 2020/21 boekjaar bestee.

**Tabel K: Subprogram uitgawes**

Naam van Subprogram	2021/22			2020/21		
	Finale Begroting	Werklike Besteding	(Oor-)Onder Besteding	Finale Begroting	Werklike Besteding	(Oor-)Onder Besteding
Ontwikkeling en Navorsing	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en Ondersteuning	6 891	6 891	-	6 845	6 845	-
Institutionele Kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's	2 270	2 270	-	2 595	2 595	-
Armoedeverligting en Volhoubare Lewensbestaan	62 094	62 094	-	131 005	131 005	-
Jeugontwikkeling	18 031	18 031	-	17 554	17 554	-
Bevolkingsbeleidbevordering	3 923	3 923	-	3 218	3 218	-
<b>Totaal</b>	<b>93 209</b>	<b>93 209</b>	<b>-</b>	<b>161 217</b>	<b>161 217</b>	<b>-</b>

### **Verslagdoening oor die institusionele reaksie op die COVID-19 pandemie**

Oor die afgelope boekjaar is die ernstigste ekonomiese en sosio-ekonomiese impak van COVID-19 deur die gemeenskap se kwesbaarste mense gevoel. Die verlies aan lewensbestaan en toenemende werkloosheid het 'n humanitaire krisis tot gevolg gehad namate meer huishoudings voedselonsekerheid ervaar het en die volhoubaarheid van OSW-vennote bedreig is. Die intervensies hieronder aangetoon is bykomend tot die mandaatdienste wat deur die Departement verskaf word.

**Tabel L: Vordering met institusionele reaksie op die COVID-19 pandemie**

Begrotingsprogram	Intervensie	Geografiese ligging	Aantal begunstigdes	Ontleding van begunstigdes	Totale begrotingstoewysing per intervensie (R'000)	Begroting bestee per intervensie (R'000)	Bydrae tot die uitsette in die JPP	Onmiddellike uitkomste
Sub-program: Armoedevertligting en Volhoubare Lewensbestaan	COVID-19 Voedselverligting Intervensies	Al 6 DMO streke in die Provincie.	270 802 begunstigdes	135 401 vroue (50 persent), 56 868 mans (21 persent), 78 533 kinders (29 persent) het maaltye ontvang.	98 610	98 610	N.V.T.	Bystand aan huishoudinge en individue wat voedselonsekerheid ervaar.
Subprogram: VKO en Gedeeltelike Sorg	VKO-Werkskeppingsstimulus Verligtingstoelae	Al 6 DMO streke in die Provincie.	Ongeveer 2 725 VKO fasiliteite en programme.	N.V.T.	53 067	53 067	N.V.T.	Ondersteuning aan die VKO-werksmag wat hard getref is deur COVID-19. Die Stimulus Verligtingstoelae verskaf 'n eenmalige betaling gelyk aan ses maande van ondersteuning per goedgekeurde stelsels en prosesse aan alle VKO fasiliteite en programme wat aansoek gedoen het en in aanmerking kom vir hierdie hulp.

## 5. Oordragbetalings

### 5.1 Dra betalings aan openbare entiteite oor.

Nie van toepassing nie.

### 5.2 Dra betalings oor aan alle organisasies behalwe openbare entiteite

Verwys asseblief na Bylae A: Oordragbetalings aan alle organisasies behalwe openbare entiteite.

## 6. Voorwaardelike toewysings

### 6.1 Voorwaardelike toewysings en geoormerkte fondse betaal

Niks om oor verslag te doen nie.

### 6.2 Voorwaardelike toewysings en geoormerkte fondse ontvang

Die Departement het 'n toekenning van R321.137 miljoen vir die 2021/22 boekjaar ontvang.

#### Voorwaardelike toewysings

##### Vroeëkinderontwikkeling

Die VKO programtoekenning van R104.278 miljoen beoog om toegang van die aantal kinders in VKO fasiliteite en programme te verhoog, en om geringe infrastruktuuropgraderings, instandhouding en voorsiening van leermateriaal deur te voer om fasiliteite by te staan om die skuif van voorwaardelike registrasie na volle registrasie te maak. 'n Bykomende R17.228 miljoen is ontvang om die tekort van Fase 1 van die Presidensiële Werkskeppingsinisiatief aan te spreek. Hierdie inisiatief het beoog om werkloosheidsrisiko-ondersteuning te verskaf aan VKO-verwante werkers wat geaffekteer is deur die COVID-19 inperking.

##### Geoormerkte fondse

##### Personne met Gestremdhede

'n Geoormerkte toekenning van R54.408 miljoen is ontvang vir dienste aan persone met gestremdhede, inklusief van dieregsverpligting voortspruitend uit die hofbevel ten opsigte van kinders met diepliggende intellektuele gestremdhed.

##### Voorsiening van gesubsidieerde voertuie om kinders met intellektuele gestremdhede na dagsorgsentrums toe te vervoer (Gestremheid hofsaak)

'n Geoormerkte toekenning van R5 miljoen is in 2021/22 ontvang om sorg en ondersteuning te skep en toegang tot opvoeding vir kinders met intellektuele gestremdhede moontlik te maak.

##### Indiensneming van Maatskaplike Werkers

Die geoormerkte bedrag van R15.773 miljoen is gebruik om die behoefté aan maatskaplike werkers aan te spreek en om die agterstand in die aantal maatskaplikewerk-gegradeerde wat werkloos bly na voltooiing van hulle staatsgesubsidieerde opvoeding te hanteer.

##### Maatskaplike Worker Byvoeging

'n Geoormerkte toekenning van R20.910 miljoen is in 2021/22 ontvang om die indiensneming van maatskaplike werkers in stand te hou, veral in gebiede met 'n hoë voorkoms van GGG, dwelmmisbruik en kwessies wat kinders raak.

##### Sanitêre Waardigheidsprojek

'n Bedrag van R10.509 miljoen is geoormerk in 2021/22 vir die Sanitêre Waardigheidsprojek, wat ten doel het om behoeftige vroulike leerders in graad 4 -12, wat kwintiel 1-5 skole bywoon, toegang tot basiese sanitêre produkte te bied.

## **MIV Voorkomingsprogramme (Sosiale- en Gedragsveranderingsprogramme)**

'n Bedrag van R5.869 miljoen is in 2021/22 ontvang vir die voortgesette ondersteuning van OSW's wat sosiale gedragsveranderingsprogramme implementeer, as deel van die strategie om sosiale en strukturele snellers van MIV, TB en SOI's, asook GGG, te taker.

### **Inkontraktering van werkzaamhede by KJJS'e: CoE**

'n Bedrag van R15.077 miljoen is in 2020/21 ontvang vir die aanstelling van personeel benodig by die Horizon en Clanwilliam KJJS'e.

### **Geweld Teen Vroue**

R17.865 miljoen is in die 2021/22 boekjaar geoormerk vir die uitbreiding van die Slagofferbemagtigingsprogram om geweld teen vroue en kinders te taker.

### **Voedselhulpfunksieverskuiwing, voedselverspreidingsentrum en gemeenskapsvoedingsontwikkeling**

'n Bedrag van R14.600 miljoen is in 2021/22 geoormerk om die voorsiening van voedingsondersteuning aan kwesbare persone te versterk deur provinsiale voedselverspreidingsentrum en GVOS'e.

### **Maatskaplike noodleniging (Voedselhulp/voeding)**

'n Bedrag van R25 miljoen is in 2021/22 geoormerk om voeselhulpmaatreëls te versterk ter ondersteuning van die Wes-Kaapse Herstelplan.

### **Verhoogde hulp aan gesinne as gevolg van impak van COVID-19, GGG, ens.**

'n Bedrag van R10 miljoen is in 2021/22 geoormerk vir verdere ondersteuning aan gesinne wat maatskaplike dienste benodig as gevolg van die onwenslike omstandighede veroorsaak deur COVID-19 en GGG.

### **Voorwaardelike Toewysings en Geoormerkte Toewysings**

Voorwaardelike toewysings en geoormerkte toewysings	Bedrag toegeken R'000	Werklike uitgawes R'000	Onder / (Oor) R'000
<b>Voorwaardelike toewysings</b>			
VKO Voorwaardelike Toelaag	121 506	111 215	10 291
<b>Geoormerkte Befondsing</b>			
Personne met Gestremdhede	54 408	54 408	-
Voorsiening van gesubsidieerde voertuie om kinders met intellektuele gestremdhede na dagsorgsentrum te vervoer (Gestremdhed hofsaak)	5 000	-	5 000
Maatskaplike Werker Indiensnemingstoelaag	15 773	15 773	-
Maatskaplike Werker Toevoeging	20 910	20 910	-
Sanitêre Waardigheidsprojek	10 509	8 960	1 549
MIV Voorkomingsprogramme (Sosiale- en Gedragsveranderingsprogramme)	5 869	5 869	-
Inkontraktering van werkzaamhede by KJJS'e: CoE	15 077	15 077	-
Geweld Teen Vroue	17 865	17 865	-

Voorwaardelike toewysings en geoormerkte toewysings	Bedrag toegeken R'000	Werklike uitgawes R'000	Onder / (Oor) R'000
Voedselhulpfunksieverskuiwing, Voedselverspreidingsentrum en gemeenskapsvoedingsontwikkeling	14 600	14 600	-
Maatskaplike noodleniging (Voedselhulp/Voeding)	25 000	25 000	-
Verhoogde ondersteuning aan gesinne as gevolg van impak van COVID-19, GGG, ens.	10 000	10 000	-

**Bevestiging dat alle oorplasings in die geakkrediteerde bankrekening van die Provinciale Tesourie gedeponeer is**

Provinciale Tesourie het bevestig dat alle oorplasings in sy geakkrediteerde bankrekening gedeponeer is.

**Tabel M: Voorwaardelike Toewysings**

Departement wat die toewysing oorgedra het	Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
<b>Doel van die toewysing</b>	Om die aantal arm kinders wat toegang verkry tot gesubsidieerde VKO-dienste deur gedeeltelike sorgfasiliteite te verhoog. Om VKO-verskaffers wat 'n VKO-program lewer te ondersteun om aan basiese gesondheids- en veiligheidsvereistes vir registrasie te voldoen. Om persoonlike beskermingsstoerusting steunpakkette aan VKO, NSS ten programme te lewer ter voorbereiding van heropening. Om laekoste VKO-sentrums op te gradeer. Ontplooiing van die registrasie Vangasali projek in die provinsie
<b>Verwagte uitsette van die toewysing</b>	50 fasiliteite geassesseer, kosteberaming gedoen en opgegradeer Subsidietoekenning: 9 500 kinders
<b>Werklike uitsette behaal</b>	50 fasiliteite opgegradeer Subsidietoekenning: 15 923 kinders
<b>Bedrag per gewysigde DORA</b>	R121 506 000 waarvan: R104 278 000 - Subsidie, Infrastruktur. R17 228 000 – Presidensiële indiensnemingsinisiatief
<b>Bedrag ontvang (R'000)</b>	R121 506 000
<b>Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang nie</b>	N.V.T.
<b>Bedrag bestee deur die Departement (R'000)</b>	R111 287 000
<b>Redes waarom entiteit nie die fondse bestee het nie</b>	Geen nuwe bykomende aansoeke is ontvang vir subsidietoekenning nie.
<b>Redes vir afwyking van prestasie</b>	Meer kinders het na VKO-sentrums teruggekeer na opskorting van COVID-19 regulasies, derhalwe die oorprestasie.
<b>Maatreëls getref om prestasie te verbeter</b>	N.V.T

<b>Monitormeganismes deur die ontvangende departement</b>	<p>Die Provinciale Departement dien die volgende verslae aan NDMO en Provinciale Tesourie (PT) in:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>■ Maandelikse in-jaar moniteringsverslag om besteding te monitor.</li><li>■ Maandelikse infrastruktuurverslag om infrastruktuuropgraderings en besteding te monitor.</li><li>■ Kwartaallikse vorderingsverslag om prestasiebywerking oor infrastruktuur en subsidietoewysing te verskaf.</li><li>■ Kwartaallikse moniteringsinstrument om statistiese data te verskaf oor hoe provinsie voorsiening maak vir VKO-dienste deur voorwaardelike toelaes asook billike aandeel.</li><li>■ Jaareindverslag om verslag te doen oor jaarlikse prestasie, besteding en uitdagings ervaar.</li><li>■ Bywoning van kwartaallikse verslagvergaderings by NDMO om bywerking te verskaf oor provinsiale status ten opsigte van voorwaardelik toewysings en beleidsake.</li><li>■ Jaarlikse prestasie-assesseringverslae word voltooi deur alle organisasies wat deur die provinciale departement befonds word om nakoming van die Diensvlakooreenkoms (DVO)-vereistes te assesseer.</li><li>■ Verslae aan NDMO oor implementering van stimuluspakkette.</li></ul>
---	---

## 7. Skenkerfondse

Niks om oor te rapporteer nie.

## 8. Kapitaalbelegging

### 8.1 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuurplan

#### Vordering gemaak met implementering van die kapitaal-, beleggings- en batebestuurplan

Die Departement se kapitaalbeleggings bestaan hoofsaaklik uit roerende bates ten opsigte van rekenaartoerusting, voertuie en ander toerusting. Die bateregister word onmiddellik bygewerk met verkrygings, verkoop en ander batebewegings. Inligtingstegnologiebates sluit 'n vyfjaar waarborg in ingeval van 'n bate wat onklaar raak.

Die Department is totaal afhanklik van die DVOW vir sy infrastruktuur- en instandhoudingsbehoeftes aangesien die begroting gesentraliseer is en projekbestuur by DVOW gesetel is. Departementele infrastruktuur- en instandhoudingsprojekte word geïmplementeer in ooreenstemming met die Departementele Batebestuurplan en gemoniteer deur maandelikse skakeling met DVOW.

#### Infrastruktuurprojekte (huidig en tans aan die gang)

- Die opknapping van die Bergvlier Diensleweringsarea is in die verkrygingsfase en konstruksie sal in die 2022/23 boekjaar begin.
- 'n Nuwe bykomstige fasiliteit vir mans by Kensington Behandelingsentrum is in die beplanningsfase.
- Metro-Suid Streekkantoor (Wynberg): Algemene Instandhouding en nakoming Fase 1 is naby voltooiing en sal afgehandel word teen die einde van Mei 2022; Fase 2 is in die beplanningstadium.
- Murraysburg – die opknapping van 'n nuwe kantoor by Voortrekkerstraat 35 is voltooi.
- Opknapping van die ou JJ du Preez Kliniek in Paarl vir nuwe DMO kantore in plaas van huidige gehuurde fasiliteite, word beplan en is onderworpe aan beskikbare befondsing.
- Clanwilliam – tydelike verblyf is verkry in 'n gehuurde huis. Pogings word aangewend om langtermyn verblyf ter bekom.

- Metro-Noord, Goulburn Sentrum – Algemene instandhouding en nakoming, insluitend dakvervanging, is voltooi.

### **Planne om enige huidige fasiliteite te sluit of af te gradeer**

Daar is geen planne om enige huidige fasilitet te sluit of af te gradeer nie.

### **Vordering gemaak met die instandhouding van infrastruktuur**

- Verskeie algemene instandhouding en kapitaalprojekte by veiligesorgsentrums is voltooi: Outeniqua (Nuwe koshuis), Outeniqua (bestaande fasilitet), Lindelani en De Novo (ROAR) fase 2, insluitend 'n nuwe KJSS afdeling in die vorige dwelmmisbruik-afdeling. 'n Paar defekte word nog reggestel.
- Verskeie algemene instandhoudings- en kapitaalprojekte by veiligesorgsentrums is onderweg: Horizon (nuwe byvoegings) en Clanwilliam (nuwe koshuis) is in aanbou en Bonnytoun en Vredelus, algemene instandhouding en nakoming, is in die verkrygingsfase.
- Verskeie algemene instandhoudings- en kapitaalprojekte by veiligesorgsentrums is in die beplanningstadium en vordering is onderworpe aan befondsing: Clanwilliam (ou koshuse) en De Novo (ROAR) fase 3 algemene instandhouding en nakoming; en Siyakatala (nuwe fasilitete).
- Algemene instandhoudings- en nakomingsprojek by bestaande Kensington Behandelingsentrum is in die beplanningsfase. Dringende aandag aan brandvoorkoming word vereis. 'n Paar tussentydse maatreëls is in plek geplaas om korttermyn vereistes van die Stad Kaapstad se Brandweerhoof na te kom.

### **Ontwikkelings met betrekking tot bogenoemde wat na verwagting 'n impak op die Departement se huidige besteding sal hê**

Bogenoemde sal geen impak hê op die Departement se huidige besteding nie aangesien die onkostes deur die DVOW gedra is.

### **Veranderinge aangaande batebesit**

Die Departement se totale kapitaalbatebesit teen koste is R83 676 236.39 soos op 31 Maart 2022. Die jaarlikse bateverifikasieproses, uitgevoer by wyse van fisiese verifikasié en steekproeftoetsing, is voltooi op 31 Maart 2022. Alle batebesonderhede is vasgelê op die bateregister en is akkuraat, betroubaar, korrek geklassifiseer en verantwoord. Alle verouderde, ondiensbare en beskadigde bates is gereeld en op 'n deursigtige wyse weggedoen.

Ingesluit in die totale kapitale batebesit is 115 kapitaaltekorte, wat ondersoek word deur Roerende Batebestuur of Interne Kontrole, wat, teen koste, R1 902 809.14 beloop met 'n boekwaarde, soos op 31 Maart 2022, van R451 776.32. Dit verteenwoordig, teen koste, 2.27 persent van die Departement se totale kapitale batebesit.

### **Tabel N: Ontleding van die Vernaamste (Kapitale) batebesit is as volg:**

<b>Streek</b>	<b>Kosprys R</b>
Hoofkantoor	R 21 342 032.65
Metro Suid-Streek	R 7 536 790.34
Metro Oos-Streek	R 8 476 314.98
Metro Noord-Streek	R 8 214 104.31
Eden-Karoo Streek	R 8 381 023.47
Kaapse Wynlande Overberg-Streek	R 8 208 964.01
Weskus-Streek	R 3 753 466.58

Streek	Kosprys R
Fasilitete	R 17 763 540.05
<b>Totaal</b>	<b>R 83 676 236.39</b>

### Bates verkoop in die 2021/22 boekjaar

'n Totaal van 528 kapitaalbates, ter waarde van R6 536 238.16, is verkoop gedurende die 2021/2022 boekjaar. Die kapitaalbates wat verkoop is hou verband met:

- 502 kapitaalbates, ter waarde van R5 200 150.08, is verkoop in die normale gang van sake;
- Twee (2) gespesialiseerde motorvoertuie, ter waarde van R875 452.12, is geskenk aan twee (2) vooraf-geïdentifiseerde organisasies vir die vervoer van kinders met diepliggende en ernstige gestremdhede;
- 17 kapitaalbates, ter waarde van R253 184.67, is afgeskryf ooreenkomstig goedgekeurde afskrywings deur die Rekenpligtige Beambte; en
- 7 kapitaalbates, ter waarde van R207 451.29, is oorgedra aan die Departement van Kultuursake en Sport (5 bates) en die DVOW (2 bates) in verband met goedgekeurde artikel 42-oordragte.

'n Totaal van 1 499 kleiner bates ter waarde van R2 016 800.68 is verkoop gedurende die 2021/2022 boekjaar. Die kleinerer bates was die volgende:

- 1 449 klein bates ter waarde van R1 921 160.28, verkoop in die gewone loop van sake;
- 5 klein bates, ter waarde van R4 711.51, afgeskryf ooreenkomstig goedgekeurde afskrywings deur die Rekenpligtige Beambte; en
- 45 klein bates, ter waarde van R90 928.89, oorgedra aan die Departement van Kultuursake en Sport, ooreenkomstig 'n goedgekeurde artikel 42-oordrag.

### Maatreëls getref om te verseker dat die Departement se bateregister op datum bly

Bates word volgens die Departementele Bateregister op die datum van ontvangs soos per die Logistiese Inligtingstelsel (LOGIS) aangegeteken. Maandelikse BAS/LOGIS rekonsiliasies word ook uitgevoer om volledigheid te verseker en om Batebesteding per BAS -proefbalans en die Bateregister, insluitend die Batekategorieë, in ooreenstemming te bring. Die Eenheid vir Roerende Batebestuur voer ook maandelikse ontledings tussen die bateregister en alles-in-diens notering van die GDS om amptenare te identifiseer wat die Departement moontlik verlaat het weens aftredes, bedankings, ontslag, ens, en waar bates dalk nog steeds aan daardie beamptes toegewys is. Die Departement het batekontroleurs in alle streke/fasilitete en Hoofkantoorkostesentrums wat kwartaallikse bateverifikasies van alle bates moet uitvoer in hulle onderskeie streek/fasilitet/kostesentrum. Alle veranderinge wat geïdentifiseer word tydens hierdie proses moet gerapporteer/vasgelê word op LOGIS, wat voorsiening maak vir die onmiddellike bywerking van die Departement se bateregister. 'n Jaarlikse bateverifikasie word ook uitgevoer om die volledigheid en akkuraatheid van die bateregister te verseker. As 'n addisionele beheermaatreël voer die Hoofkantoor se batebestuurenheid ook onaangekondigde inspeksies by sekere kantore/terreine gedurende die boekjaar uit.

### Die huidige stand van die Departement se kapitaalbates

Die huidige stand van die Departement se kapitaalvoorraad staan steeds op 45 persent van sy kapitaalbates in goeie toestand, 50 persent in 'n redelike toestand en 5 persent in 'n swak toestand en word oorweeg vir wegdoening.

### Groot instandhoudingsprojekte wat aangepak is

Geen groot projekte is deur die Departement aangepak in die verslagjaar nie. Die DVOW is verantwoordelik vir hierdie projekte.

## **Vordering gemaak in die hantering van die instandhoudingsagterstand**

Gedurende hierdie verslagtydperk het die DVOW daarin geslaag om van die instandhoudingsagterstand aan te spreek. Daar bly egter steeds 'n groot instandhoudingsagterstand by die Departement se veiligesorgsentrusms.

**Tabel O: Infrastruktuurprojekte**

Infrastruktuurprojekte	2021/22			2020/21		
	Finale Toewysing R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/ Onder-besteding R'000	Finale Toewysing R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/ Onder-besteding R'000
Nuwe en vervangingsbates	-	-	-	-	-	-
<b>Bestaande infrastruktuurbates</b>						
- Swellendam DMO – Algemene Bouherstelwerk insluitend elektries	-	-	-	3 490	4 760	(1 270)
- Beaufort-Wes-Kantoor van Maatskaplike Ontwikkeling Dan De Villiers Gebou - Skaduparkering FY1819	-	-	-	193	229	(36)
- Stellenbosch-Lindelani – Algemene herstelwerk aan verskeie huise, garages en omheining van binnehof FY1718	-	-	-	5 825	6 262	(436)
<b>Oordrag van infrastruktuur</b>						
• Huidig	-	-	-	-	-	-
• Kapitaal	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>9 507</b>	<b>11 250</b>	<b>(1 742)</b>

## Deel C: Bestuur

### 1. Inleiding

Die Departement se toewyding tot die handhawing van die hoogste standarde van bestuur is grondliggend tot die bestuur van openbare finansies en hulpbronne. Gebruikers wil die versekering hê dat die Departement goeie bestuurstrukture in plek het om staatshulpbronne, wat deur die belastingbetalers befonds word, doeltreffend, effekief en ekonomies aan te wend.

### 2. Risikobestuur

Die Rekenpligtige Beampte (RB) vir die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling neem die verantwoordelikheid vir die implementering van Ondernemingsrisikobestuur (ORB) in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Risikobestuursraamwerk (OSRBR) en die Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur (D: ORB) in die Departement van die Premier (DvdP) wat 'n gesentraliseerde diens aan die Departement verskaf.

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuurkomitee (ORBKOM) gestig om die Rekenpligtige Beampte by te staan met die uitvoering van sy verantwoordelikhede ten opsigte van risikobestuur.

#### Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBKOM) Verantwoordelikheid

Die Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBEKOM) doen verslag dat hy sy verantwoordelikhede nagekom het wat voortspruit uit Artikel 38 (1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourieregulasie 3.2.1 en Staatsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3. Die ORBKOM rapporteer ook dat hy die toepaslike formele opdrag (goedgekeur deur die ORBKOM voorsitter op 14 Februarie 2019) aanvaar het en sy sake gereguleer het in ooreenstemming met hierdie opdrag en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat.

#### Lede van Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBKOM)

Die ORBKOM bestaan uit gekose lede van die Departement se senior bestuurspan. ORBKOM het vier keer gedurende die verslagjaar byeengekom, soos per sy opdrag.

Die tabel hieronder verskaf tersaaklike inligting oor ORBKOM lede:

Lid	Posisie	Vergaderings bygewoon	Datum aangestel
Dr. R Macdonald	Rekenpligtige Beampte (Voorsitter)	3	31/03/2017
Mnr. J Smith	Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur (HFB & Risikoverdediger)	2	30/03/2017
Mnr. C Jordan	Hoofdirekteur: Kinders, Gesinne en VKO	3	30/03/2017
Me. M Johnson	Hoofdirekteur: Sakebeplanning en Strategie	2	30/03/2017
Mnr. M Hewu	Hoofdirekteur: Gemeenskaps-en Vennootskapsontwikkeling	3	30/03/2017
Me. A van Reenen	Hoofdirekteur: Dienleweringbestuur en Koordinering	4	01/07/2021
Me. L Goosen	Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn en Herstellende Dienste	3	17/11/2020

Lid	Posisie	Vergaderings bygewoon	Datum aangestel
Me. R Patel	Direkteur: Operasionele bestuursondersteuning	1	01/01/2022

Die volgende is 'n aanduiding van ander beampies wat ORBKOM vergaderings bygewoon het gedurende die verslagjaar:

Naam	Posisie	Vergaderings bygewoon
Mnr. D Arendse	Adjunkdirekteur: Interne Beheer	3
Mnr. S Abrahams	Waarnemende Assistentdirekteur: Interne Beheer	1
Me. D West	Staatsrekenmeester: Interne Beheer	4
Mnr. D Holley	Direkteur: Finansiële Rekeninge	1
Mnr. C Starling	Direkteur: Verskaffingsbestuur	1
Mnr. G Miller	Direkteur: Navorsing en Inligtingsbestuur	3
Me. S Nieftagodien	Direkteur: Sakebeplanning en Monitering	1
Mnr. L Arnolds	Direkteur: Gemeenskapsontwikkeling	1
Mev. A Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	3
Me. G Solomons	Waarnemende Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	1
Mnr. S Africa	Hoofrisiko-adviseur: Ondernemingsbestuur (DvdP)	4
Mev. M Natesan	Adjunkdirekteur: Proviniale Forensiese Dienste (DvdP)	4
Me. M Danker	Proviniale Forensiese Dienste (DvdP)	1
Me. L Abrahams	Proviniale Forensiese Dienste (DvdP)	1
Me. P Pillay	Proviniale Forensiese Dienste (DvdP)	1
Mnr. S Malan	Direkteur: Interne Oudit (DvdP)	3
Me. A Behardien	Adjunkdirekteur: Interne Oudit (DvdP)	4

### **Ondernemingsrisikobestuurskomitee: Vernaamste aktiwiteite**

Die Rekenpligtige Beämpte is die voorsitter van die ORBKOM. In die uitvoering van sy funksie het die ORBKOM die volgende vernaamste aktiwiteite gedurende die jaar uitgevoer:

- Die Departement se Risikobestuurstrategie en Implementeringsplan is hersien vir aanbeveling deur die Ouditkomitee en goedkeuring deur die Rekenpligtige Beämpte;
- Stel vas, hersien en pas toepaslike risiko-apptyt toe, en beveel dieselfde aan vir goedkeuring deur die Rekenpligtige Beämpte;
- Evalueer die omvang en doeltreffendheid van die integrasie van risikobestuur in die Departement;

- Beoordeel die implementering van die Departementele Risikobestuurbeleid, Strategie en Implementeringsplan;
- Evalueer die doeltreffendheid en versagtingstrategiee om die wesenlike strategiese, program-, etiek- en ekonomiese misdaad-risiko's te hanteer;
- Rapporteer enige wesenlike veranderinge aan die risikoprofiel van die Departement aan die Rekenpligtige Beampte;
- Oorweeg die identifisering van opkomende risiko;
- Hersien die Bedrog- en Korrupsievoorkomingsplan en die gepaardgaande Implementeringsplan en beveel dit aan vir goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte;
- Assesseer die implementering van die departementele Etiekbestuur-implementeringplan; en
- Verskaf toesig oor etiekbestuur in die Departement.

### **Vernaamste risiko's oorweeg en aangespreek gedurende die jaar**

Die volgende is die belangrikste strategiese risiko's vir die Departement wat hersien is deur die jaar, insluitend die beoordeling van bestaande en bykomende versagtings in plek:

- **"Onvermoë om kapasiteitsbeperkings van OSW's doeltreffend aan te spreek."**. 'n Groot uitdaging wat die Departement in die gesig staar is dat wanneer 'n OSW sy deure sluit die Departement die dienste verskaf deur daardie OSW aan WKR inwoners moet oorneem. Drie OSW's het alreeds in die vierde kwartaal aangedui dat hulle gaan sluit. Befondsing is 'n belangrike bydraende faktor, en die Departement het geen absolute beheer oor die sluiting van OSW's nie.
- **"Verhoogde vlakke van honger in huishoudings in baie gemeenskappe in die WK"**. As gevolg van die buitensporige toename in die aantal honger huishoudings te wyte aan die COVID-19 pandemie en die impak van die Nasionale Inperkingregulasies, is hierdie risiko ondersoek gedurende die verslagjaar. Die getal kwesbare huishoudings wat nie geld gehad het om kos te koop nie maar net staat gemaak het op voedselpakkies wat uitgereik is deur die Departement het beduidend toegeneem, alhoewel die voorsiening van kospakkies nie die Departement se mandaat is nie maar wel dié van SASSA. Voorsiening van kospakkies en COVID-19 Spesiale Noodverligting van R350 het 'n mate van verligting gebied aan die mees kwesbare inwoners in die Wes-Kaap. Die Departement streef daarna om te kapitaliseer op 'n geleentheid om 'n vennootskap aan te gaan met die Wes-Kaapse Voedselforum, wat saamgeroep is deur die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (WKEOV), en pogings om honger in die mees kwesbare gemeenskappe in die Wes-Kaap te verlig.
- **"Veiligheids- en sekuriteitsbedreigings vir DMO personeel, kliënte/inwoners, roerende en onroerende bates"**. Hierdie risiko is herverwoord in die vierde kwartaal, wat dit belyn met die veiligheidsincidente wat deur die Departement ervaar word. Die inherente aard van die funksies en werksaamhede van maatskaplike werkers beteken dat hulle dikwels in lewensbedreigende situasies verkeer, of hulle word beroof van hulle persoonlike besittings, insluitende roerende bates aan hulle uitgereik deur die Departement. As deel van die versagtingsmaatreëls het die Departement begin om staatskentekens op GG motors te verwijder en om voorkomende bedekking op die vensters van amptelike voertuie aan te bring om grypinbrake te voorkom. Voorts sal maatskaplike werkers bystand van die SAPD vra wanneer hulle bewus is daarvan dat hulle of hulle kliënte blootgestel sal wees aan gevaar en veiligheidsbedreigings.
- **"Onvoldoende menslike hupbronne (in DMO) om die Departement se strategiese mandaat te kan lever"**. 'n Belangrike bydraende faktor tot hierdie risiko is die beperkende CoE begroting en die nie-finalisering van die Organisatoriese Ontwerp-proses. Die risiko word verder vererger deur 'n verhoogde vraag na DMO dienste deur die mees kwesbare mense in die provinsie as gevolg van die COVID-19 pandemie. ORBKOM het gedurende die vierde kwartaal gerapporteer dat 'n beampte toegewys is om spesifiek te fokus op die streek se Organisatoriese Ontwerp-ondersoek, wat 'n gedeelte van die fasiliteite vir die 2022/23

boekjaar sal insluit. Die komitee het bevestig dat dit nie die erns van die risiko op daardie stadium verander het nie.

- **"Ondoeltreffende OSW (Organisasies sonder Winsoogmerk) kontrakbestuur".** Departementele dienslewering kan negatief geraak word deur die moontlikheid dat OSW's dienste van swak gehalte lewer aan die kwesbaarste mense in die provinsie. Die Departement het groot vordering gemaak met die ontwikkeling en implementering van die OSW Bestuurstelsel, wat die proses rondom verskeie kontrakte met betrekking tot finansiële en nie-finansiële inligting bestuur. Dit beoog verder om die Eenvormige Befondsingsiklusbetalings van OSW's te bestuur, insluitend die monitering en evaluering van die OSW's wat geldige oordragbetalingsooreenkoms met die Departement het.
- **"Nie-lewering van dienste deur die Maatskaplike Sekuriteitsagent (SASSA) aan begunstigdes verwys deur DMO (Spesifieke Maatskaplike Verligting)".** Die Departement het absoluut geen beheer oor hierdie risiko nie en is hoogs afhanklik van SASSA om die nodige verlangde dienste te verskaf aan begunstigdes wat deur die Departement verwys word.

Gedurende die verslagjaar het die Departement 'n wakende oog gehou oor die belangrikste versagtingsmaatreëls soos vervat in sy Sakevoortsettingsplan (SVP), om die COVID-19 pandemie te bestuur, insluitend enige ontwrigtende gebeurtenis, en om besigheid soos gewoonlik te verseker. Belangriker nog, om die gesondheid en veiligheid van sy personeel en klient te verseker. Alle noodsaaklike dienste en kritieke sakefunksies is duidelik geïdentifiseer binne die SVP.

Die vermoë van die Departement om aan die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI-wet) te voldoen, is ontleed en die bydraende faktore en impakte tesame met die versagtende maatreëls is ingesluit in die risiko "Ongemagtigde Logiese toegang (d.w.s. kritieke stelsel of inligting word in gevaar gestel)". Die Departement het groot vordering gemaak met die implementering van sy geïdentifiseerde aksieplanne.

Daar is beraadslaag en gedebatteer oor elke program se risiko's by die kwartaallikse ORBKOM vergaderings. Programbestuurders moes terugvoering gee oor die vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid dat risiko's sal materialiseer te verminder en/of die impak daarvan te versag indien hulle wel materialiseer. ORBKOM het ook risiko's wat verdere ontleding verg terugverwys en het bykomende versagting of aksies om risiko's te bestuur aanbeveel.

Die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee het onafhanklike toesig oor die Departement se stelsel van risikobestuur verskaf. Die Ouditkomitee is voorsien van Kwartaallikse ORB-vorderingsverslae en risikoregisters om hul onafhanklike oorsigrol uit te voer.

### **Vernaamste opkomende risiko's vir die volgende boekjaar**

Die vernaamste opkomende risiko wat in die volgende boekjaar oorweeg moet word is die Departement se vermoë om die "Verhoogde aanvraag vir die Departement se dienste deur die kwesbaarste inwoners van die Wes-Kaap te hanteer". Hierdie risikofaktor is direk gekoppel aan die strategiese risiko "**Onvoldoende menslike hulpbronne (in DMO) om die Departement se strategiese mandaat te kan lewer**".

### **Gevolgtrekking**

Die Departement het 'n ingeboude risikobestuursproses in sy bestuursfunksies en daar is oorhoofse vordering met die risiko's in die Departement. Risiko's waaroor die Departement nie beheer het nie bly hoog, maar word voordurend hersien met belanghebbendes (bv. OSW's, provinsiale departemente en semistaatsinstellings) vir duidelikheid en beter begrip ten opsigte van hulle verdraagsaamheidsvlakke, versagtende faktore soos koste en gehalte van diens wat ontvang word.

### 3. Bedrog en Korruksie

Bedrog en korruksie verteenwoordig beduidende potensiële risiko's vir die Departement se bates en kan 'n negatiewe impak hê op diensleweringsdoeltreffenheid en die Departement se reputasie.

Die WKR het 'n Teen-Bedrog en Korruksiestrategie aangeneem wat die provinsie se nul-verdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korruksie bevestig. Inlyn met hierdie strategie is die Departement verbind tot nul-verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte, bedriegtelike of ander kriminele aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en vervolg partye wat hulle skuldig maak aan sulke praktyke, of poog om dit te doen, met alle beskikbare regsmiddele.

Die Departement het 'n goedgekeurde Bedrog- en Korruksievoorkomingsplan en 'n gepaardgaande implementeringsplan wat uitvoering gee aan die Voorkomingsplan.

Verskeie kanale vir die rapportering van bewerings van bedrog, diefstal en korruksie bestaan en dit word in besonderhede bespreek in die Provinciale Teen-Bedrog en Korruksiestrategie, die WKR Fluitjieblaasbeleid en die Departementeel Bedrog- en Korruksievoorkomingsplan. Elke bewering wat ontvang word deur die Provinciale Forensiese Dienste (PFD) word aangeteken in 'n Gevallebestuurstelsel wat gebruik word as 'n bestuursinstrument om verslag te doen oor die vordering met sake wat met die Departement verband hou en om statistieke vir die WKR en die Departement te genereer.

Werknemers en werkers wat die fluitjie blaas oor vermoedens van bedrog, korruksie en diefstal word beskerm indien die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. dit voldoen aan die statutere vereistes van die Wet op Beskermde Bekendmakings, Wet 26 van 2000, bv. die bekendmaking is ter goeie trou gemaak). Die WKR fluitjieblaasbeleid verskaf riglyne aan werknemers en werkers oor hoe om sake te opper by die toepaslike lynbestuur, spesifiek aangewese persone in die WKR of eksterne instellings waar hulle redelike gronde het om te glo dat misdrywe of ongerymdhede gepleeg is of word in die WKR. Die geleentheid om anoniem te bly word gebied aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korruksie wil aanmeld en, sou hulle dit persoonlik doen, word hul identiteite vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle dit rapporteer.

Indien bedrog, diefstal of korruksie bevestig word na 'n ondersoek gedoen is, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. Die WKR verteenwoordiger wat die dissiplinêre verhoor inisieer moet ontslag van die betrokke werknemer aanbeveel. Waar prima facie bewys van kriminele optrede gevind word, moet 'n kriminele saak by die SAPD aangemeld word.

Vir die oorsigjaar het PFD 'n Gevalleregister uitgereik wat die volgende aandui:

Gevalle	Getal
Onafgehandelde gevalle soos op 1 April 2021	0
Nuwe gevalle (2021/22)	1
Afgehandelde gevalle (2021/22)	0
Lopende gevalle soos op 31 Maart 2022	1

Die volgende tabel ontleed die onafgehandelde gevalle wat bo aangedui is soos volg:

Aard en ondersoekuitkoms van een (1) geval wat aangemeld is
Bewerings is in die volgende een (1) geval gestaaf:
Saaknommer PFS21-22-0-000027 geopen op 2022/01/28
Bewering: verskeie bewerings (beweerde bedrog/korruksie/wanbestuur)
Status: Die ondersoek duur voort.

Die volgende tabel ontleed die afgehandelde gevalle hierbo aangedui soos volg:

Aard en ondersoek van nul (0) gevalle afgehandel
Bewerings is gestaaf in die volgende nul (0) gevalle afgehandel
Geen.

#### 4. Beperking van botsing van belang

'n Hoë standaard van professionele etiek moet bevorder en gehandhaaf word in die staatsdiens. Ten einde dit te verseker word daar van alle lede van die Senior Bestuursdiens (SBD) vereis om besonderhede van hulle regstreerbare belangte in ooreenstemming met Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2016 aan die uitvoerende owerheid te verskaf. Die doelwit van Hoofstuk 2 is om enige konflik van belang te identifiseer om regverdige en billike administratiewe handelinge van beampies in senior posisies te bevorder en om sodoende die staatsdiens te beskerm teen optrede wat nadelig is vir die funksionering daarvan. Sodanige openbaarmaking moet jaarliks geskied. Indien enige konflik van belang ontstaan moet dit hanteer word in ooreenstemming met die Staatsdienswet en Staatsdiensregulasies, 2016 en verwante voorskrifte.

Ingevolge artikel 30 van die Staatsdienswet (soos gewysig) mag werknemers in die staatsdiens ander vergoedende werk buite hulle diens in die betrokke departement verrig, mits hulle skriftelike toestemming van die Uitvoerende Gesag het. Verder bepaal Regulasie 13 (c) van die Staatsdiensregulasies, 2016 wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het, dat "'n werknemer nie sake met enige staatsorgaan mag doen of 'n direkteur van 'n publieke of private maatskappy mag wees wat sake doen met 'n staatsorgaan nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat gelys word in bylaes 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur."

Werknemers wat nie die nodige en tydige toestemming verkry om vergoedende werk buite die staatsdiens (VWBSD) te doen nie, sal gedissiplineer word.

Met die instelling van die nuwe Openbare Dienstregulasies, 2016, Aanhanga 1 (Oorgangsreëlings) saamgelees met artikel 30 van die Staatsdienswet, word groter klem geplaas op werknemers wat sake doen met 'n staatsorgaan. Oorgangsmaatreëls ingevolge Aanhanga 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016, vereis spesifiek:

- "(1) Alle goedkeurings en geagte goedkeurings wat ingevolge artikel 30 van die Wet aan werknemers verleen is voor die inwerkingtreding van die vasstelling beoog in regulasie 24, eindig met ingang van ses maande na die inwerkingtreding daarvan.
- (2) 'n Werknemer wat ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie Regulasies sake doen met 'n staatsorgaan of 'n direkteur is van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsorgaan, behalwe 'n werknemer wat in sy of haar amptelike hoedanigheid direkteur is van maatskappy gelys in Skedule 2 of 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, sal -
  - (a) binne een maand openbaar maak dat die werknemer sake doen met 'n staatsorgaan of direkteur is van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsorgaan;
  - (b) binne ses maande:
    - (i) ophou om sake met 'n staatsorgaan te bedryf of as 'n werknemer te bedank;
    - (ii) bedank as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsorgaan of as 'n werknemer bedank;
- (c) indien die werknemer nie binne die tydperk van ses maande bedank nie moet die werknemer bewys lewer dat die werknemer opgehoud het om besigheid te bedryf of bedank het as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake doen met die staat, binne die volgende maand."

Geïdentifiseerde gevalle van werknemers wat op die Sentrale Verskaffersdatabasis verskyn, moet opgeneem word met die betrokke werknemers, en hulle word versoek om hulle besluit, soos aangedui in die oorgangsmaatreëls hierbo, uit te oefen, en om die Departement van die nodige dokumentêre getuienis van hulle besluit te voorsien.

Werknemers wat ander VWBSD wil onderneem, moet aansoek doen ingevolge artikel 30 van die Staatsdienswet en die regulatoriese raamwerk daargestel deur die Minister van Staatsdiens en Administrasie, wat insluit 'n gewysigde aansoekvorm, wat aan die aangestelde Etiekbeampete ingedien moet word om 'n rede(s) te ondersteun en/of aan te dui wanneer die aansoek nie ondersteun word nie, voordat goedkeuring deur die Uitvoerende Gesag of Gedelegeerde Gesag toegestaan kan word. Na goedkeuring word 'n Sertifikaat: Goedkeuring van Ander Vergoedende Werk uitgereik, wat die aansoeker inlig dat goedkeuring verleen is. Die sertifikaat bevat 'n duidelike uiteensetting van watter vergoedende werk buite die staatsdiens die persoon kan verrig binne die tydperk. Die sertifikaat bepaal dat indien dit blyk dat daar nie-nakoming is of nie-nakoming van regeringsvoorskrifte wat ander vergoedende werk reguleer, insluitend om nie sake te doen met 'n staatsorgaan nie, toestemming teruggetrek sal word en dissiplinêre stappe in ooreenstemming met die Dissiplinêre Kode en Prosedure vir die Staatsdiens of SBD handboek, ingestel sal word. Daar word ook bepaal dat indien 'n persoon na die verstryking van die goedgekeurde datum met ander vergoedende werk wil voortgaan, 'n verdere aansoek ingedien moet word.

Alle aansoeke moet skriftelik wees en moet onder meer die aard en omvang van die vergoedende werk wat verrig gaan word vermeld, insluitend die tye/ure wat daar gewerk sal word en die verhouding daarvan tot die normale pligte wat die werknemer in die staatsdiens verrig (moontlike botsing van belang). Sodanige aansoeke is dan onderhewig aan hersiening. Werknemers moet jaarliks aansoek doen voor die verstryking van die tydperk goedkeur deur die Uitvoerende Gesag of Gedelegeerde gesag. Kwartaallikse nuusflitse wat die prosedure rondom die VWBSD beklemtoon word aan alle interne personeel gekommunikeer om hulle begrip van en nakoming met die regulatoriese raamwerk te verbeter.

Voorts is etiekbeampetes aangestel deur die Uitvoerende Gesag om nakoming te monitor ten opsigte van openbaarmakings. Om die botsing van belang in VKB prosesse te beperk, is VKB praktyks en Bodkomiteelede bewus gemaak van hulle etiese verpligtinge, insluitend die ondertekening van Gedragskodes, deur Bodkomiteelede en VKB praktyks. Gedurende die oorweging, aanvaarding of toewysing van tenders of enige aanbod, moet 'n verklaring voltooi en onderteken word deur alle lede waarin hulle hulself daartoe verbind dat as lede van die komitee, hulle nie doelbewus enigiemand sal begunstig of benadeel in die besluitnemingsproses van die komitee nie.

Om nakoming van die Staatsdienswet (soos gewysig) en Staatsdiensregulasies, 2016, te verseker, word 'n Transversale Geskenkbeleid en die Departementele Geskenk- en skenkingregister en geskrewe verklarings toegepas.

Die Navorsingsetiek-komitee, wat in 2009 gestig is, verseker die bevordering van eties-gebaseerde navorsing in die Departement. Die ontwikkeling van 'n Navorsingsetiekbeleid lei tot die voorsiening van etiese riglyne vir navorsing.

## 5. Gedragskode

Die Gedragskode vir die Staatsdiens, soos vervat in Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, reguleer die gedrag van staatsbeampetes en daar word van alle werknemers verwag om daaroor te voldoen. Die Gedragskode skryf norme en standaarde voor in die bevordering van integriteit en doeltreffende en effektiewe levering van dienste aan die publiek; is 'n stel standaarde wat die gedrag voorskryf wat van werknemers verwag word; gee leiding aan werknemers oor wat etiese-gesproke van hulle verwag word, beide in hulle individuele gedrag en in hul verhouding met ander.

Bewusmaking oor die Gedragskode is bevorder deur induksieopleiding vir nuwe werknemers, interns asook personeeldele, en word versterk deur nuusflitse aan personeel. Virtuele inligtingsessies oor die etiese kode vir maatskaplike dienswerkers is aangebied aan maatskaplike professionele praktyks in konsultasie met die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Dienspraktyks (SARMDP).

Die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens word gebruik om aanvaarbare gedrag te bevorder en om onaanvaarbare gedrag te vermy en reg te stel. Hierbenewens word oortredings van die etiese kode vir maatskaplike werkers en gevalle van onetiese of onprofessionele gedrag ook aan die SARMDP gerapporteer.

## 6. Gesondheidsveiligheid en Omgewingskwessies

Die gesondheids- en veiligheidsrisiko's in die Departement wissel van kantoor- en fasilitetsinsidente na meer komplekse beroepsgevare soos fisiese beserings. Derhalwe bestaan daar 'n behoefte om gesondheidsrisiko-assesserings van personeel en fasilitete op 'n jaarlikse basis uit te voer. Die hoofokus van Gesondheid en Veiligheid gedurende die boekjaar was om nakoming van die Departement van Indiensneming en Arbeid se COVID-19 voorskrifte te verseker.

Die Departement het daarna gestreef om nakoming van alle gesondheids- en veiligheidswetgewing, wetlike voorskrifte en geïnkorporeerde gedragskodes te verseker deur die aanstelling van Artikel 16(2)-afgevaardigdes, gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers, noodontruimingspersoneel, noodhulppersoneel, die daarstelling van veiligheidskomitees en 'n sekuriteitskomitee. Ten einde die kapasiteit van hierdie aangewese amptenare voortdurend te ontwikkel en uit te bou, is vloerbeamptes, veiligheidsverteenwoordigers, brandbestryding- en noodhulpopleiding verskaf.

Maandelikse kontrolelyste is ingedien om die nakoming van die implementering van die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid by elke kantoor of fasilitet na te spoor. Kwessies wat in die kontrolelyste uitgelig is, is of via die Departement of deur die DVOW aangespreek. Die Departement het die voldoening aan beroepsgesondheid en -veiligheid van alle geboue/fasilitete ingesluit in sy Departementele Gebruikersbatebestuursplan (GBBP) wat aan die DVOW sowel as die Provinciale Tesourie voorgelê is.

Die Departemente Sekuriteitskomitee verseker die verteenwoordiging van senior bestuurders wat verantwoordelik is vir sekuriteitsake by alle DMO kantore, dienspunte en fasilitete. Die Komitee is steeds funksioneel en kom op 'n kwartaallikse basis byeën. Dit het toesig gehou oor die implementering van aanbevelings van die sekuriteitsoudit en inligtingsekuriteitsevaluering wat deur die SAPD en die Staatsveiligheidsagentskap onderskeidelik gedoen is.

Die Departement het ook die behoefte erken om beleid, programme en procedures te ontwikkel en implementeer om hulp te verleen in gevalle van groot sakeontwrigting, vandaar die ontwikkeling van die SVP. Ingesluit in die SVP is die Waterreaksieplan, Brandreaksieplan en Elektriesiteitskontinuïteitsplan, asook die Bestuur van Pandemies. Die SVP sit die stappe uiteen wat die Departement sal volg om stelsels te herstel en kontinuïteit van kritieke sakefunksies met minimale hulpmiddels te verseker.

## 7. Portefeuilekomitees

Datum	Kwessie	Departementele Reaksie	Staande Komitee
31 Mei 2021	<p>'n Gesamentlike werkswinkel oor Maatskaplike Ontwikkeling en Onderwys in Saldanha aangebied.</p> <p>Die doel van die vergadering was:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li><input checked="" type="checkbox"/> Om ondersoek in te stel na verskillende maniere om oorsig uit te oefen</li> <li><input checked="" type="checkbox"/> Om ondersoek in te stel na transversale kwessies wat die Maatskaplike Ontwikkeling en Onderwys sektore affekteer</li> <li><input checked="" type="checkbox"/> Om skakeling te faciliteer tussen lede en belanghebbendes in hulle onderskeie portefeuilles</li> </ul>	Die vergadering is bygewoon deur die Departement.	Maatskaplike Ontwikkeling en Onderwys
04 Junie 2021	<p>Daar was 'n versoek dat die Komitee oor die volgende ingelig word:</p> <p>Meganismes in plek om die gebeurlikheidsaanspreeklikhede wat vir die boekjaar opgeteken is te monitor en bestuur, insluitend die verspreiding van kospakkies en waarde vir geld wat behaal was deur die verspreiding.</p>	'n Voorlegging aan die Komitee is gedoen soos versoek.	SKOOR
15 Junie 2021	Die Komitee het versoek dat hulle ingelig word oor die Befondsingsmodel en die monitoring en evalueringsproses van OSW's in die provinsie.	'n Voorlegging aan die Komitee is gedoen soos versoek.	Maatskaplike Ontwikkeling
21 Junie 2021	<p>Die Komitee het versoek dat die Departement die volgende inligting moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li><input checked="" type="checkbox"/> Gedetailleerde inligting oor die aansoekproses vir die sanitêre Waardigheidsprojek.</li> <li><input checked="" type="checkbox"/> Gedetailleerde inligting oor die 293 befondsde OSW's, insluitende tipes van diens gelewer, totale befondsingstoewysings per OSW, geografiese gebiede en fisiese adresse van alle befondsde OSW's.</li> <li><input checked="" type="checkbox"/> Gedetaillerde inligting oor die OSW's wat nie-nakomend is, en die intervensies wat die Departement voorsien om die OSW's te kapasiteer om nakomend te wees.</li> <li><input checked="" type="checkbox"/> 'n Lys van alle OSW's wat deur die Departement gedurende die 2020/21 boekjaar besoek is en wat die uitkomste van die besoeke was.</li> <li><input checked="" type="checkbox"/> Inligting oor die OSW bedrogsake wat in die 2021/21 boekjaar aangemeld is en die vordering gemaak met die ondersoek van die sake.</li> <li><input checked="" type="checkbox"/> Gedetailleerde inligting oor die totale begrotingstoewysing en besteding aan die Jeugontwikkelingsprogram tydens 2020/21, insluitend die toewysing en besteding per streek en dienste gelewer.</li> <li><input checked="" type="checkbox"/> 'n Lys van befondsde GGG OSW's in Khayelitsha.</li> </ul>	Die verlangde inligting is ingedien by die Komiteekoördineerder op 5 Julie 2021.	Gemeenskapsontwikkeling

Datum	Kwessie	Departementele Reaksie	Staande Komitee
	<ul style="list-style-type: none"> <li><input checked="" type="radio"/> Gedetailleerde inligting oor die assessorering gedoen deur die Departement by die Rusthof Ouetehuis in Paarl-Oos oor die laaste 2-3 finansiële siklusse.</li> <li><input checked="" type="radio"/> DMO volle jaarlikse ontleding van die afgelope 6 jaar ten opsigte van die Rusthof Ouetehuis in Paarl-Oos.</li> </ul>		
22 November 2021	<p>Die Komitee het versoek dat die Department die volgende inligting verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li><input checked="" type="radio"/> 'n Gedetailleerde lys van alle begunstigdes vir die pakkies wat gedurende die boekjaar onder oorsig uitgedeel is.</li> <li><input checked="" type="radio"/> Gedetailleerde inligting oor die totale getal Swartmense wat voedselverligtingintervensies ontvang het gedurende die boekjaar onder oorsig.</li> <li><input checked="" type="radio"/> 'n Verslag oor die getal vakatures in die Departement.</li> <li><input checked="" type="radio"/> 'n Verslag oor die bedrag wat deur die Departement bestee is aan lugtyd en data gedurende die 2020/21 boekjaar.</li> <li><input checked="" type="radio"/> 'n Gedetailleerde verslag oor die SEB status van die maatskappy wat aangestel is om sanitêre doekies te versprei vir die Sanitêre Waardigheidsprojek in die provinsie.</li> <li><input checked="" type="radio"/> Gedetailleerde inligting oor die voedingspunte wat bestaan op provinsiale, distrik-, plaaslike, munisipaliteit en wyksvlak. Die inligting moet die fisiese adresse van die terreine insluit.</li> <li><input checked="" type="radio"/> 'n Lys van begunstigdes vir die Humanitaire Verligtingsprojek.</li> <li><input checked="" type="radio"/> 'n Lys van al die werklose maatskaplike werk-gegradueerdes in die Provincie wat beursontvangers was vanaf 2014 tot 2021.</li> <li><input checked="" type="radio"/> 'n Verslag oor die die-nakoming wat geleid het tot die staking van befondsing vir sommige OSW's in die provinsie gedurende die oorsigjaar.</li> <li><input checked="" type="radio"/> 'n Gedetailleerde verslag oor hoe die Departement die ouetehuise wat nie-nakomend was bygestaan het voor hulle befondsing gestaak is.</li> </ul>	<p>Die vereiste inligting was ingediend by die Komiteeportefeuillebeampte op 14 Desember 2021.</p>	Maatskaplike Ontwikkeling
03 Desember 2021	Die Komitee het 'n inligtingsessie verlang oor die WKR se GGG-implementeringsplan en vordering gemaak met die implementering van die plan.	Die Departement het die komitee ingelig.	Maatskaplike Ontwikkeling
09 Februarie 2022	Die Komitee het 'n toesigbesoek aan Vredenburg afgelê. Die doel van die besoek was om te verseker dat lede van die Provinciale Parlement op hoogte bly met die ontwikkelings- en leweringskwessies in die provinsie.	Die Departement het verseker dat die tersaaklike beamptes beskikbaar was om die afvaardiging te verwelkom.	Gemeenskapsontwikkeling

Datum	Kwessie	Departementele Reaksie	Staande Komitee
22 Februarie 2022	Die Komitee het 'n toesigbesoek aan Kindersorg Kinderorganisasie in Stellenbosch afgelê. Die doel van die besoek was om die dienste aangebied, die personeelstruktuur en uitdagings en suksesse van die fasiliteit te evalueer.	Dle Departement het verseker dat die tersaaklike beampies beskikbaar was om die afvaardiging te verwelkom.	Gemeenskapsontwikkeling

## 8. Staande Komitee oor Openbare rekeninge (SKOOR) Besluite

Die Komitee het kennis geneem van die outditmening van die OGSA ten opsigte van die finansiële jaarstate vir die 2020/21 boekjaar van die Departement, nadat 'n skoon audit behaal is met geen bevindings oor voorafbepaalde doelwitte, interne beheertekortkominge of nakoming van belangrike wetgewing nie. Hierdie auditmening bly onveranderd vanaf die 2019/20 boekjaar.

### Ouditmening

Die OGSA het geen bevindinge geopper by die Departement aangaande nakoming van wette en regulasies, voorafbepaalde doelwitte of interne beheertekortkominge nie.

### Finansiële Bestuur

Die Departement het R2.678 miljard van sy bewilligde begroting van R2.692 miljard bestee in die 2020/21 boekjaar, wat gelei het tot onderbesteding van R13.491 miljoen (99.45 persent besteding). Gedurende die 2019/20 boekjaar het die Departement R2.431 miljard van 'n bewilligde begroting van R2.461 miljard bestee, wat gelei het tot onderbesteding van R29.448 miljoen (98.8 persent begrotingsbesteding).

Die oorhoofse onderbesteding in die Departement het in die volgende programme plaasgevind:

- Program 1: Administrasie (R965 duisend);
- Program 2: Maatskaplike Welsynsdienste (R4.520 miljoen); en
- Program 3: Kinders en Gesinne (R8.006 miljoen).

Gedurende die 2020/21 boekjaar het die Departement R2.109 miljoen ingevorder teenoor 'n beraamde invorderingsteiken van R1.192 miljoen, wat gelei het tot oorinvordering van R917 duisend. Die Komitee het kennis geneem dat gedurende die 2019/20 boekjaar die Departement R1.443 miljoen ingevorder het, teenoor 'n beraamde invorderingsteiken van R1.130 milljoen, wat gelei het tot 'n oorinvordering van R313 duisend.

Die oorinvordering van inkomste het onder die volgende lynitems plaasgevind:

- Rente, dividende en huur van grond (R173 duisend); en
- Finansiële transaksies in bates en laste (R812 duisend).

'n Onderverhaling het plaasgevind onder die lynitem Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates van R69 duisend.

Vir die verslagjaar, het die Departement onreëlmatige besteding van R1.211 miljoen aangeteken, asook nuttelose en verkwistende besteding van R5 duisend. Hierdie bedrae word aangetoon onder aantekeninge 22 en 23, onderskeidelik, van die Jaarverslag,

### Besluite

Geen.

### Lys van inligting aangevra

Die Komitee het versoek dat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling hom voorsien van 'n verslag oor nota 26 ('Nie-aangepaste gebeure na verslagdatum') wat uitgelyk het dat die Uitvoerende Gesag vroeë aftrede sonder enige strafbepalings goedgekeur het vir 34 beampes, wat die 2021/22 en 2022/23 boekjare geaffekteer het, soos aangedui op bladsy 248 van die Departement se Jaarverslag.

## **9. Voorafwysiging aan ouditverslae**

Die bespreking moet slegs beperk word tot alle sake wat aanleiding gegee het tot 'n kwalifikasie, vrywaring, ongunstige mening, en aangeleenthede van nie-nakoming. Die Departement kan die inligting in tabelvorm soos volg aantoon:

Aard van kwalifikasie, vrywaring, ongunstige mening en kwessies van nie- nakoming	Boekjaar waarin dit die eerste keer voorgekom het	Vordering gemaak in regstelling/oplossing van die saak
<p><b>Ouditmening:</b> Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting - Program 3: Kinders en Gesinne.</p> <p>Die gerapporteerde prestasie-inligting vir kinders en gesinne is nuttig en betroubaar, in ooreenstemming met die toepaslike kriteria soos ontwikkel uit die prestasiebestuur- en verslagdoeningsraamwerk.</p>	<b>2021/2022</b>	Nie van toepassing nie.

## **10. Interne Beheereenhed**

Die eenheid fokus se fokus vir die verslagjaar was hoofsaaklik op die gebiede van goeie bestuur, versekeringsdienste en verliesbeheerbestuur.

### **Goeie Bestuur**

Die Departement het die volgende funksies met betrekking tot interne beheermaatreëls uitgevoer:

- Rapporteer maandeliks oor die status van onreëlmatige, ongemagtigde en nuttelose en verkwistende besteding (IYM).
- Bestuur onreëlmatige, ongemagtigde en nuttelose en verkwistende besteding saaklêers.
- Doen ondersoeke oor onreëlmatige, ongemagtigde en nuttelose en verkwistende besteding.
- Die Departement gebruik die ORACLE stelsel om onreëlmatige, ongemagtigde en nuttelose en verkwistende besteding asook verliesbeheer te bestuur.
- Monitering van die implementering van Interne en Eksterne Ouditaanbevelings asook dié van die Korporatiewe Bestuursoorsig en Vooruitsig (KBOV).
- Hou 'n register by van geskenke en skenkings vir die Departement en rapporteer kwartaalliks vir insluiting in die Tussentydse en Finansiële jaarstate.
- Het die ORBKOM vergaderings gekoördineer.
- Rapporteer maandeliks oor betalings wat nie binne 30 dae aan PT gemaak is nie.
- Voer ondersoeke uit oor betalings nie binne 30 dae gemaak nie.
- Die Departement erken die volgende belanghebbendes in die afhandeling van sake, naamlik die Ouditkomitee, Interne audit, PT en die OGSA.

### **Versekeringsdienste**

Vir die verslagjaar is die volgende in die Department uitgevoer:

- Verifikasié van betalings na verwerking ten einde geldigheid en akkuraatheid-ouditgereedheid te verseker (+/- 39 582 betalings).
- Alle dokumente is geskandeer vir veilige bewaring en as 'n maatreël om verleggings en duplikaatbetalings te voorkom.
- Finansiële ondersoeke is uitgevoer by Hoofkantoor, by alle Streekskantore en vyf (5) fasiliteite gedurende die verslagjaar.

## **Bedrog en Verliesbeheer**

- Die Departement gebruik die ORACLE verliesbeheerstelsel om veriese as gevolg van diefstaal, beskadiging ens, te bestuur.
- Die Department erken die volgende belanghebbendes, naamlik die SAPD, KDS – Regsdienste, Staatsmotorvervoer (SMV) en PT, in die afhandeling van sake; en
- Vir die verslagtydperk is 52 sake (GG voertuie ongelukke en beskadiging, bates) afgehandel en afgeskryf.

## **11. Interne Oudit en Ouditkomitees**

Interne Oudit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe versekerings en konsultasiedienste wat daarop gemik is om waarde toe te voeg en om die werksaamhede van die Departement voortdurend te verbeter. Dit help die Departement om sy doelwitte te bereik deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering toe te pas om die doeltreffendheid van bestuur, risikobestuur en beheerprosesse te evalueer. Die volgende vernaamste aktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Evaluer en maak toepaslike aanbevelings vir verbetering van bestuursprosesse in die behaal van die Departement se doelwitte.
- Evaluer die toereikendheid en doeltreffendheid van die risikobestuursproses en dra by tot die verbetering daarvan.
- Verleen bystand aan die Rekenpligtige Beampete in die handhawing van doeltreffende beheer deur daardie beheermaatreëls te evaluer om hulle effektiwiteit en effektiwiteit te bepaal en deur aanbevelings vir verbetering te maak.

Interne Ouditwerk wat gedurende die verslagjaar voltooi is vir die Departement, sluit in vier versekeringsopdragte en sewe opvolggebiede. Die besonderhede van hierdie opdragte verskyn in die verslag van die Ouditkomitee.

Die Ouditkomitee is gestig as 'n oorsigliggaan wat onafhanklike oorsig oor bestuur, risikobestuur en beheerprosesse verskaf. Dit sluit in oorsig en hersiening van die volgende:

- Interne Ouditfunksie;
- Eksterne Ouditfunksie – (OGSA);
- Departemente Rekeningkunde en verslagdoening;
- Departemente Rekenkundige Beleid;
- Hersiening van OGSA Bestuursverslag;
- Hersiening van OGSA Ouditverslag;
- Hersiening van Departemente In-jaar monitering;
- Departemente Risikobestuur;
- Interne Beheer;
- Voorafbepaalde Doelwitte;
- Etiek, Bedrog en Korruptie.

Die tabel hieronder voorsien tersaaklike inligting ten opsigte van die Ouditkomiteelede:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, posisie in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. Ameen Amod	MBA; CIA; CGAP; CRMA; B Com Rekeningkunde	Ekstern	N.V.T.	01 Januarie 2019 (2de termyn)	Kontrak verstryk 31 Desember 2021	5
Mnr. Pieter Strauss (Voorsitter)	B Acc; B Compt Hons; CA (SA)	Ekstern	N.V.T.	01 Januarie 2022 (2de termyn)	N.V.T.	6
Mnr. Ebrahim Abrahams	B Com Rekeningkunde Hons	Ekstern	N.V.T.	01 Januarie 2022 (2de termyn)	N.V.T.	7
Me. Annelise Cilliers	B Compt Hons; CA (SA)	Ekstern	N.V.T.	01 Januarie 2022 (2de termyn)	N.V.T.	7
Me. Fayruz Mohamed	B Compt Hons; CA (SA)	Ekstern	N.V.T.	01 Januarie 2022 (1ste termyn)	N.V.T.	2

## 12. Ouditkomiteeverslag

Dit is vir ons aangenaam om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2022 voor te lê.

### Ouditkomitee Verantwoordelikheid

Die Ouditkomitee rapporteer dat hy sy verantwoordelikhede voortspruitende uit artikel 38 (1) (a) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1. nagekom het. Die Ouditkomitee rapporteer ook dat dit 'n toepaslike formele opdrag aanvaar het en sy sake in ooreenstemming met sy handves gereguleer het.

### Die doeltreffendheid van interne beheer

Daar word van die Departement verwag om stelsels van interne beheer te ontwikkel en in stand te hou wat die waarskynlikheid dat dit sy doelwitte sal bereik verhoog, om aan te pas by die veranderende omgewing waarbinne dit funksioneer en om doeltreffendheid en effektiwiteit van werksaamhede te bevorder. Die stelsels ondersteun ook betroubare verslagdoening en nakoming van wette en regulasies. Die WKR het 'n Gekombineerde Versekeringsraamwerk aanvaar wat versekeringsverskaffers identifiseer en integreer en gebruik word in die IO Beplanningsproses. Die eerste vlak van versekering is bestuursversekering, wat van lynbestuur vereis om effektiewe interne beheermaatreëls te handhaaf en hierdie procedures op 'n daaglikske basis uit te oefen by wyse van toesighoudende maatreëls en die instel van remediërende aksie waar nodig. Die tweede vlak van versekering is interne versekering, wat verskaf word deur funksies wat apart staan van direkte lynbestuur en toevertrou is met die beoordeling van nakoming van beleid, procedures, norme, standaarde en raamwerke. Die derde vlak van versekering is onafhanklike versekeringsverskaffers wat geleid word deur professionele standaarde wat die hoogste vlakke van onafhanklikheid vereis.

'n Risikogebaseerde Gekombineerde Versekeringsplan is vir die Departement ontwikkel, gefasiliteer deur Interne Oudit, wat ook 'n onafhanklike verskeringsverskaffer is. Interne Oudit bied die Ouditkomitee en Bestuur redelike versekering dat die interne beheermaatreëls voldoende en effektief is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde auditplan,

Interne Oudit wat die toereikendheid beoordeel van beheermaatreëls wat die risiko's versag, en die Ouditkomitee wat die implementering van regstellende optrede monitor.

Die volgende interne auditopdragte is deur die Ouditkomitee goedgekeur vir die verslagjaar:

### **Versekeringsopdragte:**

- OSW-Bestuurstelsel: Projekbestuur
- Voedselverligtingsoudit
- Oordragbetalings
- SBP implementering ten opsigte van Wet op Ouer Persone

Die interne auditplan vir die jaar is voltooi. Bestuur het saamgestem met die gebiede vir verbetering, soos aangeteken deur die interne audit gedurende uitvoering van hulle pligte. Die Ouditkomitee gaan voort om die huidige aksies en voorheen-gerapporteerde aksies te monitor op 'n deurlopende grondslag.

### **In-Jaar monitering en Maandelikse/Kwartaallikse Verslag**

Die auditkomitee is tevreden met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse in-jaar bestuurs- en prestasieverslae uitgereik in die verslagjaar deur die Rekenpligtige Beampete van die Departement ingevolge die Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste.

### **Beoordeling van Finansiële State**

Die Ouditkomitee het:

- Die Geouditeerde Finansiële Jaarstate vir insluiting in die Jaarverslag hersien en bespreek;
- Die OGSA se Bestuursverslag en Bestuur se antwoord daarop nagegaan;
- Veranderings aan rekenkundige beleid en praktyk hersien soos gerapporteer in die Finansiële Jaarstate;
- Wesenlike aanpassings voortspruitend uit die audit van die Departement hersien.

### **Nakoming**

Die Ouditkomitee het die Departement se prosesse vir nakoming met regs- en regulatoriese bepalings hersien.

### **Prestasie-inligting**

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos gerapporteer in die Jaarverslag nagegaan.

### **Verslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika**

Die Ouditkomitee het die Departement se implementeringplan vir auditkwessies wat in die vorige jaar geopper is nagegaan. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat voortspruit uit die regulatoriese audit nie. Regstellende optrede oor die gedetailleerde bevindings wat deur die OGSA geopper is word op kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem saam en aanvaar die OGSA se mening oor die Finansiële Jaarstate en stel voor dat hierdie geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar en saam met hulle verslag gelees word.



Mnr Pieter Strauss

**Voorsitter van die Maatskaplike Kluster Ouditkomitee**

**Departement van Maatskaplike Ontwikkeling**

**Datum 2 Augustus 2022**

### **13. B-BSEB Voldoening Prestasie-inligting**

Die volgende tabel is voltooи in ooreenstemming met die voldoening aan die Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (B-BSEB) vereistes van die B-BSEB Wet van 2013 en soos bepaal deur die Departement van Handel en Nywerheid.

<b>Het die Departement / Openbare Entiteit enige tersaaklike Kode van Goeie Praktyk (B-BBSEB Sertifikaat vlakke 1 – 8) toegepas ten opsigte van die volgende:</b>		
<b>Kriteria</b>	<b>Antwoord Ja / Nee</b>	<b>Bespreking (sluit 'n bespreking in oor jou antwoord en dui aan watter maatreëls getref is om nakoming te verseker)</b>
Bepaling van kwalifikasiekriteria vir die uitreik van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet?	N.V.T.	N.V.T.
Ontwikkel en implementeer 'n voorkeurverkrygingsbeleid?	Ja	Die Departement het 'n RBS in 2014 geïmplementeer. Die RBS word toegepas op die VKB-proses wanneer die verkryging van goedere en dienste afgehandel is. Hierdie beleidsdokument is gebaseer op die Wet op Voorkeurverkrygingsraamwerk, 2000 en die verwante 2011 en daaropvolgende 2017 Voorkeurverkrygingsregulasies. Op grond van hierdie beleidsdokument pas die Departement die 80/21 voorkeurverkrygingsbeleid toe wat verseker dat die prys van die bod 80 persent en B-BSEB 20 persent van die toekenning uitmaak. Hierdie premie van 20 persent word deur die Departement betaal om die B-BSEB doelwit verder te bevorder om besigheid in swart besit (hetsey maatskappye of eenmansake) te ondersteun. Die Departement pas in sekere gevalle die Wes-Kaapse Ekonomiese Verkrygingbeleid toe wat daarop gemik is om die plaaslike ekonomie te stimuleer om besigheid te onderhou en werk te skep. Hierdie beleid verseker dat die Departement via sy elektroniese verkrygingstelsel streeksaanwysers kan implementeer. Die toepassing van hierdie aanwysers verseker dat versoeke vir kwotasies gestuur word na die verskaffersbasis wat beperk is tot die area waar die Departement die goedere of dienste benodig en hou daardie plaaslike ekonomie gestimuleer. Eksterne Versekeringsverskaffers soos die PT en OGSA monitor en oudit nakoming van die toepassing van die voorkeurverkrygingsraamwerk.
Bepaling van kwalifikasiekriteria vir die verkoop van ondernemings in staatsbesit?	N.V.T.	-
Ontwikkeling van kriteria vir aangaan van vennootskappe met private sektor?	N.V.T.	-
Bepaling van kriteria vir die toekenning van aansporings, toekenning en beleggingskemas ter ondersteuning van B-BSEB?	N.V.T.	-

## Deel D: Menslike Hulpbronbestuur

### 1. Inleiding

Ons bydrae tot die werk van die WKR is as gevolg van die volgehoue en dikwels onbaatsugtige pogings van die mense in die DMO.

Om konsekwent verbeterde dienste aan die burgers van die Wes-Kaap te lewer is nie sonder sy eie uitdagings nie. Die moderne mensebestuurlandskap het die afgelope jaar aansienlik verander en vereis komplekse navigasie om 'n reeks mededingende veranderlikes heen.

Afgesien van die feit dat hierdie veranderlikes interafhanklik en onderling verwant is word hulle ook deur streng reëls en regulasies beheer wat moeilik blyk te wees wanneer behoud en aantrekkingsinisiatiwe oorweeg word.

Dit sluit in balansering van diensleweringsvereistes, die behoud van kritieke en skaars vaardighede, arbeidsmagbemagtiging, loopbaanbestuur, opvolgbeplanning, diensbillikheid en die skep van 'n bemagtigende omgewing waar werknemers in staat is om te floreer. Verder word van die Departement verwag om binne 'n streng omgewing te funksioneer wat vereis dat bestuurders die impak van "meer met minder doen" moet oorweeg.

Ten spyte van die veranderende patronen en vereistes wat 'n impak op die moderne werkplek het, het die konsekwente harde werk van ons mense geleid tot merkwaardige prestasies en diensleweringsverbetering gedurende die jaar onder oorsig.

### 2. Status van Mensebestuur by die Departement

#### 2.1 Departementele Werksmagbeplanningprioriteite

Die rol van werksmagbeplanning is belangrik om te verseker dat die Departement die vereiste aantal mense met die nodige vaardighede, kennis en benadering het om die werk te verrig. Deur hierdie proses beoordeel die Departement jaarliks sy werksmagprofiel teen huidige en toekomstige organisatoriese behoeftes en verseker ook so na komming van die maatskaplike-werk-verwante regulatoriese raamwerke.

Die doel van hierdie assessorering is om te identifiseer tot watter mate die huidige werksmagprofiel die sleutelmensebestuursuitkomste so hanteer dat dienskontinuïteit en na komming van regulatoriese raamwerke gewaarborg kan word.

Die Werksmagplan 2021 - 2026 is dus blyn met die visie en missie van die Departement se Strategiese Plan.

Die aannames waarop hierdie Werksmagplan gegrond is verseker dat strategieë (volgens die gelyste prioriteite) sy uitkomste sal bereik:

- Identifisering en ontwikkeling van die vereiste organisatoriese vermoëns;
- Waardes en Bevoegdheidsgebaseerde werwingspraktyke (wat insluit die moontlikheid van 'n aanlyn Aansoek- en Siftingstelsel om werwingspraktyke te verfyn en die regte kandidate te lok wat toekoms- en kultuur-gepas is);
- Talent en vaardigheidsontwikkeling vir werknemers ten opsigte van nuwe opkomende vaardighede (bv. 4IR Meta vaardighede/funksionele en tegniese vaardighede asook gedragsvaardighede wat verband hou met die maatskaplike-werk-beroep wat onontbeerlik is om die toekomsgerigte organisasie te ondersteun);
- Prioritiseer opleidingsintervensies om Departementele Kritieke Vaardighede en KDP vereistes te hanteer;
- Jeugontwikkelingsprogramme om te help om talentpylyne te skep (internskappe);
- Diensbillikheidsprioriteite soos aangedui in die departementele DB plan om die werwings- en keuringsbesluite van die Departement te lei;
- Verskaf gesondheids- en welstandsintervensies/dienste om werknemerwelstand te ondersteun; en
- Ontwikkel en implementeer die oorgang na 'n Nuwe Manier van Werk/WKR-gesentreerde kultuurprojek.

## 2.2 Werknemerprestasiebestuur

Die doel van prestasiebestuur is om prestasie te verhoog deur individuele toewyding, aanspreeklikheid en motivering aan te moedig.

Daar word van alle werknemers verwag om 'n prestasie-ooreekoms voor 31 Mei elke jaar te voltooi. Die ooreenkoms is in wese 'n kontrak tussen die werkgewer en die werknemer wat die projekte, programme, aktiwiteite, verwagtinge en standarde vir die vereiste werkslewering bevat. Ten einde 'n gestandaardiseerde administrasieproses te faciliteer, het die WKR 'n elektroniese stelsel ontwikkel, naamlik Performance Management Information System (PERMIS) wat dit moontlik maak om die hele prestasiebestuursproses vas te lê, te monitor en te bestuur.

Die prestasiebestuursproses vereis dat halfjaarlikse en jaarlikse assessering gedoen word, maar dat die operasionele teikens en prestasies wat aan die prestasie-ooreenkoms gekoppel is, op deurlopende grondslag gemonitor en gekommunikeer word. In gevalle waar teikens of prestasieverwagtinge nie behaal word nie, word die leemtes aangespreek deur die bestuur van swak prestasie. Dit is teen hierdie agtergrond dat daar 'n prestasiekonsultasie-eenheid binne die KDS (Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke) gestig is om lynbestuurders (mensebestuurders) te help om swak prestasie te hanteer. Die proses is ontwikkelingsgerig. In gevalle waar individue egter ingevolge die wetgewende raamwerk as swak presteerders geïdentifiseer is, word daar van hulle verwag om hulself aan 'n ontwikkelingplan of alternatiewelik, dissiplinêre stappe te onderwerp.

## 2.3 Werknemerwelstand

Die WKR se Werknemergesondheid en -welstand (WGW)-program volg 'n holistiese benadering en is hoofsaaklik voorkomend van aard, en bied beide primêre en sekondêre dienste.

Die WGW-program word in die Departement gemonitor deur maandelikse gebruiksverslae vir primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdienste, aanlyn e-Sorg diens en verslagdoening) en sekondêre dienste (aangesig-tot-aangesig berading, trauma en kritieke voorvalle, uitvoerende opleiding en geteikende intervensies, voorspraak).

'n Kwartaallikse verslag word voorberei deur die Direktoraat: Organisatoriese Gedrag, binne die Departement van die Premier, wat tendensontleding verskaf van benutting, risiko-identifikasie en die impak daarvan op produktiwiteit. Verder is deurlopende verslagdoening aan die DPSA 'n vereiste en fokus op vier areas, naamlik MIV/VIGS, Gesondheid en Produktiwiteit, Welstandbestuur en Veiligheid Gesondheidsomgewingsrisiko- en gehalte (SHERQ).

## 2.4 Mensebestuursmonitering

Die Departement, in samewerking met die Departement van die Premier, monitor die implementering van 'n reeks van mensebestuur-nakomingsaanwysers. Die maandelikse Barometer-feitegids, ontwikkel deur die Hoofdirektoraat, Mensebestuurspraktyke binne die Departement van die Premier, voorsien die Departement van gereelde bywerkings oor die werksmagprofiel en ander tersaaklike mensebestuursdata om besluitneming moontlik te maak. Die aanwysers sluit onder meer inligting in oor personeeldiensstate, personeeltelling, projeksies van mensebesteding, siekteverlofpatrone, die geldwaarde van jaarlikse verlofkrediete, disciplinegevalle, vakaturekoerse, personeelbeweging en diensbillikheid.

### 3. Mensebestuurtoesigstatistieke

#### 3.1 Personeelverwante uitgawes

Die volgende tabelle som finale geouditeerde uitgawes op volgens program (Tabel 3.1.1) en volgens salarisgroep (Tabel 3.1.2).

Die syfers in Tabel 3.1.1 is ontleen aan die BAS en die syfers in Tabel 3.1.2 is ontleen aan die PERSAL [Personeelsalaris] stelsel. Die twee stelsels is nie gesynchroniseer vir salaristerugbetaalings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en/of oorplasings na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die totale uitgawes wat op hierdie stelsels weerspieël word.

Die sleutel in die onderstaande tabel is 'n beskrywing van die programme in die Departement. Van hier af sal daar na programme verwys word volgens hulle nommer.

Program	Programaanwysing
Program 1	Administrasie
Program 2	Maatskaplike Welsynsdienste
Program 3	Kinders en Gesinne
Program 4	Herstellende dienste
Program 5	Ontwikkeling en Navorsing

**Tabel 3.1.1: Personeeluitgawes per program, 2021/22**

Program	Totale besteding (R'000)	Personeelbesteding (R'000)	Opleidingsbesteding (R'000)	Goedere en dienste (R'000)	Personeelbesteding as 'n % van totale besteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers vergoed
Program 1	241 891	179 604	339	39 020	74.43%	416	424
Program 2	1 050 492	524 166	-	79 908	49.90%	392	1 340
Program 3	853 658	38 914	-	15 125	4.56%	447	86
Program 4	466 393	242 877	-	73 950	52.08%	278	873
Program 5	93 209	18 899	-	12 921	20.28%	556	34
<b>Totaal</b>	<b>2 705 643</b>	<b>1 004 460</b>	<b>339</b>	<b>220 924</b>	<b>37.05%</b>	<b>364</b>	<b>2 757</b>

Let wel: Die aantal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed word, insluitend interns (d.w.s. Premier se Bevordering van Jeug [PAY]), matriek, gegradeerde en studente, maar uitsluitende die Provinciale Minister. Die aantal werknemers is kumulatief en is nie 'n skermeskoot soos op 'n gegewe datum nie.

**Tabel 3.1.2: Personeeluitgawes volgens salarisvlakke, 2021/22**

Salaryvlakke	Personeelbesteding (R'000)	% van totale personeelbesteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Aantal werknemers
Interns	410	0.04	34	25
Laer geskoold (Vlakke 1-2)	5 807	0.58	157	37
Vaardig (Vlakke 3-5)	236 884	23.63	234	982
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	479 788	47.66	375	1 280
Hoogs geskoolde toesig (Vlakke 9-12)	250 397	24.98	634	407
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	31 174	3.11	1 247	26
<b>Totaal</b>	<b>1 004 460</b>	<b>100.00</b>	<b>364</b>	<b>2 757</b>

Let wel: Die aantal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed word, insluitend interns (d.w.s. Premier se Bevordering van Jeug [PAY]), matriek, gegradeerde en studente, maar uitsluitende die Provinciale Minister. Die aantal werknemers is kumulatief en is nie 'n skermeskoot soos op 'n gegewe datum nie.

Die onderstaande tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisvlakke (Tabel 3.1.4) van uitgawes aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, behuisingsstoelae en mediese bystand. Hierdie tabelle maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse of ander toelaes wat die totale personeelbesteding verteenwoordig nie. In elke geval verskaf die tabel 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbesteding wat vir hierdie items aangewend is.

**Tabel 3.1.3: Salarisse, Oortyd, Behuisingsstoelae en Mediese Bystand volgens program, 2021/22**

Program	Salarisse		Oortyd		Behuisingsstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Behuisingsstoelae as'n % van personeelbesteding	Bedrag	Mediese bystand as 'n % van personeelbesteding
Program 1	120 939	12.0	1 883	0.2	5 085	0.5	11 278	1.1
Program 2	360 941	35.7	5 850	0.6	14 448	1.4	30 437	3.0
Program 3	28 245	2.8	234	0.0	1 064	0.1	2 146	0.2
Program 4	156 909	15.5	2 767	0.3	9 911	1.0	19 305	1.9
Program 5	12 773	1.3	26	0.0	375	0.0	996	0.1
<b>Totaal</b>	<b>679 807</b>	<b>67.3</b>	<b>10 759</b>	<b>1.1</b>	<b>30 883</b>	<b>3.1</b>	<b>64 163</b>	<b>6.3</b>

Let wel: Die syfers in Tabelle 3.1.3 en 3.1.4 is uit die PERSAL-stelsel onttrek en nie uit die BAS nie. Die twee stelsels is nie gesynchroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en/of oorplasings na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die uitgawes wat op hierdie stelsels weerspieël word, bv salaris, oortyd, behuising en mediese bystand. Verder maak die tabel ook nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelaes wat die totale personeeluitgawes verteenwoordig nie. Bogenoemde uitgawes weerspieël vir alle individue wat gedurende die verslagjaar vergoed word, insluitend interns (PAY, matriek, gegradeerde en studente), maar uitsluitend die Provinciale Minister.

**Tabel 3.1.4: Salarisse, Oortyd, Behuisingsstoelae en Mediese Bystand per salarisvlak, 2021/22**

Salarisvlakte	Salarisse		Oortyd		Behuisingsstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Behuisingsstoelae as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeelbesteding
Interns	937	0.1	-	-	-	-	-	-
Laer geskoold (Vlak 1-2)	3 439	0.3	26	0.0	414	0.0	752	0.1
Geskoold (Vlakke 3-5)	147 312	14.6	2 621	0.3	11 207	1.1	22 213	2.2
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	328 873	32.5	6 577	0.7	14 400	1.4	29 891	3.0
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	178 468	17.7	1 536	0.2	4 722	0.5	10 884	1.1
Senior bestuur (Vlakke 13 -16)	20 779	2.1	-	-	140	0.0	422	0.0
<b>Totaal</b>	<b>679 807</b>	<b>67.3</b>	<b>10 759</b>	<b>1.1</b>	<b>30 883</b>	<b>3.1</b>	<b>64 163</b>	<b>6.3</b>

Let wel: Die syfers in Tabelle 3.1.3 en 3.1.4 is uit die PERSAL-stelsel onttrek en nie uit die BAS nie. Die twee stelsels is nie gesynchroniseer vir salaristerugbetelings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en/of oorplasings na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die uitgawes wat op hierdie stelsels weerspieël word, bv salaris, oortyd, behuisig en mediese bystand. Verder maak die tabel ook nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelaes wat die totale personeeluitgawes verleenwoordig nie. Bogenoemde uitgawes weerspieël vir alle individue wat gedurende die verslagjaar vergoed word, insluitend interns (PAY, matriek, gegradsueerde en studente), maar uitsluitend die Provinciale Minister.

### **3.2 Indiensneming en Vaktures**

Die volgende tabelle gee 'n opsomming van die aantal aktiewe poste op die diensstaat, asook die aantal werknemers (uitgesluit interns en die Proviniale Minister) en die persentasie aktiewe vakante poste soos aan die einde van die boekjaar. Hierdie inligting word aangebied volgens drie kernveranderlikes, naamlik: Program (Tabel 3.2.1) Salarisvlak (Tabel 3.2.2) en Kritieke beroepe (Tabel 3.2.3). Alle inligting in hierdie afdeling word aangebied as 'n skermeskoot soos aan die einde van die boekjaar waaroor verslag gedoen word.

**Tabel 3.2.1: Indiensneming en vaktures per program, soos op 31 Maart 2022**

<b>Program</b>	<b>Aantal aktiewe poste</b>	<b>Aantal poste gevul</b>	<b>Vakture koers %</b>
Program 1	401	390	2.7
Program 2	1 252	1 231	1.7
Program 3	81	81	-
Program 4	819	802	2.1
Program 5	34	33	2.9
<b>Totaal</b>	<b>2 587</b>	<b>2 537</b>	<b>1.9</b>

Let wel: Die aantal gevulde poste sluit in 144 maatskaplikewerk-gegradueerdes op kontrak wat hulle beursverpligtinge terugwerk.

**Tabel 3.2.2: Indiensneming en vaktures per salarisvlak, soos op 31 Maart 2022**

<b>Salarisvlak</b>	<b>Aantal aktiewe poste</b>	<b>Aantal poste gevul</b>	<b>Vakture koers %</b>
Laer geskoold (Vlakke 1-2)	39	38	2.6
Geskoold (Vlakke 3-5)	1 128	1 108	1.8
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	1 090	1 072	1.7
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	305	294	3.6
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	25	25	-
<b>Totaal</b>	<b>2 587</b>	<b>2 537</b>	<b>1.9</b>

Let wel: Die aantal gevulde poste sluit in 144 maatskaplikewerk-gegradeerde op kontrak wat hulle beursverpligtinge terugwerk.

**Tabel 3.2.3: Indiensneming en vakatures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2022**

Kritieke Beroepe	Aantal aktiewe poste	Aantal poste gevul	Vakture koers %
Kinder- en Jeugsorgwerker	571	560	1.9
Onderwysbeampte	37	36	2.7
Maatskaplike werker	970	961	0.9
Staatsrekenmeester	41	40	2.4
Voorsieningskanaalbestuurpraktisyn	14	13	7.1
Professionele verpleegster	14	12	14.3
Arbeidsterapeut	10	9	10.0
<b>Totaal</b>	<b>1 657</b>	<b>1 631</b>	<b>1.6</b>

Let wel: Kritieke beroepe – verwys na beroepe wat kritiek is vir dienslewering. Indien hierdie beroepe nie teenwoordig is in die Departement nie, sal die funksie/dienste in due stort. Die aantal gevulde poste sluit in 144 maatskaplikewerk-gegradeerde op kontrak wat hulle beursverpligtinge terugwerk.

### 3.3 Posevaluering

Posevaluering is ingestel as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde gelyke vergoeding ontvang. Binne 'n nasionaal-bepaalde raamwerk, word dit van uitvoerende owerhede verwag om elke nuwe pos in sy of haar organisasie te evalueer of herevalueer waar die posmandaat of inhoud beduidend verander het. Hierdie posevalueringsproses bepaal die gradering en salarisvlak van 'n pos. Posevaluering en Personeelprestasiebestuur verskil van mekaar in die opsig dat Posevaluering verwys na die waarde/gewig van die aktiwiteite wat met die pos geassosieer word en Personeelprestasiebestuur verwys na die beoordeling van 'n individu se prestasie.

Tabel 3.3.1 is 'n opsomming van die aantal poste wat in die verslagjaar geëvalueer is. Die tabel verskaf ook statistieke oor die aantal poste wat opgegradeer of afgegradeer is.

**Tabel 3.3.1: Posevaluering, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Salarisvlak	Aantal aktiewe poste soos op 31 Maart 2022	Aantal poste geëvalueer	% van poste geëvalueer	Poste Opgegradeer		Poste Afgegradeer	
				Aantal	Poste opgegradeer as 'n % van totale poste	Aantal	Poste afgegradeer as 'n % van totale poste
Laer geskoold (Vlakte 1-2)	39	-	-	-	-	-	-
Geskoold (Vlakte 3-5)	1 128	8	0.3	-	-	-	-
Hoogs geskoolde produksie (Vlakte 6-8)	1 090	-	-	-	-	-	-
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakte 9-12)	305	2	0.1	-	-	-	-
Senior Bestuur Diensband A (Vlak 13)	18	1	-	-	-	-	-
Senior Bestuur Diensband B (Vlak 14)	6	-	-	-	-	-	-
Senior Bestuur Diensband C (Vlak 15)	1	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>2 587</b>	<b>11</b>	<b>0.4</b>	-	-	-	-

Let wel: Die "Aantal poste geëvalueer" per salarisvlak weerspieël die Finale Goedgekeurde Posvlak na Posevaluering.

**Tabel 3.3.2: Profiel van werknekmers wie se salarisposisies opgegradeer is weens hul poste wat opgegradeer is, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Begunstigdes	Swart	Bruin	Indiërs	Wit	Totaal
Geen.					

Tabel 3.3.3 is 'n opsomming van die aantal gevalle waar salarisvlakke die graad oorskry wat deur posevaluering bepaal is of waar hoër kerwe aan werknekmers toegeken is binne 'n bepaalde salarisvlak. Elke salarisvlak bestaan uit 12 kerwe. Redes vir die afwyking word verskaf in elke geval.

**Tabel 3.3.3: Werknekmers aan wie hoër salarisste toegestaan is as wat deur posevaluering per hoofberoep bepaal is, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Hoofberoep	Aantal werknekmers	Posevalueringsvlak	Vergoeding op 'n hoër salarisvlak	Vergoeding op hoër kerf van dieselfde salarisvlak	Rede vir afwyking
Geen.					

**Tabel 3.3.4: Profiel van werknekmers aan wie hoër salarisste toegestaan is as wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Begunstigdes	Swart	Bruin	Indiërs	Wit	Totaal
Geen.					

### **3.4 Indiensnemingsveranderinge**

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indiensnemingsprofiel van die Departement gedurende die verslagjaar. Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming van omsetkoerse volgens salarisvlakke (Tabel 3.4.1) en volgens kritieke beroepe (Tabel 3.4.2). Hierdie afdeling sluit nie inligting ten opsigte van interns in nie.

**Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoers volgens salarisvlak, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Salarisvlak	Aantal werknekmers soos op 31 Maart 2021	Omsetkoers % 2020/21	Aanstellings in die Departement	Oorplasings na die Departement	Beëindigings uit die Departement	Oorplasings uit die Departement	Omsetkoers % 2021/22
Laer geskoold (Vlakte 1-2)	36	8.3	5	-	2	-	5.6
Geskoold (Vlakte 3-5)	1 093	5.0	92	3	41	7	4.4
Hoogs geskoolde produksie (Vlakte 6-8)	1 079	8.9	130	2	105	8	10.5
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakte 9-12)	267	7.3	7	3	41	1	15.7
Senior Bestuur Diensband A (Vlak 13)	17	11.1	-	1	-	1	5.9
Senior Bestuur Diensband B (Vlak 14)	5	-	-	-	-	-	-
Senior Bestuur Diensband C (Vlak 15)	1	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>2 498</b>	<b>7.0</b>	<b>234</b>	<b>9</b>	<b>189</b>	<b>17</b>	<b>8.2</b>
			<b>243</b>		<b>206</b>		

Let wel: "Oorplasings" verwys na sywaartse beweging van werknekmers van een Staatsdiensdepartement na 'n ander (beide Proviniaal en Nasionaal). Die omsetkoers word bepaal deur die totale uittrede as 'n persentasie van die basislyn te bereken (getal werknekmers soos op 31 Maart 2021). Die beëindigings sluit in die bedankings van 19 maatskaplikewerk-gegradeerde wat op 'n permanente basis heraangestel is in die Departement na 'n suksesvolle werwing- en keuringsproses vir maatskaplikewerk-poste in die Departement.

**Tabel 3.4.2: Jaarlikse omsetkoerse volgens kritieke beroepe, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Kritieke beroepe	Aantal werknekmers soos op 31 Maart 2021	Omsetkoers % 2020/21	Aanstellings in die Departement	Oorplasings na die Departement	Beëindigings uit die Departement	Oorplasings uit die Departement	Omsetkoers % 2021/22
Kinder- en Jeugsorgwerker	557	7.8	47	-	37	2	7.0
Onderwysbeampte	43	12.5	4	-	10	-	23.3
Maatskaplike werker	947	7.2	99	3	88	6	9.9
Staatsrekenmeester	39	2.9	3	-	2	-	5.1
Voorsieningskanaalbestuurspraktisyen	11	8.3	4	-	1	1	18.2
Professionele verpleegster	16	21.4	4	-	8	-	50.0
Arbeidsterapeut	9	18.2	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>1 622</b>	<b>7.7</b>	<b>161</b>	<b>3</b>	<b>146</b>	<b>9</b>	<b>9.6</b>
			<b>164</b>		<b>155</b>		

Let wel: "Oorplasings" verwys na die sywaartse beweging van werknekmers van een Staatsdiensdepartement na 'n ander (beide Proviniaal en Nasionaal). Die omsetkoers word bepaal deur die totale uittrede as 'n persentasie van die basislyn te bereken (getal werknekmers soos op 31 Maart 2021). Die bœindigings sluit in die bedankings van 19 maatskaplikewerk-gegradeerde wat op 'n permanente basis heraangestel is in die Departement na 'n suksesvolle werwing- en keuringsproses vir maatskaplikewerk-poste in die Departement.

**Tabel 3.4.3: Personeel wat die diens van die Departement verlaat, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Beëindigingskategorie	Getal	% van totale beëindigings	Aantal beëindigings as 'n % van totale getal werknelmers soos op 31 Maart 2021
Sterftes	14	6.8	0.6
Bedanking *	93	45.1	3.7
Verstryking van kontrak	12	5.8	0.5
Ontslag – operasionele veranderinge	-	-	-
Ontslag – wangedrag	9	4.4	0.4
Ontslag – ondoeltreffendheid	-	-	-
Verlating	2	1.0	0.1
Ontslag weens swak gesondheid	5	2.4	0.2
Aftrede**	54	26.2	2.2
Werknemer doen aansoek om skeidingspakket	-	-	-
Oorplasings na Statutere liggaam	-	-	-
Oorplasings na ander Staatsdiensdepartemente	13	6.3	0.5
Bevordering na 'n ander WKR Departement	4	1.9	0.2
<b>Totaal</b>	<b>206</b>	<b>100.0</b>	<b>8.2</b>

Let wel: Tabel 3.4.3 identifiseer die verskillende uittreeekategorieë vir daadie personeellede wat die diens van die Departement verlaat het.

\* Bedankings word verder bespreek in Tabelle 3.4.4 en 3.4.5.

\*\*Let daarop op dat die hoë getal aftredes die gevolg was van 'n interne proses vir vroeër aftrede van personeellede as 'n kostebesparende maatreël (soos voor voorsiening gemaak in die DPSA omsendbrief en riglyn oor vroë aftrede sonder strafbepaling, uitgereik op 25 Februarie 2019.)

**Tabel 3.4.4: Redes vir personeelbedankings, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

<b>Redes vir bedanking</b>	<b>Getal</b>	<b>% van totale bedankings</b>
Huidige Vergoeding	6	6,5
Huishoudelike probleme	1	1,1
Gesins/persoonlike omstandighede (b.v verplasing van eggenoot/lewensmaat)	4	4,3
Gebrek aan bevorderingsmoontlikhede	1	1,1
Behoefte aan loopbaanverandering	6	6,5
Geen rede verskaf	55	59,1
Ander beroep	13	14,0
Persoonlike griewe	1	1,1
Persoonlike gesondheid	3	3,2
Begin eie sakeonderneming	3	3,2
<b>Totaal</b>	<b>93</b>	<b>100,0</b>

**Tabel 3.4.5: Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Ouderdomsgroep	Getal	% van totale bedankings
Ouderdomme <19	-	-
Ouderdomme 20 tot 24	-	-
Ouderdomme 25 tot 29	17	18.3
Ouderdomme 30 tot 34	29	31.2
Ouderdomme 35 tot 39	14	15.1
Ouderdomme 40 tot 44	6	6.5
Ouderdomme 45 tot 49	11	11.8
Ouderdomme 50 tot 54	5	5.4
Ouderdomme 55 tot 59	4	4.3
Ouderdomme 60 tot 64	7	7.5
Ouderdomme 65 >	-	-
<b>Totaal</b>	<b>93</b>	<b>100.0</b>

**Tabel 3.4.6 Werknemers wat aansoek gedoen het om skeidingspakkette**

<b>Totale getal werknemer-gedrawe skeidingspakkette aangebied in 2021/22</b>	<b>Geen.</b>
--	--------------

**Tabel 3.4.7: Bevorderings volgens salarisvlak, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Salarisvlak	Aantal werknemers soos op 31 Maart 2021	Bevorderings na ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van totale getal werknemers	Vordering na volgende kerf binne 'n salarisvlak	Kerfvorderings as 'n % van totale getal werknemers
Laer geskoold (Vlakke 1-2)	36	-	-	-	-
Geskoold (Vlakke 3-5)	1 093	5	0.5	-	-
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	1 079	20	1.9	-	-
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	267	19	7.1	-	-
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	23	3	13.0	-	-
<b>Totaal</b>	<b>2 498</b>	<b>47</b>	<b>1.9</b>	-	-

Let wel: Bevorderings verwys na die totale getal werknemers wat gevorder het na 'n hoër posvlak binne die Department deur middel van 'n suksesvolle aansoek vir 'n geadverteerde pos, deur die werwings- en keuringsproses. Die inligting weerspieël die salarisvlak van 'n werknemer nadat hy/sy bevorder is. Werknemers wat nie in aanmerking kom vir kerfvorderings nie is nie ingesluit nie.

**Table 3.4.8: Bevorderings volgens kritieke beroepe, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Kritieke Beroep	Aantal werknemers soos op 31 Maart 2021	Bevorderings na 'n ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van totale werknemers in kritieke beroepe	Kerfforderings binne 'n kritieke beroep	Kerfforderings as 'n % van totale werknemers in kritieke beroepe
Kinder- en Jeugsorgwerker	557	5	0.9	-	-
Onderwysbeampte	43	-	-	-	-
Maatskaplike werker	947	18	1.9	-	-
Staatsrekenmeester	39	-	-	-	-
Voorsieningskanaalbestuurspraktisyn	11	1	9.1	-	-
Professionele verpleegster	16	-	-	-	-
Arbeidsterapeut	9	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>1 622</b>	<b>24</b>	<b>1.5</b>	<b>-</b>	<b>-</b>

Let wel: Bevorderings verwys na die totale getal werknemers wat gevorder het na 'n hoër posvlak binne die Department deur middel van 'n suksesvolle aansoek vir 'n geadverteerde pos, deur die wervings- en keuringsproses. Die inligting weerspieël die salarisvlak van 'n werknemer nadat hy/sy bevorder is. Werknemers wat nie in aanmerking kom vir kerfforderingsnie is nie ingesluit nie.

### 3.5 Diensbillikheid

Tabel 3.5.1: Totale getal werknemers (insluitende werknemers met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2022

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelanders		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Top bestuur (Vlake 15-16)	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	1
Senior bestuur (Vlake 13-14)	2	5	-	4	-	8	1	4	-	-	24
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlake 9-12)	34	72	1	6	51	158	2	37	-	1	362
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlake 6-8)	137	175	1	17	320	492	5	42	1	1	1 191
Semi-vaardige en diskresionêre besluitneming (Vlake 3-5)	169	282	1	7	154	299	1	12	-	-	925
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlake 1-2)	6	9	-	-	9	10	-	-	-	-	34
<b>Totaal</b>	<b>348</b>	<b>543</b>	<b>3</b>	<b>35</b>	<b>534</b>	<b>967</b>	<b>9</b>	<b>95</b>	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>2 537</b>
Tydelike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Groottotaal</b>	<b>348</b>	<b>543</b>	<b>3</b>	<b>35</b>	<b>534</b>	<b>967</b>	<b>9</b>	<b>95</b>	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>2 537</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Die syfers weerspieël per beroepsvlak alle permanente, deeltydse en kontrakwerknemers, maar uitsluitende interns. Voorts, word die inligting aangebied volgens salarisvlak en nie volgens posvlak nie. Die getal gevulde poste sluit in 144 maatskaplikewerk-gegradueerde op kontrak wat hulle beursverpligtinge terugwerk.

Verwys na Tabel 3.5.2 vir die getal werknemers met gestremdhede.

**Tabel 3.5.2: Totale getal werknelmers (slegs dié met gestremdhede) in elke van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2022**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelanders		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Top bestuur (Vlakte 15-16)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur (Vlakte 13-14)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakte 9-12)	2	1	-	1	2	2	-	-	-	-	8
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlakte 6-8)	1	2	-	2	-	5	-	1	-	-	11
Semi-vaardige en diskresionêre besluitneming (Vlakte 3-5)	2	1	-	1	-	2	-	-	-	-	6
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlakte 1-2)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>5</b>	<b>4</b>	-	<b>4</b>	<b>2</b>	<b>9</b>	-	<b>1</b>	-	-	<b>25</b>
Tydelike werknelmers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Groottotaal</b>	<b>5</b>	<b>4</b>	-	<b>4</b>	<b>2</b>	<b>9</b>	-	<b>1</b>	-	-	<b>25</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Die syfers weerspieël per beroepsvlak alle permanente, deeltydse en kontrakwerknelmers, maar uitsluitende interns. Voorts, word die inligting aangebied volgens salarisvlak en nie volgens posvlak nie.

**Tabel 3.5.3: Werwing, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelanders		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Top bestuur (Vlakte 15-16)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur (Vlakte 13-14)	-	-	-	-	-	-	1	-	-	-	1
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakte 9-12)	2	2	-	-	2	1	-	3	-	-	10
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlakte 6-8)	16	11	-	3	48	46	1	5	1	1	132
Semi-vaardige en diskresionêre besluitneming (Vlakte 3-5)	12	30	-	2	16	33	1	1	-	-	95
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlakte 1-2)	-	2	-	-	2	1	-	-	-	-	5
<b>Totaal</b>	<b>30</b>	<b>45</b>	<b>-</b>	<b>5</b>	<b>68</b>	<b>81</b>	<b>3</b>	<b>9</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>243</b>
Tydelike werknelmers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Groottotaal</b>	<b>30</b>	<b>45</b>	<b>-</b>	<b>5</b>	<b>68</b>	<b>81</b>	<b>3</b>	<b>9</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>243</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Werwing verwys na die aanstelling van nuwe werknelmers op die personeelstaat van die Departement, maar sluit interns uit. Die totale sluit in oorplasings van ander staatsdepartemente en/of instellings, soos in Tabel 3.4.1 aangetoon word.

**Tabel 3.5.4: Bevorderings, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelanders		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Top bestuur (Vlakte 15-16)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur (Vlakte 13-14)	-	-	-	1	-	1	-	1	-	-	3
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakte 9-12)	-	3	1	1	-	10	-	3	-	1	19
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlakte 6-8)	1	5	-	1	5	8	-	-	-	-	20
Semi-vaardige en diskresionêre besluitneming (Vlakte 3-5)	2	-	-	-	-	3	-	-	-	-	5
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlakte 1-2)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>3</b>	<b>8</b>	<b>1</b>	<b>3</b>	<b>5</b>	<b>22</b>	<b>-</b>	<b>4</b>	<b>-</b>	<b>1</b>	<b>47</b>
Tydelike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Groot totaal</b>	<b>3</b>	<b>8</b>	<b>1</b>	<b>3</b>	<b>5</b>	<b>22</b>	<b>-</b>	<b>4</b>	<b>-</b>	<b>1</b>	<b>47</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Bevorderings verwys na die totale getal werknemers wat na 'n hoër posvlak gevorder het in die Departement, deur 'n suksesvolle aansoek vir 'n geadverteerde pos deur die werwing en keuringsproses soos in Tabel 3.4.7.

**Tabel 3.5.5: Beëindigings, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelanders		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Top bestuur (Vlakte 15-16)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur (Vlakte 13-14)	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	1
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakte 9-12)	2	11	-	1	5	21	-	2	-	-	42
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlakte 6-8)	17	13	-	-	29	48	-	6	-	-	113
Semi-vaardige en diskresionêre besluitneming (Vlakte 3-5)	12	21	-	-	4	11	-	-	-	-	48
Ongeskoolde en omskrewe besluitneming (Vlakte 1-2)	-	-	-	-	2	-	-	-	-	-	2
<b>Totaal</b>	<b>31</b>	<b>46</b>	-	<b>1</b>	<b>40</b>	<b>80</b>	-	<b>8</b>	-	-	<b>206</b>
Tydelike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Groot totaal</b>	<b>31</b>	<b>46</b>	-	<b>1</b>	<b>40</b>	<b>80</b>	-	<b>8</b>	-	-	<b>206</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Beëindigings verwys na daardie werknemers (uitsluitend interns) wat die diens van die Departement verlaat het, insluitend oorplasing na ander departemente, soos volgens Tabel 3.4.1. Die beëindigings sluit in die bedanking van 19 maatskaplikewerk-gegradeerde wat heraangestel is op 'n permanente grondslag na suksesvolle aansoeke (deur die werwings en keuringsproses ) vir maatskaplikewerk-poste in die Departement.

**Tabel 3.5.6: Dissiplinêre optredes, 1 April 2021 tot 31 Maart 2022**

Dissiplinêre optredes	Manlik				Vroulik				Buitelanders		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Drostery/Afwezigheid	-	2	-	-	-	-	-	-	-	-	<b>2</b>
Ontslag	2	4	-	-	1	2	-	-	-	-	<b>9</b>
Onskuldig	-	1	-	-	-	1	-	-	-	-	<b>2</b>
Skorsing sonder betaling tesame met finale geskrewe waarskuwing	2	-	-	-	-	2	-	-	-	-	<b>4</b>
<b>Totaal</b>	<b>4</b>	<b>7</b>	-	-	<b>1</b>	<b>5</b>	-	-	-	-	<b>17</b>
Tydelike werknelmers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Groottotaal</b>	<b>4</b>	<b>7</b>	-	-	<b>1</b>	<b>5</b>	-	-	-	-	<b>17</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

